

'n Praktiese teologiese ondersoek na kontemporêre jeugkultuur en depressie in tienerdogters

deur

Rykie Isabelle Howell

*Tesis ingehandig ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes
vir die graad van Magister in Praktiese Teologie, Geslag en
Gesondheid in die Fakulteit van Teologie aan die Universiteit
van Stellenbosch*



Studieleier: Dr. Shantelle Weber

Desember 2017

VERKLARING

Deur hierdie tesis/proefskrif elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die alleenouteur daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en publikasie daarvan deur die Universiteit van Stellenbosch nie derdepartyregte sal skend nie en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Handtekening:

Datum: Desember 2017

ABSTRAK

Hierdie navorsingstudie fokus op die invloed van kontemporêre jeugkultuur op depressie onder tienermeisies. 'n Praktiese teologiese ondersoek is gedoen, spesifiek in die veld van jeugbediening. 'n Teoretiese ondersoek na depressie onder tienermeisies en die verskeie invloede wat daarop 'n rol kan speel, is gedoen. Daar is spesifiek gekyk na die tienermeisies van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Waterkloof nadat die waarneming gemaak is dat baie van dié dogters aan depressie ly en dit ook deur van die ouers bevestig is. Die studie is aan die hand van die vier praktiese teologiese take wat deur Osmer (2008) voorgestel is, uitgevoer. Hierdie take is: Wat gebeur? Hoekom gebeur dit? Wat is veronderstel om te gebeur? Hoe kan daar gereageer word?

In die studie is daar spesifiek gekyk na herhalende depressiewe episodes en *Major Depressive Disorders*. Simptome van depressie onder tieners is nagevors. Daar word breedvoerig uitgebrei oor die verskeie invloede op depressie onder tieners, naamlik deur huislike omstandighede, skool, Internet en kontemporêre jeugkultuur. Die positiewe en negatiewe bydraes wat spiritualiteit, godsdiens en geloof tot depressiewe tieners kan maak, word bespreek.

Die studie het die ondersoek vernou deur net op tienermeisies te fokus nadat daar gevind is dat meer tienermeisies as tienerseuns aan depressie ly. Daar is gevind dat tienermeisies waarde put uit 'n persoonlike verhouding met God en dat dit simptome van depressie kan verlaag. Die voorstel word gemaak dat jeugbediening depressiewe tienermeisies moet bemagtig om hulle Christelike spiritualiteit deel van hulle alledaagse lewe te maak; om dit te kan beleef en om dit uit te leef.

Denise Ackermann se feministiese teologie van praxis, Legge se ervaringsteologie, Scrutton se teologie van transformasie, Van der Walt se feministiese en Afrika-hermeneutiese lees van Bybeltekste en Dreyer se pastorale leiding word in gesprek gebring met jeugbediening om metodes te ontwikkel en ruimtes te skep waar depressiewe tienermeisies die geleentheid kan kry om hulle ervarings te deel, uit ander se ervarings te leer, God as liefdevol en as Verlosser – eerder as kwaai en vol

haat – te ervaar en om die Bybel as bron te gebruik om met karakters wat ook lyding ervaar het, te kan assosieer.

Daar word voorgestel dat jeugbediening in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, spesifiek die Nederduitse Gereformeerde Kerk Waterkloof, erns sal maak met die invloed van kontemporêre jeugkultuur op depressie onder tienermeisies; dat die jeugbediening in die Nederduitse Gereformeerde Kerk Waterkloof die tienermeisies se konteks in ag sal neem asook die uitwerking van hulle konteks op hulle gemoedstoestand en dat die jeugleeraar ruimtes sal skep waar praktiese teologie saam met 'n feministiese teologie van praxis depressiewe tienermeisies kan bystaan.

ABSTRACT

This research study focused on the influence of contemporary youth culture on depression under teenage girls. A practical theological investigation was done specifically in the field of youth ministry. A theoretical investigation was made into depression under teenage girls and the various influences that can play a roll. In particular, the teenage girls of the Dutch Reformed Church Waterkloof was looked into after the observation was made that many of these girls suffer from depression and this also had been confirmed by some of the parents. The study was done according to the four practical theological tasks that Osmer (2008) proposed. The tasks are: What is going on? Why is it going on? What is supposed to be happening? How can there be reacted?

The study specifically looked into recurrent depressive disorders and Major Depressive Disorders. Symptoms of depression under teenagers was researched. There was extensively expanded on the various influences on teenage depression, such as home circumstances, school, the Internet, subcultures and contemporary youth culture. The positive and negative contributions that spirituality, religion and faith can make to depressed teenagers were discussed.

The study then narrowed the investigation by focussing only on teenage girls with depression since it was found that more teenage girls than teenage boys suffer from depression. It was found that depressed teenage girls derives value from a personal relationship with God and that this can decrease symptoms of depression. The proposal is made that youth ministry must empower depressed teenage girls to make their Christian spirituality part of their daily lives; to experience it and live it.

Denise Ackermann's feminist theology of praxis, Legge's theology of experience, Scrutton's theology of transformation, Van der Walt's feminist and African-hermeneutical read of Bible texts and Dreyer's pastoral guidance is brought into conversation with youth ministry to develop methods whereby and to create spaces where depressed teenage girls can have the opportunity to share their experiences, learn from others' experiences, experience God as Love and as Saviour – rather than

as angry and hateful – and to use the Bible as source so as to associate with characters who had also experienced suffering.

It is proposed that youth ministry in the Dutch Reformed Church, specifically the Dutch Reformed Church Waterkloof, must take the influence that popular youth culture has on depressed teenage girls seriously; that the youth ministry in Dutch Reformed Church Waterkloof must be aware of the context of teenage girls and the effect the context has on their moods; and that the youth leader should create spaces where practical theology together with the feminist theology of praxis can assist depressed teenage girls.

ERKENNINGS

Aan die Kerk van Swede wil ek in besonder baie dankie sê vir die geleentheid om te kon deel hê aan die Geslag- en Gesondheidkursus. Dit het my horisonne verbreed en ek is dankbaar dat ek daaraan kon deel hê.

Dr. Charlene van der Walt, baie dankie vir al jou moeite met en organisering van die kursus. Dankie vir die passie waarmee jy die kursus aangebied het en die verskeie wêrelde waaraan jy ons blootgestel het. Ek sal jou altyd dankbaar wees.

Dr. Shantelle Weber, baie dankie vir dr. se belangstelling en motivering. Dankie vir al die Skype-sessies en al die hulp. Ek waardeer dit baie.

Aan my gemeente, NGK Waterkloof, dankie vir die geleentheid om verder te studeer.

Aan die jeug van Waterkloof, dankie dat julle so goed is vir my en altyd my gemoed lig. Julle het my navorsing geïnspireer.

Aan my man, Dawie Marx, baie dankie vir jou volgehoue ondersteuning, dat jy my aanhou motiveer het en in my bly glo het.

Aan God alleen die eer!

Soli Deo Gloria!

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1	1
1.1 INLEIDING EN STUDIE	1
1.2 AGTERGROND EN MOTIVERING	1
1.2.1 Definiëring van depressie	1
1.2.2 Die kerk se bediening van die jeug	3
1.3 NAVORSINGSPROBLEEM	Error! Bookmark not defined.
1.3.1 Spiritualiteit, godsdiens en geloofsformasie.....	5
1.3.2 Tienermeisies se geneigdheid tot depressie.....	7
1.3.3 Premodernisme, Modernisme en Postmodernisme	8
1.3.4 Millennials en die Media	10
1.4 NAVORSINGSPROBLEEM	12
1.5 TEOLOGIESE RAAMWERK	13
1.6 NAVORSINGSDOELWITTE.....	15
1.7 METODOLOGIE.....	17
1.8 BEPERKINGS VAN DIE STUDIE.....	20
1.9 SLEUTELWOORDE EN ONDERSKEIDING VAN TERME	20
1.10 STRUKTUUR	22
1.11 SLOT	23
HOOFSTUK 2	24
2.1 INLEIDING	24
2.2 KONTEMPORÊRE JEUGKULTUUR	25
2.2.1 'n Kontekstuele verstaan	25
2.2.2 Kontemporêre jeugkultuur: Media.....	26
2.3 DIE <i>MILLENNIAL</i> -GENERASIE	28
2.3.1 Karaktereïenskappe van <i>millennials</i>	28
2.3.2 Die sosiale sfeer van <i>millennials</i>	31
2.4 VROUENS EN LIGGAAMSBEELDE	32

2.5	GESLAG EN DEPRESSIE TYDENS ADOLESSENSIE	35
2.6	OMGEWINGSFAKTORE WAT 'N ROL IN DEPRESSIE SPEEL	37
	2.6.1 Huislike omstandighede.....	37
	2.6.2 Skoolomgewing	38
	2.6.3 Internet	40
2.7	DEPRESSIE TYDENS TIENERJARE	41
	2.7.1 Depressie en tienermeisies	41
	2.7.2 Suid-Afrikaanse statistiek	42
2.8	DEPRESSIE IN VERHOUDING TOT ANDER SINDROME	43
2.9	SLOT	44
	HOOFSTUK 3	46
3.1	INLEIDING	46
3.2	DEPRESSIE, GELOOF EN SPIRITUALITEIT.....	47
	3.2.1 Depressiewe adolessente, geloof en sielkunde.....	47
	3.2.2 Geloof en spiritualiteit in verhouding met sielkunde en psigiatrie	48
3.3	SPIRITUALITEIT, GODSDIENS EN GELOOF GEDEFINIEER.....	52
3.4	DIE POSITIEWE EN NEGATIEWE GEVOLGE VAN GELOOF OP TIENERMEISIES MET DEPRESSIE.....	53
	3.4.1 Godsdienstige meganismes wat kwesbaarheid tot depressie kan verlaag	55
	3.4.2 Godsdienshantering ten opsigte van depressie.....	56
	3.4.3 Gehegtheid aan God	57
3.5	DEPRESSIE EN DIE INVLOED VAN SPIRITUALITEIT OP TIENERMEISIES .	61
	3.5.1 Depressiewe tienermeisies en verhoudingspiritualiteit	61
	3.5.2 Geslagsverskille en depressie onder tieners	64
3.6	EFFEKTIEWE JEUGBEDIENING	66
3.7	DIE VORMING VAN CHRISTELIKE IDENTITEIT DEUR WAARDES	68
3.8	DIE ROL VAN DIE NG KERK BY DIE VORMING VAN CHRISTELIKE IDENTITEIT.....	70
3.9	SLOT	71
	HOOFSTUK 4	73
4.1	INLEIDING	73

4.2	POSTMODERNISME EN JEUGBEDIENING.....	73
4.3	'N FEMINISTIESE AANSLAG OP VERSKEIE VROULIKE STEREOTIPES DEUR ERVARINGS EN LEWENSTORIES TE DEEL.....	77
4.3.1	Tienermeisies se selfbeeld	77
4.3.2	Verlossing vir depressiewe meisies.....	78
4.4	'N GOEIE GODSBEELD AS HULP VIR DEPRESSIE.....	80
4.4.1	Godsbeelde en metaforiese teologie	81
4.4.2	Persoonlike aanvaarding en Godsbeelde onder die vroulike geslag ...	82
4.5	'N FEMINISTIESE TEOLOGIE VAN PRAXIS	83
4.6	FEMINISTIESE TEOLOGIE EN ERVARING AS HULPBRON VIR DEPRESSIE BINNE 'N GEMEENSKAP VAN GELOWIGES.....	85
4.6.1	Ervaring en die vertel van stories	85
4.6.2	Bevryding van onderdrukte tienermeisies in NGK Waterkloof	86
4.7	POTENSIËLE TRANSFORMASIE	89
4.7.1	Christen reaksies op depressie	89
4.7.2	Henri Nouwen se teologie van die hart.....	90
4.7.3	Scrutton se transformasie van die teologie van die hart.....	92
4.8	DIE BYBEL GELEES VANUIT 'N FEMINISTIESE OOGPUNT AS HULPMIDDEL VIR TIENERMEISIES MET DEPRESSIE.....	94
4.8.1	'n Feministiese en Afrika-hermeneutiese lees van Bybeltekste	94
4.8.2	Die belangrikheid van ervaring in jeugbediening	95
4.9	PASTORALE LEIDING VIR TIENERMEISIES WAT LY AAN DEPRESSIE	96
4.9.1	Ervaring deur stories in die pastoraat.....	96
4.9.2	Die narratief as transformerende potensiaal.....	97
4.9.3	Erkenning van die paradoks	99
4.10	SLOT.....	100
	HOOFSTUK 5	101
5.1	INLEIDING	101
5.2	HERSIENING VAN DIE STUDIE EN BEVINDINGE.....	101
5.3	DIE STUDIE TOT BETREKKING MET VORIGE NAVORSING	103

5.4 IMPLIKASIES VAN DIE BEVINDINGE.....	104
5.5 AANBEVELINGS.....	106
5.6 SLOT.....	107
BRONNELYS.....	110

HOOFSTUK 1

1.1 INLEIDING EN STUDIE

Waterkloof is 'n voorstad in die ooste van Pretoria, Gauteng. Dit is 'n baie gewilde blyplek onder Afrikaners. Tydens die apartheidsjare was dit bekend as 'n omgewing waar baie Afrikanerstaatsamptenare gebly het. Die outeur is 'n predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) in Waterkloof. Meeste van die gemeentelede is woonagtig in Waterkloof, Waterkloofrif en Nieuw Muckleneuk, (NGK Waterkloof 2013), wat gesien word as gesogte areas in Pretoria.

As predikant in die NGK Waterkloof, spesifiek met die fokus op jeug, is daar deur die outeur gevind dat baie van die tieners in die gemeente van die NGK in Waterkloof met die geestesgesondheidsprobleem depressie sukkel. Dit is bevestig in verskeie gesprekke met ouers van die jeug. Daar is te wete gekom dat dit 'n groot probleem is wat tienermeisies in die NGK Waterkloof in die gesig staar. Dit is die outeur se mening dat die voorkoms van depressie verband hou met die druk wat tienerdogters ervaar wanneer hulle binne 'n kontemporêre jeugkultuur leef. Dit is om hierdie rede dat die fokus van hierdie navorsing oor die impak van kontemporêre jeugkultuur op die geestesgesondheidstoestand van tienermeisies, spesifiek op depressie, gefokus is.

1.2 AGTERGROND EN MOTIVERING

1.2.1 Definiëring van depressie

Die WGO (2016) klassifiseer 'n depressieaanval as lig, matig of ernstig afhangende van die hoeveelheid simptome wat ervaar word en die erns van elke episode. Individue wat 'n ligte depressieaanval beleef, sal sukkel om effektief aan te gaan met hulle daaglikse werk en sosiale aktiwiteite, maar sal waarskynlik nie heeltemal ophou funksioneer nie. Tydens 'n ernstige depressieaanval sal die depressielyer nouliks in staat wees om aan te gaan met sosialisering en werk, behalwe tot 'n baie beperkte mate. Dit het onder die jeugpredikant van NGK Waterkloof, R.I. Howell, se aandag gekom dat baie tieners, veral meisies, in NGK Waterkloof neigings tot depressie het. Tydens 'n onlangse gesprekke (N.G.K Waterkloof Jeugdientse 2015-2017) met die gemeente se belydenisklas het die meisies getuig dat byna alle meisies in hulle skole (Afrikaans Hoër Meisieskool Pretoria en Die Hoërskool Menlopark) met depressie

sukkel of depressiewe neigings toon. Volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) se webwerf (WGO 2016), is depressie 'n algemene geestesversteuring met die volgende eienskappe: hartseer, verlies aan belangstelling en vreugde, skuldgevoelens, lae selfbeeld, versteurde slaap- en aptytpatrone, 'n gevoel van moegheid en swak konsentrasie. Dit kan langdurig of herhalend wees en kan daarom 'n persoon se vermoë om ten volle te kan funksioneer by die werk of by die skool benadeel en hom of haar verhoed om die daaglikse lewe te hanteer. Op sy ergste kan depressie lei tot selfdood. Ligte depressie kan sonder medisyne behandel word, maar wanneer dit matig of ernstig is, het depressielyers mediese hulp nodig. Depressie ontwikkel gewoonlik op 'n jong ouderdom. Gewoonlik affekteer dit meer vroues as mans (WGO 2016). Hierdie studie fokus op matige depressie wat sonder medikasie behandelbaar is. Die studie neem in ag dat depressie 'n ernstige geestesgesondheidsversteuring is en is daarom sensitief vir die manier waarop dit hanteer word.

Depressie is die grootste oorsaak van ongesteldheid regoor die wêreld (WGO 2016). Volgens die WGO ly meer as 300 miljoen mense aan depressie. Tussen 2005 en 2015 het die syfer met 18% verhoog (ibid). Depressie verskil van neerslagtigheid en emosionele uitbarstings wat van tyd tot tyd ervaar word. Matige depressie kan sonder medikasie behandel word. In die geval van matige depressie tydens adolessensie moet medikasie as laaste opsie vir behandeling oorweeg word (WGO 2016).

Depressie kan volgens die WGO in twee kategorieë val: herhalende depressiewe versteurings en bipolêre versteuring (WGO 2016). Hauenstein (2003:239), verwys na nog 'n kategorie van depressie, naamlik *Major Depressive Disorder* (MDD). Hierdie studie sal deurlopend van die afkorting MDD gebruikmaak. Hierdie studie sal nie op bipolêre depressie, wat met medikasie behandelbaar is nie, fokus nie omdat dit buite die veld van die vakgebied val.

Herhalende depressiewe versteuring: “Hierdie versteuring behels herhalende depressiewe episodes. Tydens hierdie episodes ervaar die persoon 'n depressiewe bui, verlies aan belangstelling en genot, en min energie wat lei tot verminderde aktiwiteite vir minstens twee weke. Baie mense met depressie ly ook aan angs” (WGO 2016).

Major Depressive Disorder (MDD): Dit is die mees algemene depressiewe versteuring tydens adolessensie (Hauenstein 2003:239). MDD word geïdentifiseer wanneer iemand aaneenlopend vir twee of meer weke lank depressiewe buie ervaar of die gebrek aan plesier ervaar tydens aktiwiteite en as dit vergesel word van vyf of meer simptome soos verandering in eetlus, slaap, of gewig, verlaging in libido, verswakte konsentrasie, 'n gevoel van waardeloosheid en in erge gevalle, selfdoodneigings (Hauenstein 2003:239). *Major Depressive Disorder* (MDD), ontstaan meestal tydens vroeë en middel adolessensie (ibid.).

Vir die doel van hierdie studie sal slegs herhalende depressiewe versteurings en *Major Depressive Disorders* ondersoek word. Hierdie twee kategorieë van depressie is baie nou verwant aan mekaar en kan meestal sonder medikasie behandel word;

1.3 NAVORSINGSPROBLEEM

1.3.1 Die wyse waarop jeugbediening beoefen word, raak al hoe meer van belang – veral vir jeugpredikante in Suid-Afrika. Jeugpredikante benodig teologiese werk wat rigting en leiding gee om 'n weg te vind om tieners in 'n verhouding met God te bring (Weber 2014:26). Jeugbediening beteken om te reageer op die tieners wat God aan hulle toevertrou het op maniere wat hulle kan verstaan. Die potensiaal van jeugbediening lê daarin opgesluit om op 'n nuwe manier oor die kerk te dink: 'n kerk waar God jongmense roep om deel te wees van die kerk en ook daarin deel te neem (Dean 2010:21-35). Jeugbediening skep ruimtes waar tieners God kan ontdek binne die soeke na hulleself (Weber 2014:26).

Zander van der Westhuizen (Nel en Van der Westhuizen 2015:6), predikant in die NGK, stel in die boek, *Skokkend Positief*, dat die enigste manier waarop die kerk die jeug kan bedien, is om hulle realiteit, konteks en verwagtings van die kerk te ondersoek en om sodoende meer duidelikheid te kry oor hulle behoeftes en wat hulle van die kerk verlang. Thinus van Staden (Van Staden in Nel en Van der Westhuizen 2015:13), predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Afrika, wys daarop dat kerke in Suid-Afrika tot dusver navorsing van ander lande gebruik het vir die nodige inligting en statistiek oor die jeug. In *Skokkend Positief* (2015) word dit bevestig dat plaaslike inligting oor die jeug baie skaars is. Daar het al drie dekades verloop sedert

daar navorsing gedoen is deur die kerk oor die jeug, veral onder Afrikaners (Nel en Van der Westhuizen 2015: 32).

In die NG Kerk is daar vir jare lank gedink dat kategese wat aan tieners gebied word gelykstaande aan geloofsvorming is. Oor die jare is die inhoud van kategese verander van kennis en 'n teologiese fondasie tot 'n meer verhoudingsgeoriënteerde fokus (Nel 2001:9). Hierdie studie sal poog om leemtes wat jeugbediening in die NG Kerk betref aan te spreek aangaande geloofsvorming van tienermeisies wat aan depressie ly.

Geloofsvorming onder tieners is nie net die werk van die kerk nie; ouers se rolle in hulle kinders se geloofsvorming is volgens Ohlhoff (in Nel en Van der Westhuizen 2015: 78) ook baie belangrik. Hierdie studie sal ook kyk na die rol van ouers in tieners se lewens, veral in die lewens van tienermeisies met depressie. Jeugbediening in die NG Kerk is ook op 'n punt waar daar besef word dat kategese nie genoegsaam is vir die geloofsvorming van tieners nie. Die rolle van mentorskap, dissipelskap en huisgodsdienste speel volgens Ohlhoff (ibid.) alles 'n intrinsieke rol in die vorming van die jeug se geloof.

Wanneer elemente soos mentorskap, dissipelskap en huisgodsdienste binne jeugbediening geïmplementeer word, kan dit moontlik as hulpmiddele vir depressiewe tienermeisies dien. Hierdie elemente maak deure oop vir die bou van verhoudings met depressiewe tienerdogters en skep ruimte vir saamgesels oor die depressiewe emosies wat hulle ervaar. Die NG Kerk sal opnuut moet dink oor hoe geloofsvorming onder tieners moet plaasvind (Ohlhoff in Nel en Van der Westhuizen 2015:79) en in die geval van hierdie studie is dit gerig op tienermeisies met depressie. Wanneer daar gepraat word oor geloofsvorming onder depressiewe tienermeisies moet die lewensfase waarin die meisies is ook in ag geneem word. Identiteitsontwikkeling vind plaas tydens adolessensie. Jeugbediening moet juis gedurende hierdie tyd 'n sterk rol in tieners se lewens speel sodat hulle hulle identiteit op die basis van hulle Christelike geloof kan ontwikkel (ibid.:79).

Ohlhoff (in Nel en Van der Westhuizen 2015:79) stel dat daar 'n bekommernis is dat baie jeugpredikante meer daarop fokus om aan te pas by die populêre jeugkultuur van tieners eerder as om vir hulle goeie teologie te leer wat vir hulle van waarde kan wees tydens hierdie adolessente ontwikkelingsfase waarin hulle is. Gemeentes moet die jeug intrinsiek deel van die spesifieke geloofsgemeenskap maak. Daar moet erns

gemaak word met tieners en hulle geloofsvorming en die hele gemeente moet help om daardie rol te vervul.

Dit is belangrik dat die spesifieke konteks en kultuur van gemeentes ook in ag geneem word, want dit bepaal hoe gemeentes hulle jeug gaan bedien. Generiese materiaal is nie 'n goeie oplossing wanneer dit by effektiewe jeugbediening kom nie. In die geval van hierdie studie word die konteks van NGK Waterkloof gebruik. Dit is belangrik om in ag te neem dat hierdie gemeente uit 'n hoër inkomstegroep bestaan. Daar is geweldige druk op tieners om te presteer. Die druk is veral op meisies wat meermale hulleself ook moet bewys as seuns se eweknieë. Ouers in die gemeente van Waterkloof is baie besig met hoëdrukberoepe. Baie tieners het 'n oppasser wat hulle skool toe neem en gaan haal en in die middag rondry vir sport en help met huiswerk. Daar sal opnuut gekyk moet word na watter rol die ouers in NGK Waterkloof in die geloofsvorming van hulle tieners kan speel en hoe om ouers betrokke te kry om ook die erns van hulle rol in hulle tiener se lewe te besef.

1.3.2 Spiritualiteit, godsdiens en geloofsformasie

In die artikel, *Meaning, Purpose and Religiosity in At-Risk Youth: The Relationship between Anxiety and Spirituality*, beskryf Davis et al. (2003:358) navorsing oor die verhouding tussen geestelike welstand en angs by risiko-adolescente. Angs is 'n simptoom van depressie. Die studie het bestaan uit 45 vroulike en manlike hoërskoolstudente. Davis et al. (2003:358) definieer risiko-adolescente as jong meisies en seuns tussen die ouderdom van 13 en 19 jaar oud wat swak skoolwerk lewer, eienskappe van 'n lae selfbeeld het, 'n geneigdheid tot risikogedrag toon, wat blootgestel word aan modelle vir afwykende gedrag of wat deel uitmaak van minderhede. In hierdie spesifieke studie sal daar meer uitgebrei word oor 'n lae selfbeeld, die blootstelling aan modelle vir afwykende gedrag en om in die minderheid te wees.

Spiritualiteit en geloof gee betekenis aan en 'n doel vir die lewe van adolessente (Werner 1984 n.d.). Spiritualiteit en geloof help om die verloop van dinge in die lewe te interpreteer (Petersen en Roy 1985:5). Spiritualiteit kan gedefinieer word as die vermoë om doel en betekenis buite jou eie en die onmiddellike omstandighede te vind

(Miller en Martin 1988:200). Dit word beskryf as die erkenning van 'n transendente wese, krag of werklikheid groter as die mens self. In die Christelike spiritualiteit is die transendente wese God (ibid). Die Christelike geloof erken God as die groot krag in die hele kosmos. God word gesien as versorger en voorsiener en in Hom vind Christene betekenis vir die lewe. Vir die doel van die studie sal daar van Miller en Martin (1988:200) se definisie van spiritualiteit gebruik gemaak word omdat dit beter as ander definisies met godsdiensverband hou.

Godsdiens verbind getrouheid aan 'n bepaalde stelsel van geloof en aanbidding (Davis et al. 2003:358). Godsdienste beskik gewoonlik oor doktrines en is 'n gemeenskap van mense met dieselfde geloof in God. Godsdiens verskaf 'n struktuur waarbinne spiritualiteit ervaar kan word (ibid.). In NGK Waterkloof word godsdiens vir die tieners aangebied in die vorm van kerkbyeenkomste Sondagaande asook Bybelstudiegroepe.

Die verskillende betekenis van godsdiens bepaal hoe mens God sien en dit het 'n invloed op godsdiens en spiritualiteit. Sodanige betekenis kan 'n simptome van depressie soos angs verbeter of vererger. As God byvoorbeeld gesien word as 'n kwaai God wat mense straf as hulle sondig, kan persone swakker geestelike gesondheid ervaar (Clay 1996:1). Wanneer God egter gesien word as iemand wat lief is vir sy kinders en vir hulle omgee, kan minder depressiewe simptome ervaar word.

Godsdiens en die manier hoe dit geïnterpreteer word, het 'n groot invloed op die lewe van individue, hetsy positief of negatief (Clay 1996:1). Hierdie studie sal ondersoek of die Christelike godsdiens 'n positiewe invloed kan hê op die geestesgesondheid van tienermeisies in NGK Waterkloof. Dit sal verder poog om te verstaan hoe tienermeisies beïnvloed word deur populêre jeugkultuur en hoe die NGK Waterkloof hulp en ondersteuning aan die meisies kan bied. Gelowige tieners glo dat hulle 'n toekoms het in en deur hulle geloof, hulle is meer positief as ander en voel dat hulle 'n doel in die wêreld het (Davis et al. 2003: 363). Werner (1984 n.d.), vind dat godsdiens onder kinders gebruik word om vir hulle betekenis en 'n doel in die lewe te gee. Brightman (1994:10) bevind in sy studie oor Amerikaanse tieners dat 53% van tieners bevestig het dat geloof 'n baie belangrike rol in hulle lewens speel.

In die boek, *Skokkend Positief* (Nel en Van der Westhuizen 2015: 71) word geloofsformasie gedefinieer as "n Intensionele proses waar gelowiges gelei word om

in hulle verhouding met God te groei en konstante veranderinge in hulle lewe te ondergaan. Dit sluit die ontwikkeling van 'n gelowige se identiteit en roeping in Christus in. Godsdienstformasie is die deelname aan God se genadewerk in die gelowige se lewe." Die kerk het twee rolle wanneer daar gepraat word oor godsdienstformasie. Eerstens moet formele ruimtes geskep word waar geloof kan ontwikkel, groei en uitgedaag word. Tweedens moet volwasse lidmate 'n voorbeeld vir die jeug wees (Nel en Van der Westhuizen 2015: 45).

1.3.2 Tienermeisies se geneigdheid tot depressie

Tydens adolessensie vind daar baie sielkundige veranderinge plaas by tieners. Een van hierdie veranderinge is die toename van depressie onder sommige tieners (Calles 2007:244). In menige studies is daar gevind dat depressie onder tienermeisies baie meer is as onder tienerseuns (Kandel en Davies 1982; Kashani et al. 1987; Kendler et al. 1992; Lewinsohn et al. 1998; Salk et al. 2015; Petersen et al. 1993:158). Die aantal tienermeisies wat aan depressie ly, word al hoe meer (Lester en Yang 1998; Schlebusch 2005).

Vyf uit tien oorsake van *disability-adjusted life years* (DALY) tussen die ouderdom van 15-44 is geestesgesondheidsprobleme, en depressie is een van hulle. DALY is die afwesigheid van 'n "gesonde" lewe volgens die WGO (2016). Die aanwesigheid van depressie in 'n mens se lewe veroorsaak dat mens nie die ideale gesondheidslewe kan lei nie (WGO 2016). Daar ontstaan dus 'n gaping tussen 'n depressielyer se huidige gesondheid en die ideale gesondheid (ibid.).

Druk om te presteer op vele vlakke soos akademie, kultuur en sport kan ook lei tot depressie. Een van kontemporêre kultuur se grootste invloede op depressie onder tienermeisies is die media. Een so 'n voorbeeld is die liggaamsbeelde wat die media as aantreklik adverteer. As gevolg van die media word eetversteurings baie meer algemeen in omgewings waar dit nooit 'n probleem was nie (Patel et al. 2007:1304).

Bogenoemde is slegs enkele faktore wat 'n rol speel in depressie onder tienermeisies. Daar sal meer oor die impak van populêre jeugkultuur op depressie onder tienermeisies uitgebrei word verder in die studie.

1.3.3 Premodernisme, Modernisme en Postmodernisme

Kontemporêre jeugkultuur gee tieners 'n doel om te lewe. Die media vertel hulle wat hulle nodig het en vul dan daardie behoeftes. Dit is 'n plek waar elke tiener kan behoort, hetsy hul populêr by die skool is of nie. Die media is 'n virtuele samelewing waar enigiemand en almal kan wees wie hulle wil (Mueller 2006:27, 28). Die probleem is dat hierdie populêre kultuur nie standhoudend is nie. Dit is iets wat daagliks verander (Mueller 2006:34).

Die studie veronderstel dat kontemporêre populêre jeugkultuur 'n gevolg is van postmodernisme. Die impak van die populêre kultuur is 'n gevolg van postmodernisme en om postmodernisme ten volle te verstaan moet daar gekyk word na die geskiedenis en ontwikkeling van die spesifieke konteks. Die verskillende wêreldbeelde kan in drie kategorieë gedeel word naamlik: premodernisme, modernisme en postmodernisme (Mueller 2006:58).

Premodernisme: Gedurende die tydperk van premodernisme voor die 1700's was die algehele aanvaarding dat God of die verskillende gode al die mag oor die wêreld gehad het. Gedurende hierdie tydperk was die wêreld teïsties: gode was die middelpunt van die skepping en het alles beheer. Elke kultuur het hulle eie god gehad, met sekere voorgeskrewe rolle, reëls en oortuigings. Die waarheid was deur godsdienstige leiers en dokters aan die mense oorgedra (Mueller 2006:58, 59).

Modernisme: Vanaf die 1700's, het mense wetenskaplik begin redeneer en het hul daardeur mag verkry. Mense het gedurende hierdie tydperk hoofsaaklik op rede staatgemaak en godsdiens is op die kantlyn geplaas (Mueller 2006:59). Daar is toenemend geglo dat wetenskap en tegnologie die wêreld kon verduidelik en dit ten goede kon laat verander. Dit het hoop geskep vir 'n beter wêreld. Alles het om kennis en rasionaliteit gedraai. Die godsdienste van die kulture het nie meer rolle, reëls en oortuigings bepaal nie. God was net daar om vertroosting te bring tot die wetenskap alles kon regmaak (ibid.).

Postmodernisme: Gedurende die 1960's het mense tot die besef gekom dat wetenskap nie die wêreld 'n beter plek gaan maak nie (Mueller 2006:61). Modernisme het nie die beloftes gestand gedoen wat dit gemaak het nie. Alhoewel daar

voortgang was, was dit duidelik dat die gevolge daarvan besig was om die aarde te verwoes, byvoorbeeld water- en lugbesoedeling as gevolg van tegnologie (ibid.).

Dit is moeilik om postmodernisme te definieer, want volgens postmodernisme is daar geen absolute waarhede nie (Mueller 2006:62). Hoewel daar geen absolute of universele waarde is nie, het postmodernisme steeds wesenlike kenmerke, soos dat elke narratief binne 'n sekere kultuur afspeel. Alle stories is gelyk (Mueller 2006:63). Die rasionele en die rede van die modernistiese era word verwerp deur postmodernisme. Elkeen word bemagtig om hulle eie realiteit te kies (Mueller 2006:65). Leonard Sweet (2000: 32) sê: "Experience is the currency of postmodern economics".

Postmodernisme se grootste invloed op die akademie is in filosofie, veral op die epistemologie en die filosofie van taal. Dit het verder ook 'n invloed op verskillende gebiede van mensekennis, soos sosiologie. Die filosofiese beweging van modernisme na postmodernisme het mense anders na die wêreld laat kyk en hulle het dit anders begin interpreteer. Hierdie nuwe verstaan van postmodernisme het ook 'n invloed op die kerk gehad (Meylahn 2010:50). Postmodernisme beteken daar bestaan ook nie iets soos objektiwiteit nie. Postmodernisme lig uit dat alle menslike kennis beperk en kultureel gekondisioneer is. Die gevolg is dat geen mens buite sy of haar konteks kan beweeg en 'n absolute waarheid vorm nie (O'Donnell 2003:6,7&21). Volgens O'Donnell (2003: 21) word die betekenis binne die taal gevind word en nie buite die menslike diskoers nie. Mense kan nooit buite die grense van hulle taal beweeg om die realiteit in sy oorsprong te beleef nie (ibid.).

Gedurende adolessensie begin somatiese en kognitiewe ontwikkeling nuwe druk plaas en nuwe moontlikhede by tieners ontsluit. Dit gee nuwe betekenis aan die vraag: "Wie is ek besig om te word?" Identiteitsvorming- en keuses word 'n bewuste proses. 'n Fundamentele prioriteit van laat-adolessensie is om 'n konvensionele psigososiale identiteit te hê wat lewensperspektief gee op 'n betekenisvolle bestaan (Van der Watt 2003:581). Die soeke na identiteit is moeilik as gevolg van die kompleksiteite van die samelewing soos die waardes van pluralisme, sekularisasie en relativisme (Van der Watt 2003:581). Daar is nie 'n veilige omgewing vir adolessente om in groot te word waar hulle tot volwassenheid gelei word nie (Elkind 1984:5).

Alhoewel postmodernisme 'n realiteit is wat elke sfeer van die samelewing beïnvloed, is dit steeds baie moeilik om te definieer. Dit sluit kenmerke in soos vryheid van keuse, pluralisme, diversiteit en agnostisisme as gevolg van absolute rasionalisme. Postmodernisme is teen spesifieke definisies en formules. Dit gaan meer oor die mens se lewenservaring en dit moet mens laat goed voel (Van der Watt 2003: 580). As gevolg van die epistemologie dat daar nie 'n objektiewe waarheid in postmodernisme bestaan nie, bestaan die werklikheid uit verskeie narratiewe wat hanteer moet word as oop refleksies van die werklikheid (Van der Watt 2003: 580). Postmodernisme bring nihilisme na vore. Tydens modernisme het mense daarna gestrewe om beter te wees. Postmodernisme se siening is dat dinge nie besig is om beter te word nie. Waar daar eens hoop was, is daar nou niks. Daar is niks om na uit te sien of om voor te lewe in die toekoms nie (Mueller 2006:70). As alles in essensie waar is afhange van mense se konteks en sienings, is daar geen rede waarom mense sou lewe of doodgaan nie (Mueller 2006:70).

Postmodernisme bring dus ook wanhoop na vore. Dit kan gesien word in kontemporêre kultuur. Mense sonder hoop verskuif hulle aandag na verskillende plekke toe om te vergeet van dit wat in elk geval gaan gebeur (Mueller 2006:71). Volgens Veits (1994:72) het die invloed van postmodernisme op die mens se sienings 'n vernietigende impak gemaak op die mens se persoonlikheid. As daar geen absolutes is nie en as die waarheid relatief is, kan daar geen stabiliteit wees nie en kan daar ook geen betekenis aan die lewe geheg word nie. Mueller (2006:72) is van mening dat as die wêreldsiening van postmodernisme aanhou toeneem, sal jongmense dit probeer ontduik deur hulleself besig te hou met afleidings van populêre kultuur waar hulle strewe na iets wat nie behoudend is nie of hulle sal hulle eie lewens neem.

1.3.4 Millennials en die Media

Populêre jeugkultuur

In *Skokkend Positief* stel Weber (2015:68) dat die Suid-Afrikaanse jeug hoofsaaklik die Westerse jeugkultuur weerspieël. Musiek, modes en sosiale media is van die dinge wat die jeug in Suid-Afrika definieer. Volgens die betrokke studie onder NGK jong volwassenes, maak 98% van 258 tieners gebruik van sosiale media (ibid.). Die gebruik van sosiale media is dus algemeen onder die Suid-Afrikaanse jeug, en dit sluit ook die

tieners by NGK Waterkloof in. Een van die vele sosiale mediums wat gebruik word is *Facebook*. *Facebook* is 'n aanlyn sosiale mediaplatform wat baie gewild is onder tieners. Tieners openbaar hulle diepste emosionele denke op aanlyn sosiale platforms soos hierdie. Die kommentaar wat hulle kry op hulle emosionele uitlatings het 'n bepaalde invloed op hulle gemoedstoestand. Wanneer tieners baie "likes" kry op die boodskap of foto wat hulle publiseer en boodskappe van simpatie en ondersteuning ontvang, ontwikkel dit 'n gevoel van behoort tussen vriende of kennisse wat kennis neem en positiewe terugvoer gee op dit wat gesê is. Wanneer tieners egter negatiewe kommentaar ontvang oor wie hulle is en wat hulle sê – al is dit vals – oordink hulle heeldyd hierdie aanmerkings en dit kweek depressiewe emosies. Wanneer tieners se vriende nie reageer nie veroorsaak dit ook gevoelens van verlies wat hulle depressief kan laat voel.

Die generasie waarin tieners grootword bepaal ook hoe hulle oor die lewe as geheel dink, die besluite wat hulle neem en die identiteit wat hulle eindelijk ontwikkel.

Daar word na die huidige generasie tieners verwys as *millennials* (2006:85). Mueller (2006:89,90) ontwikkel kenmerke wat verskillende karaktereienskappe van hierdie geslag definieer. Daar kan na beide generasie Y en generasie Z verwys word as *millennials*. Die primêre verskil tussen die twee generasies is met betrekking tot die gebruik van tegnologie. Generasie Y het grootgeword met persoonlike rekenaars, selfone en video speletjies. Generasie Z het weer grootgeword met tablette, slimfone en verskeie toepassings (*apps*). Die ooreenkoms tussen hierdie twee generasies is die manier hoe hulle kommunikeer deur tegnologie en hulle identiteitsvorming (The Urban Dictionary 2017). Dit verskil van die vorige generasie se manier van kommunikeer en hoe hulle hulle identiteit gevorm het. Die presiese tydsgleuf van generasie Y en generasie Z verskil van outeur tot outeur. In baie gevalle oorvleuel generasie Y en generasie Z met mekaar. Die tieners van NGK Waterkloof is gebore van 1999 tot 2004. Hierdie studie sal dus na die tieners van NGK Waterkloof as *millennials* verwys om sodoende niemand uit te laat nie.

In hierdie studie sal slegs die relevante kenmerke oor *millennials* ten opsigte van die studie bestudeer word. Die volgende kenmerke is van toepassing op die studie en sal in Hoofstuk 2 volledig bespreek word: kulturele diversiteit, mediaversadig, ervaring- en gevoelgedrewe, oorweldigende opsies, geglobaliseerde jeugkultuur, gedruk,

gejaagd en deurmekaar, wanhopig en hopeloos, diep spiritueel en noodkreet vir verlossing (Mueller, 2006:90-108).

Dit wil voorkom of tieners baie geïnteresseerd is in sosiale media en aktiwiteite wat die populêrste onder hulle portuurgroep is sodat hulle by die sosiale samelewing kan inpas. Jeugbediening versuim om te fokus op belangrike kwessies waarmee tieners worstel en neig om eerder spiritueel te wees (Weber 2015:4). Daar is ook 'n groot verskil tussen die kultuur waarin tieners leef en die kultuur van hulle spesifieke kerk. Die kerk moet bewus wees van die kultuur waarin die tieners in hulle gemeentes grootword en dit in aanmerking neem by jeugbediening (Weber 2015: 5).

“As die kerk kultureel relevant en teologies ingelig wil wees, moet jeugbediening se teologie herevalueer word. Dit kan nie 'n fundamentalistiese teologie met 'n eensydige interpretasie van die kultuur van tieners hê nie. 'n Teologie wat gebaseer is op 'n verantwoordelike en kontekstuele gebruik van die Bybel moet ontwikkel word sowel as 'n hermeneutiese interpretasie van die spesifieke kulturele konteks. Daar moet na 'n missionale benadering beweeg word. 'n Geloofsgemeenskap is nodig wat aktief betrokke is by die wêreld van tieners. Hierdie geloofsgemeenskap moet 'n positiewe identiteit kommunikeer om vandag se jeug te help om gemotiveerd te wees en die doel van die lewe in en deur Christus te ontdek” (Nel en Thesnaar 2006: 110).

Slotsom

Uit die bogenoemde navorsing wil dit eerstens voorkom dat daar nuut oor jeugbediening gedink moet word in die NG Kerk. Die manier hoe die Christelike geloof aan die jeug oorgedra word en die geloofsvorming wat dan plaasvind, moet in ag geneem word. Die belangrikheid van ouers se betrokkenheid in tieners se geloofslewe is ook genoem en sal verder in hoofstuk twee bespreek word. Die leefwêreld waarin tieners grootword is van belang wanneer dit kom by hulle geloofsvorming. Tieners vandag is deel van die *millennial* generasie. Die *millennial* generasie se identiteit word bepaal deur populêre jeugkultuur – iets wat daaglik verander. Daar is genoem dat spiritualiteit en geloof betekenis aan tieners se lewe gee. Dit help tieners om sin te maak van die wêreld van postmodernisme, waar alles relatief is, waarin hulle leef. Daar is gevind dat kontemporêre populêre jeugkultuur 'n gevolg van postmodernisme is. Veral sosiale media wat deel is van populêre jeugkultuur kan lei tot depressie in

tienermeisies. Bogenoemde navorsing het ook getoon dat tienermeisies meer vatbaar is vir depressie as tienerseuns. Prakties teologies moet daar ruimtes geskep word waar tieners die Christelike geloof kan ontdek. Dit sal waarde kan bydra tot hulle 'storie' binne 'n wêreld van postmodernisme. Dit kan veral waardevol wees vir tienermeisies wat tydens adolessensie geneig is tot depressie.

1.4 NAVORSINGSVRAAG

Die navorsingsprobleem gaan oor kontemporêre jeugkultuur en depressie in tienerdogters.

Die navorsingsvraag as volg:

Wat is die invloed en implikasies van kontemporêre jeugkultuur op depressie onder tienermeisies binne die NGK? .

Sekondere vrae ten opsigte van die navorsingsprobleem:

1. Watter invloed het kontemporêre jeugkultuur op tieners?
2. Wat is die implikasies van die invloed van kontemporêre jeugkultuur?
3. Het kontemporêre jeugkultuur 'n invloed op depressie in tienermeisies?
4. Indien kontemporêre jeugkultuur wel 'n invloed op depressie in tienermeisies het, hoe kan Ackermann se feministiese teologie van praxis, Legge se ervaringsteologie, Scrutton se teologie van transformasie, Van der Walt se feministiese en Afrika-hermeneutiese lees van Bybeltekste en Dreyer se pastorale leiding waardevol wees vir tienermeisies met depressie?

1.5 TEOLOGIESE RAAMWERK

Hierdie studie word binne die vakdisipline praktiese teologie gedoen binne die veld van jeugbediening. Die konteks waarbinne die studie gedoen word bepaal hoe dit prakties teologies ontleed word. Osmer (2008:4) meen dat die ervaring wat predikante in die bediening opdoen geleentheid is om kennis op te doen. Die kennis wat

opgedoen word strek verder as net een vakdissipline. Die uitdaging vir praktiese teoloë is om die uitdagings en ervarings wat opgedoen is aan te spreek deur teologiese interpretasie. Dit is dan hier waar Osmer se vier take help om sekere ervarings te interpreteer (2008:5).

Osmer (2008) poog om predikante te leer om die stories, situasies en kontekste waarmee hulle in die bediening gekonfronteer word prakties-teologies te interpreteer (Smith 2010:99). Die praktiese teologiese raamwerk wat Osmer bied, is gepas vir hierdie studie.

Die NG Kerk Waterkloof is 'n Afrikanerkerk met sowat 60 tieners wat woonagtig is binne 'n welgestelde area in Pretoria, Suid-Afrika. Hierdie studie het ontstaan as gevolg van situasies en observasies vanuit die gemeente, naamlik dat baie tienermeisies depressief is. Osmer se boek: *Practical Theology: An Introduction* (2008) kan daarom as 'n goeie raamwerk dien om die situasie in die gemeente aan te spreek vanuit 'n praktiese teologiese oogpunt. Die raamwerk wat Osmer (2008) voorstel, besin oor vier teologiese take wat riglyne gee vir die navorsingsprobleem en help om op die onderwerp te fokus. Die vier fokuspunte is as volg:

Beskrywend: Wat is aan die gebeur? (Osmer 2008:33-38) Die doel van die studie is eerstens om ondersoek in te stel na die vraag: het kontemporêre jeugkultuur 'n effek op die geestesgesondheid van tienermeisies, spesifiek op depressie en spesifiek gerig tot die NGK Waterkloof? Tweedens: hoe kan godsdiens vanuit 'n praktiese teologiese oogpunt, spesifiek jeugbediening, help om die probleem aan te spreek?

Interpretatiewe: Hoekom is dit aan die gebeur? (Osmer 2008:83-103) Geestesgesondheidsprobleme soos depressie neem toe (Patel 2007:13030) as gevolg van die relatiewe waarhede in populêre kultuur waarmee adolessente oorweldig word. Tieners omring hulleself soms met relatiewe waarhede omdat die kerk nie aan hulle spirituele behoeftes voldoen nie (Mueller 2006:80-90) en hulle dit op 'n ander plek dit probeer vervul. In die studie sal daar gefokus word op hoe populêre jeugkultuur die geestesgesondheid van tienermeisies negatief beïnvloed. Dit is die skrywer se observasie dat binne die Afrikanerkultuur waarin die gemeente wat ondersoek word, geleë is, meisies steeds gemarginaliseerd is en hulle ekstra hard moet werk om hulleself gelyk aan seuns te bewys. Daarom ervaar hulle baie stres en angstigtheid wat kan lei tot 'n selfbeeldprobleem, en wat verder die gevoel kan

veroorzaak dat hulle geen doel in die lewe het nie (Davis 2003). Al hierdie simptome van 'n lae selfbeeld, stres en angstigheids kan in depressie ontaard.

Normatief: Wat moet aan die gebeur wees? (Osmer 2008:133-164) "How is the worldly wisdom of the arts and sciences appropriately related to the Wisdom of God?" (Osmer 2008: 162). *Normatief* is 'n verdagte woord binne die postmodernistiese konteks, maar Osmer (2008:4) fundeer dit op die roeping van die kerk. Die studie sal probeer om die volgende vraag te beantwoord: Wat is besig om te gebeur en sal volg op daardie antwoord met die vraag: Wat is veronderstel om aan te gaan? Die resultate van die navorsing en die interpretasie daarvan sal in verband gebring word met die Bybel en die teologiese tradisie (Nel en Van der Westhuizen 2015: 18) van die NG Kerk. 'Dit wat gebeur' is dat tienermeisies moontlik as gevolg van populêre jeugkultuur aan depressie ly. Wat is veronderstel om aan te gaan? Jeugbediening moet praktiese teologiese te werk gaan met die bevindinge rakende depressie onder tienermeisies en dan hulpmiddele binne jeugbediening ontwikkel wat depressiewe tienermeisies kan help.

Pragmatiese taak: Hoe kan daar gereageer word op dit wat aan die gebeur is? (Osmer 2008:233-234). Daar sal gereageer word op die navorsingsvraag deur hulpmiddele en metodes binne die jeugbediening te ontwikkel wat kan hulp bied aan depressiewe tienermeisies in NGK Waterkloof. Die navorsing in die studie sal gebruik word om relevante veranderinge binne jeugbediening te maak om aandag te gee aan depressiewe tienermeisies. Daar sal gekyk word na die bydrae wat gemaak kan word deur feministiese teologie van praxis van Ackermann (1985, 1988, 1989, 1992, 1994, 1995, 1996, 1997, 1998, 2000, 2002, 2003, 2009 en 2014), Legge (1995) se fokus op ervaring as hulpmiddel vir bevryding, potensiële transformasie van Scrutton (2015), Van der Walt se feministiese en Afrika-hermeneutiese lees van Bybeltekste (2010 en 2012) en Dreyer se pastorale leiding (2016) binne die vakdissipline praktiese teologie.

1.6 NAVORSINGSDOELWITTE

Hoofstuk 1

Osmer (2008) se praktiese teologiese raamwerk word gebruik om die doelwitte van hierdie studie uiteen te sit. Hoofstuk een fokus op die huidige situasie: wat is aan die gebeur? (Osmer 2008: 33-38). Die observasie is gemaak ten opsigte van depressie onder tienermeisies in NGK Waterkloof. Daar word gekyk of daar enige geldigheid vir die navorsingsvoorstel is dat populêre jeugkultuur 'n impak het op depressie onder tienermeisies.

Hoofstuk 2

Hoofstuk twee brei verder uit op die vraag: 'Wat is aan die gebeur?' en dan word daar gepoog om moontlike oorsake te identifiseer wat kan bydra tot depressie onder tienermeisies, dus: 'Hoekom is dit aan die gebeur?' (Osmer 2008: 83-103). Die doelwit van hierdie hoofstuk is om redes te soek vir die observasies rondom depressie onder tienermeisies. Dit kyk na wat die situasie tans is (Osmer 2008:83). Hierdie hoofstuk integreer die akademiese literatuur wat bydra tot die studie in die konteks van NGK Waterkloof. Met ander woorde: ondersteun die navorsing van hierdie hoofstuk die tema van die studie? Is depressie onder tienermeisies 'n probleem en het populêre jeugkultuur 'n impak daarop?

- Hoofstuk 3

Hoofstuk drie kyk na verskeie teologiese konsepte binne die veld van praktiese teologie. Daar sal gekyk word na die verskillende Godskonsepte wat bestaan en die invloed daarvan op die gemoedstoestand van depressiewe tienermeisies. Nog 'n doelwit van hoofstuk drie is om godsdiens, geloof en spiritualiteit te definieer en om die bepaalde rol wat dit kan speel in depressiewe tienermeisies se lewens te beskryf. Die drie bogenoemde konsepte word dan onder die lens van jeugbediening geplaas om te kyk hoe dit van waarde kan wees vir tienermeisies wat aan depressie ly as gevolg van populêre jeugkultuur. Dit probeer Osmer (2008: 133-164) se derde vraag: 'Wat moet aan die gebeur wees?' beantwoord.

- Hoofstuk 4

Die doel van hoofstuk vier is om hulpmiddels te ontwikkel vir die jeugbediening in NGK Waterkloof wat depressiewe tienermeisies kan help. Daar sal gefokus word op verskeie uitdagings van jeugbediening in 'n postmoderne wêreld. Hoofstuk vier sal onder andere

feministiese teologie en pastoraat gebruik om praktiese voorstelle te ontwikkel vir die studie. Hierdie hoofstuk wil 'n antwoord gee op Osmer (2008: 233-234) se vierde vraag: Hoe kan daar gereageer word op dit wat aan die gebeur is?

Hoofstuk 5

In hoofstuk vyf sal die eerste vier hoofstukke hersien word en daar sal gekyk word na die verskillende bevindinge wat bydra tot die onderwerp van die studie. Daar sal na die verskeie bevindinge van navorsing gekyk word en hoe dit ooreenstem met die studie wat hier gedoen is. Die implikasies van die verskillende bevindinge sal bespreek word. Laastens sal daar aanbevelings gemaak word vir verdere studie op die gebied.

1.7 METODOLOGIE

Die studie *'n Praktiese teologiese ondersoek oor die impak van kontemporêre jeugkultuur op depressie onder tiener dogters* sal literêr van aard wees. Dit is 'n kwalitatiewe studie wat fokus op literatuur en bedieningervarings. Die studie sal plaasvind binne die vakdissipline Praktiese Teologie. Praktiese teologie as vakdissipline is 'n empiriese-beskrywende en krities-konstruktiewe teorie van die geloofspraktyk (Weber 2014:1). Praktiese teologie is wanneer teologie in gesprek gebring word met die vrae en antwoorde van die Christendom binne 'n spesifieke kultuur en konteks (Klopper 2001:462). Die literatuurstudie sal gebruik maak van navorsing wat reeds gedoen is in die velde van depressie onder tienermeisies, populêre jeugkultuur en praktiese teologie. Die navorsing sal gebruik word om die huidige tendens te beskryf, naamlik die invloed van populêre jeugkultuur op tienermeisies. Die literatuur wat in die navorsingsprobleem bespreek word, wys daarop dat meisies tydens adolessensie oor die algemeen meer kwesbaar is vir depressie (Davis et al. 2003: 360) as in ander stadiums van hul lewens. Die navorsing sal gebruik word vanuit 'n praktiese teologiese oogpunt in die konteks van NGK Waterkloof.

Data uit bestaande literatuur sal ontleed word. Meeste van die bestaande literatuur oor die onderwerpsveld is gebaseer op gegewens uit Amerika, Engeland en Kanada. Dit beteken nie dat daar nie 'n probleem in Suid-Afrika is nie, of meer spesifiek binne die konteks van die NG Kerk Waterkloof nie. Observasies en gesprekke met ouers het getoon dat daar wel baie dogters in die gemeente is wat aan depressie ly en navorsing

oor depressie onder tienermeisies dra by tot 'n beter perspektief op die gebied. Verskeie feite en idees rondom die tema van die studie is reeds aangeteken in publikasies soos boeke en artikels. Daar sal nie van empiriese studies gebruik gemaak word nie, slegs van observasies. Die data sal beskrywend en kwalitatief wees (Fox et al. 2014:137-139). Observasies hou 'n potensiële etiese gevaar in wanneer daar oor 'n spesifieke groep gepraat word (ibid.). Hierdie studie sal etiese gevare vermy deur nie name te noem van enige van die tienermeisies in NGK Waterkloof nie.

Populêre jeugkultuur en die verskillende invloede daarvan op tienermeisies sal breedvoerig bespreek word. Die invloed van die media, een van die sub-kategorieë van populêre jeugkultuur, sal ondersoek word as bron van depressie. Daar word na vandag se tieners verwys as *millennials* (Mueller 2006:89 &90). Eienskappe van *millennials* wat ooreenkom met dié van tienermeisies in NGK Waterkloof sal ontleed word. Daar sal deurgaans verwys word na postmodernisme en die invloed daarvan op bogenoemde faktore. Hierdie studie se hoofokus is tienermeisies; daarom sal die vroulike geslag ondersoek word en verskeie konsepte wat die beeld van 'n vrou of tienermeisie beïnvloed (Petersen et al. 1991). Daar sal gekyk word na depressie tydens adolessensie veral wat betref tienermeisies (Rhode et al. 2009:1339). Omgewingsfaktore soos huislike omstandighede, die skole waarin NGK Waterkloof se meisies is en die invloed van die Internet word bespreek as faktore wat 'n invloed het op die gemoedstoestand van tienermeisies.

Anders as tydens die moderne era werk die postmodernistiese era nie met universele waarhede nie. Alles is relatief tot mens se konteks (vgl. Mueller 2006). Tienermeisies is daarom baie keer verward as gevolg van al die keuses wat daar is. Hierdie studie wil depressiewe meisies bystaan vanuit 'n Christelike perspektief. In die artikel: *Research on Religion, Spirituality, and Mental Health: A Review* redeneer Koëning (2009:283), dat geloof 'n kragtige hanteringsgedrag is wat mense in staat stel om sin van hulle lyding te maak, dit gee beheer oor die oorweldigende kragte van natuur en bevorder sosiale reëls wat fasiliteer en ondersteuning bied. Die Christelike geloof gee orde en leiding aan 'n mens se lewe. In 'n wêreld sonder waarhede bied die Christelike geloof die Waarheid in Christus.

Spiritualiteit, godsdiens en geloof sal bespreek word binne die Christelike raamwerk. Daar sal gekyk word hoe en of hierdie drie elemente 'n invloed kan uitoefen op

depressie en of dit as hulpmiddele kan dien tydens depressie. Die raamwerk sal dan vernou word tot jeugbediening binne die vakdissipline van Praktiese Teologie. Jeugbediening binne 'n postmoderne wêreld sal bespreek word en hoe dit moet verander om by die *millennial* generasie aan te pas. Jeugbediening sal in verband gebring word met feministiese teologie wat sal fokus op ervaring en om lewenstories te deel. Binne die skopus van Praktiese Teologie en jeugbediening sal daar ook gekyk word na feministiese teologie van praxis deur Denise Ackermann (2014:14) en hoe dit by jeugbediening geïnkorporeer kan word om metodes te ontwikkel vir hulp aan tienermeisies in NGK Waterkloof wat aan depressie ly. Die manier hoe die Bybel gelees word, potensiële transformasie en pastorale leiding sal bygewerk word vir verdere hulp.

Wat hierdie studie van belang maak, is dat dit fokus op depressie as 'n geestesgesondheidsprobleem binne praktiese teologie. Daar is al baie navorsing gedoen oor die positiewe invloed van spiritualiteit en godsdiens op geestesgesondheidsprobleme (Davis et al. 2003; Koenig 2009). Meisies is tydens hulle jeug ook meer geneig tot geestesgesondheidsprobleme soos depressie. Dit kan wees omdat hulle onderdruk word en daar teen hulle gediskrimineer word as gevolg van hulle geslag (Davis 2003: 361). Nog 'n moontlikheid is dat daar nie genoeg bronne is wat leiding bied tydens hulle tienerjare nie. Depressie is ook meer algemeen onder meisies as seuns (ibid.). Soos gestel deur Mueller (2006), lei die invloed van postmodernisme tot gevoelens van wanhoop en dit kan tot depressie lei. Hoe kan geloof en spiritualiteit tienermeisies help om depressie te hanteer in 'n tyd waar alles relatief is tot die mens se konteks? Hierdie studie wil kyk of die Christelike invloed van godsdiens en spiritualiteit binne jeugbediening van waarde kan wees vir depressiewe tienermeisies in NGK Waterkloof.

Laastens sal moontlike hulpmiddels ontwikkel word binne die jeugbediening vir depressiewe tienermeisies in NGK Waterkloof. Daar sal oor die studie gereflekteer word en oor die bydrae wat dit kan maak vir depressiewe tienermeisies wat deur populêre jeugkultuur in 'n postmoderne wêreld beïnvloed word. Ten slotte sal aanbevelings gemaak word vir verdere studie.

Hierdie studie sal kyk na die verskillende bydraes uit die velde teologie, sielkunde en psigiatrie. Die hoofokus is om praktiese teologie, spesifiek in die veld van

jeugbediening, te gebruik as die fondament om die bogenoemde uitdagings te benader. Dit wil ook 'n metode wat gebaseer is op die Christelike geloof en waarheid voorstel wat kan dien as hulp om die impak van populêre jeugkultuur op tienermeisies wat ly aan depressie in die NG Kerk Waterkloof te versag.

Die studie is gekoppel aan die Geslag- en Gesondheidsprogram aan die Universiteit van Stellenbosch in samewerking met die kerk van Swede en fokus dus spesifiek op tienermeisies wat aan herhalende episodes van depressie ly. Die onderwerp dra by tot die kursus omdat dit tienermeisies wat aan depressie ly, ondersoek. Van Staden (2015:13), bevestig dat daar min navorsing is oor die jeug in Suid-Afrika en dat dit 'n kwessie is waaraan aandag gegee moet word. Daar word beklemtoon dat hierdie betrokke studie bydra tot navorsing oor die Suid-Afrikaanse jeug.

1.8 BEPERKINGS VAN DIE STUDIE

Die area wat ondersoek word, is baie breed. Die studie is onderneem vanuit 'n praktiese-teologie perspektief en nie vanuit 'n sielkundige of sosiale hoek nie, alhoewel sodanige sienings in ag geneem sal word. Geestesgesondheid behels baie subkategorieë. In hierdie studie sal net depressie ondersoek word.

In Suid-Afrika is die jeug sowat 45% van die populasie (Nel en Van der Westhuizen 2015:18). Vir die doel van die studie sal net die jeug in die NG Kerk en meer spesifiek NGK Waterkloof se tienermeisies ondersoek word. Die studie is kwalitatief en daar sal nie van eie empiriese studies gebruik gemaak word nie.

1.9 SLEUTELWOORDE EN ONDERSKEIDING VAN TERME

SLEUTELWOORDE

Kontemporêre jeugkultuur, adolessensie, geestesgesondheid, tienerdogters/tienermeisies, Nederduitse Gereformeerde Kerk, Praktiese Teologie, depressie.

ONDERSKEIDING VAN TERME

Daar is terme wat meer as een definisie het. Vir die doel van die studie sal die definisies van die spesifieke terme hieronder gebruik word.

Adolessensie: Oor die algemeen verwys die woord adolessensie na die ontwikkelingstydperk tussen kind en volwassene. Dit is 'n fase wat strek van die ouderdom 13 tot 19 en word gekarakteriseer deur 'n reeks van sielkundige, psigiatriese en sosiale transformasies. Gedurende hierdie tydperk is die sosiale persoonlikheid nie ten volle ontwikkel nie. Tieners word dikwels gesien as mense wat hulleself ontdek (Swatos 1998:4). Sinonieme vir adolessensie is *tiener* en *jeug* (Tuleya 2017). In die betrokke studie sal daar dus na adolessensie, tieners en jeug verwys word.

Afrikaner: Afrikaner word meestal gedefinieer as Afrikaanssprekendes (VivA n.d.). Vir hierdie studie sal daar van hierdie definisie van Afrikaner gebruik gemaak word.

Geestesgesondheid - Die Wêreldgesondheidsorganisasie (WHO 2014) definieer geestesgesondheid as die toestand van welsyn waarin elke individu sy of haar eie potensiaal besef, die normale stres van die lewe kan hanteer, produktief kan werk en in staat is om 'n bydrae tot die samelewing waarin sy of hy is te maak.

Jeug: “'n Tydperk van jonk wees, 13-19.” Die lewensfase tussen kindwees en volwassenheid. Tiener, puberteit en adolessensie word ook geassosieer met jeug. “'n Tyd waar liggaamlike- en geestelike rypheid ontwikkel” (VivA n.d).

Kerk: Alhoewel daar baie definisies is vir 'kerk', sal hierdie studie gebruikmaak van die Handleiding vir Afrikaanse Taal se eerste definisie wat lui: “'n Gebou vir Christelike erediens en ook die mense daarin. Dit is 'n plek waar godsdiens beoefen word deur 'n groep mense wat dieselfde geloof het, 'n gemeenskap van gelowiges” (HAT 2015).

Kontemporêre jeugkultuur - Kontemporêre jeugkultuur beteken die intrinsieke kapasiteit wat jongmense het om hulleself te definieer ten opsigte van hulle gedrag en waardes in die samelewing waaraan hulle behoort en in hulle projeksie vir die toekoms (Swatos 1998:5).

Kultuur: Kultuur word gekoppel aan mens se leefstyl, die geloof wat jy beoefen en jou gewoontes binne 'n spesifieke gemeenskap. Vir die doeleindes van hierdie studie sal daar op die Afrikaanse kultuur gefokus word (HAT 2015).

Nederduitse Gereformeerde Kerk: Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) in Suid-Afrika word beskou as deel van 'n Christelike gemeenskap binne Protestantse gemeentes. Die kerk onderskryf drie belydenisskrifte in ooreenstemming met die Bybel nl. Die Heidelbergse Kategismus, Die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dortse Leërreels. Die belydenisskrifte verduidelik die gereformeerde verstaan van die Christelike geloof. Die NGK se fondasie is op die Bybel as die Woord van God waarin die Drie-Enige God openbaar word, gerig (Nederduitse Gereformeerde Kerk 2017)

Tiener: Volgens die Handleiding vir Afrikaanse Taal (2015) is 'n tiener "iemand wat tussen dertien en negentien jaar oud is" (VivA n.d).

Tienerdogters: Meisies tussen die ouderdom van dertien tot negentien (HAT 2015). In hierdie tesis is die terme tienerdogters en tienermeisies ekwivalent maar die term tienermeisies word gebruik omdat dit meer in moderne omgangstaal gebruik word.

Die terme depressie en praktiese teologie is reeds gedefinieer aan die begin van die studie en is daarom nie weer in onderskeiding van terme gedefinieer nie.

1.10 STRUKTUUR

HOOFSTUK 1

Hierdie hoofstuk dien as 'n algemene inleiding tot die studie en is 'n oorsig van die tema, struktuur, metodologie, agtergrond en rede vir die studie asook navorsingsvrae.

HOOFSTUK 2

Hierdie hoofstuk betrek sielkunde, psigiatrie en ander bronne om ondersoek in te stel na wat depressie is en hoe dit die lewe en spiritualiteit van die jeug beïnvloed.

HOOFSTUK 3

Hierdie hoofstuk sal in diepte kyk na die konsepte *spiritualiteit*, *godsdienst* en *geloof* en na die relevansie daarvan vir jeugbediening en depressie.

HOOFSTUK 4

Hoofstuk vier sal gebruik maak van feministiese en Afrika-interpretasie van tekste (Van der Walt 2010), 'n feministiese teologie van praxis (Ackermann 1996 & 1998), die waarde van ervarings binne 'n geloofsgemeenskap (Morny en Neumaier-Dargyay

1995), potensiële transformasie (Scrutton 2015) en pastorale leiding (2016) en die bydrae wat dit kan maak in jeugbediening.

HOOFSTUK 5

Hierdie hoofstuk reflekteer op die voorgestelde vrae, beskryf die bevindinge van die studie, maak 'n gevolgtrekking uit die bespreking en maak voorstelle vir moontlike verdere studies.

1.11 SLOT

In hierdie hoofstuk is daar gekyk na die navorsingsprobleem wat voorgestel is. Die vraag is gevra: Wat gaan aan? Daar is bevind dat tienermeisies geneig is tot depressie of depressiewe simptome toon tydens adolessensie en dat populêre jeugkultuur 'n moontlike effek daarop kan hê. Daar word geredeneer dat praktiese teologie spesifiek binne jeugbediening, as hulpmiddel kan dien vir depressiewe tienermeisies. 'n Uiteensetting is gegee van wat elke hoofstuk in die studie sal behels.

In hoofstuk twee sal daar gekyk word na die moontlike oorsake van depressie onder tienermeisies tydens adolesensie, spesifiek ook depressiewe tienermeisies in NGK Waterkloof.

HOOFSTUK 2

MOONTLIKE OORSAKE VAN DEPRESSIE ONDER MEISIES TYDENS HULLE TIENERJARE

2.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk sal voortbou op hoofstuk een waar die vraag gestel is: wat is aan die gebeur? Kontemporêre jeugkultuur en die *millennial* generasie sal breedvoerig bespreek word. Die leefwêreld van die tienermeisies van NGK Waterkloof sal dan in gesprek tree met die verskeie konsepte. Hierna sal die hoofstuk handel oor die moontlike oorsake van die probleem van depressie onder tienermeisies as gevolg van kontemporêre jeugkultuur tydens postmodernisme. In die hoofstuk word redes gesoek vir die observasies wat gemaak is.

Die vraag lui nou soos volg: Wat is aan die gebeur? (Osmer 2008:83). Osmer verwys na hierdie proses as: *applying sagely wisdom*, oftewel om wysheid toe te pas. Om wysheid toe te pas, is daar drie voorwaardes waaraan voldoen moet word: bedagsaamheid, teoretiese interpretasie en oordeelkundige oordeel (ibid.). Bedagsaamheid impliseer dat daar gereflekteer word oor die vrae rondom die invloed van kontemporêre jeugkultuur tydens postmodernisme onder tienermeisies. Die konteks van NGK Waterkloof word ook in ag geneem. Teoretiese interpretasie kyk na die verskillende teorieë van wat op tienermeisies se lewens 'n impak het om sodoende tot 'n begrip te kom en te reageer op sekere situasies en die spesifieke konteks waarin dit plaasvind (Osmer 2008:83).

Osmer lê klem daarop dat alle teoretiese kennis feilbaar is en vanuit 'n spesifieke perspektief gesien word (Osmer 2008:84). Dit is belangrik dat hierdie beperkings in ag geneem word ook vir die uitvoering van hierdie studie. Oordeelkundige oordeel gaan daaroor om die navorsing te interpreteer op drie maniere volgens die praktiese teologiese raamwerk wat Osmer (2008) in sy boek *Practical Theology: An introduction* bespreek. Eerstens moet die spesifieke situasie en konteks bekend gemaak word. In hierdie studie is die situasie dat daar opgemerk is dat baie tienermeisies in die gemeente NGK Waterkloof aan depressie ly. Die konteks van die gemeente is 'n hoërklas samelewing in Waterkloof, Pretoria. Tweedens moet

daar gekyk word na die moraal wat op die spel is, bedoelende die uitkoms van die studie en hoe dit ander kan beïnvloed. Hierdie studie kyk hoe tienermeisies wat aan depressie ly in die NG Kerk, spesifiek NGK Waterkloof, gehelp kan word. Derdens gaan dit om die effektiëste manier te vind om die probleem van depressie onder tienermeisies as gevolg van postmoderne jeugkultuur aan die lig te bring ten opsigte van die beperkings en moontlikhede binne die spesifieke konteks van NGK Waterkloof (Osmer 2008:84).

Verder sal daar gekyk word na adolessente wat simptome van depressie toon. Daar sal ook gekyk word na die invloed van subkulture, kontemporêre jeugkultuur en omgewingsfaktore soos tieners se huishouding, skool en die Internet wat 'n rol speel in depressie in tieners se lewens. Dit vra dan die vraag: Wat beïnvloed depressie tydens adolessensie? Daar sal spesifiek gekyk word na herhalende depressiewe episodes en MDD, wat dikwels onder tienermeisies voorkom (Rhode et al. 2009:1339).

2.2 KONTEMPORÊRE JEUGKULTUUR

2.2.1 'n Kontekstuele verstaan

'n Kontekstuele verstaan van waar tieners hulleself bevind, probeer verduidelik hoe hulle gedefinieer word binne hulle omgewing en beperk en bevry word deur verhoudings. Ruimte, die fisiese kenmerke van die wêreld rondom hulle is waar adolessente hulleself ontwikkel en ontdek. Die vraag word dan gevra: "Wie is ek?" Dit gaan oor hoe jongmense hulle self sien en verstaan as individue en as lede van die groter gemeenskap (Helfenbein 2010:239-248). Identiteitsvorming vind plaas binne 'n ruimte waar moontlikhede gevorm sowel as beperk word asook die plekke wat reeds van betekenis was. 'n Kritiese beskouing van die konteks van jeugkultuur neem al die verskillende faktore in die sosiale omgewing wat 'n invloed op die jeug het terwyl hulle hulself leer ken en die plek waar hulle behoort in ag (ibid.), soos rykdom of armoede, gesinsdinamika en saamgestelde of tradisionele gesinne. Die jeug in die kontemporêre wêreld is voortdurend in interaksie met 'n verskeidenheid komplekse faktore wat nie net moontlikhede vir hulle skep nie, maar hulle ook beperk (Helfenbein 2010:239-248; Kjeldgaard en Askegaard 2006:233-234&245).

Die jeug in NGK Waterkloof kom meestal uit hoër-inkomsteklas families. Gesinne wissel van saamgestelde tot tradisionele huisgesinne. Al die tieners in NGK Waterkloof is in Afrikaans Hoër Seunskool, Afrikaans Hoër Meisieskool, Pretoria Boys High en Die Hoërskool Menlopark. Volgens die webtuiste *Pretoria Directory of Educational Schools* (2017), word hierdie skole gesien as van die top skole in Pretoria met uitnemende akademie, sport en kultuur. Die druk om te presteer in hierdie skole is hoog en sit geweldige stres op die tieners. Daar word van die tieners verwag om suksesvol te wees. Om daardie rede is die meisies ook baie kompetend met mekaar. Die tienermeisies van NGK Waterkloof word aan die jeugkultuur van die wêreld blootgestel en interpreteer dit dan in hulle eie konteks. Kjeldgaard en Askegaard (2006:245) verwys hierna as *Glocalization*, wat beteken om die globale jeugkultuur in jou eie konteks te interpreteer.

2.2.2 Kontemporêre jeugkultuur: Media

Kontemporêre jeugkultuur speel 'n groot rol in die lewens van tieners. Hierdie kultuur gee aan tieners 'n doel om te lewe. Sosiale media maak deel uit van kontemporêre jeugkultuur. Die media wys wat hulle nodig het en vervul hulle behoeftes. Die media gee ook aan elke tiener die geleentheid om iewers te behoort, hetsy hy of sy gewild op skool is of nie. Die virtuele omgewing van die media gee aan tieners die geleentheid om te wees wie hulle werklik wil wees (Mueller 2006: 27&28). Tieners kan hulleself uitleef op mediaplatforms soos *Instagram*, *Facebook* en kletskamers waar hulle 'n beeld kan skep van wie hulle werklik is of wil wees. In kletskamers kan hulle hulself uitleef sonder dat mense noodwendig weet wat hul ware identiteit is. Tieners is soms gemeen met mekaar oor sosiale media en word geboelie op sosiale platforms soos *Instagram* en *Snapchat* (Schrobsdorff 2016:48).

In die boek, *Skokkend Positief*, verklaar Weber (2015:68) dat die Suid-Afrikaanse jeug meestal die Westerse kultuur aanneem. Die teenwoordigheid en intensiteit van media-invloede soos televisie, radio, musiek, rekenaars, films, video's en die Internet word al hoe meer gesien as 'n belangrike deel van die sosiale ekologie van die jeug. Die invloed van die media het in die afgelope dekades meer sigbaar geword (Nasionale Research Council, 2006:23-26). Vandag se kinders gebruik elektroniese media van twee tot vyf ure per dag (ibid.). Hierdie statistiek het baie vrae ontlok oor die invloed van mediablootstelling op jongmense se gesondheid en gedrag. Dit gaan nie net oor

die hoeveelheid tyd wat jongmense spandeer op die media nie, maar hoe hulle die blootstelling wat hulle opdoen uit verskeie media bronne, bv. televisie en die Internet, hanteer (ibid.).

Weber (2015:6) noem sosiale media, musiek en modes as voorbeelde van dinge wat die jeug in Suid-Afrika definieer. Mueller (2006:34) sê verder dat tieners tot hoë grade van selfvernietiging sal gaan om in hulle sosiale samelewing aanvaar te word. Kontemporêre jeugkultuur is nie behoudend nie en verander daaglik. Soos reeds in hoofstuk een genoem, word daar in hierdie studie aangeneem dat kontemporêre jeugkultuur 'n gevolg is van postmodernisme.

Dit is moeilik vir ouers om te verstaan hoeveel van hulle kinders se emosionele lewe uitgeleef word op hulle selfone (Schrobsdorff 2016:47). Navorsing wat in 2015 gedoen is (ibid.) deur die Universiteit van California en die Universiteit van Texas bewys dat daar geen vaste skeiding is tussen tieners se werklike lewe en hulle aanlynlewe nie. Hulle aanlynlewe word hulle realiteit. Selfs wanneer tieners in dieselfde vertrek as hulle ouers is, kan hulle te danke aan hulle fone in diep, emosionele gesprekke met hulle klasmaats verkeer of hulle kan kyk na ander se lewens op *Instagram* of *Facebook*. Dit kan hulle depressief laat voel omdat dit lyk of die ander mense 'n baie beter en gelukkiger lewe as hulle het (Schrobsdorff 2016:47&48).

Die tienermeisies van NGK Waterkloof is tydens kategetiese gedurig op hulle selfone besig om met ander mense te praat en na ander se lewens te kyk op *Facebook* of *Instagram*. Dit is vir die meisies geweldig moeilik om op net een ding te fokus. Hulle is bang hulle raak agter met enige interessante nuus op sosiale platforms. Die meisies se selfone gaan oral saam met hulle en hulle kyk heelyd daarop vir nuwe modes, foto's wat interessant is en geleenthede wat hulle kan bywoon. As gevolg van die spoed waarmee inligting deur die kuberruimte beweeg, is dit moeilik vir ouers om hulle tieners in baie gevalle te help en by te staan tydens nood. Dit gebeur baie dat die ouers nog nie die inligting bekom het nie, dan weet die tieners dit al lankal. Tieners moet baie keer traumatiese ervarings, soos die afsterwe van 'n vriend self verwerk sonder enige hulp en omdat hulle nie altyd weet hoe om dit te doen nie, raak hulle depressief en word hulle gekonfronteer met vrae soos: Hoekom moes dit gebeur? Hoekom gaan jongmense dood? Dalk gaan ek een of ander tyd dood? Een van die tienermeisies het na die dood van een van haar skoolmaats en haar oppasser se

sussie geworstel met hierdie vrae. Sy was bang dat sy toe sou doodgaan en daar was nog so baie wat sy wil doen. Sy was bang haar ouers of sussie gaan sterf. Dit het haar geweldig gepla en depressief gemaak, want ewe skielik het sy die sin van die lewe begin bevraagteken en besef dat daar geen waarborg is dat mens sal oud word nie.

Volgens 'n artikel in die *Times* tydskrif (Schrobsdorff 2016), is vandag se tieners meer kwesbaar en oorweldig as hulle ouers toe hulle grootgeword het. Daar word al hoe meer gevalle van depressiewe en angstige tieners aangeteken. Nog negatiewe aspekte wat verband hou met kontemporêre jeugkultuur is dat die alledaagse lewe van tieners baie onstabiel, gewelddadig en gevaarlik is. Vandag se tieners word blootgestel aan ouers wat skei, kindermishandeling, huishoudelike geweld en alkoholmisbruik. Hulle word in 'n wêreld groot waar terrorisestaanvalle en misdade deel van die lewe is (ibid.). Tieners kry te veel blootstelling aan en is deur middel van sosiale media heeldyd bewus van wat aangaan oral in die wêreld. Al hierdie blootstelling aan selfdood, terrorisestaanvalle en moord maak tieners angstig en depressief (Schrobsdorff 2016:48). Tieners moet gewoonde wees aan verandering en vinnig daarby kan aanpas. Hulle lewe in 'n tyd waar die toekoms baie onseker lyk. Daar is ook min programme wat aangebied word wat tieners bemagtig om 'n sukses van hulle lewens te maak (Schrobsdorff 2016:47).

Daar is wel ook voordele gekoppel aan kontemporêre jeugkultuur. Die voordeel van kontemporêre jeugkultuur is dat tieners toegang het tot die kuberruimte wat vol inligting is, hulle het baie tegnologiese moontlikhede en leer entrepreneursvaardighede. Vorige generasies het nie toegang gehad tot bogenoemde bronne nie en sou hulleself dit nie eers kon indink nie (Best en Kellner 2003:75).

2.3 DIE MILLENNIAL-GENERASIE

2.3.1 Karaktereienskappe van *Millennials*

Daar word na die jongste generasie verwys as *millennials*. Mueller (2006:89-90) beskryf karaktereienskappe wat hierdie generasie beter verduidelik. In hoofstuk een is van hierdie karaktereienskappe wat relevant is tot hierdie studie genoem. Hierdie karaktereienskappe sal nou meer volledig bespreek word:

- Kultureeldivers (Mueller 2006:91): Die wêreld waarin jongmense tans grootword is baie divers. As gevolg van globalisasie word jongmense aan

verskillende kulture en etnisiteite blootgestel. Hierdie blootstelling aan kulture en etnisiteit gee aan jongmense die geleentheid om uit 'n breë spektrum te kies waarvan hulle hou (ibid.). Die tienermeisies van NGK Waterkloof word oorweldig met keuses wat hulle verwar en hulle weet nie wat is reg en wat verkeerd is nie. Dit laat hulle mismoedig voel, want hulle weet nie wat om te kies nie.

- Mediaversadig (Mueller 2006:96): Die media het 'n sterk invloed op hoe jongmense die wêreld ervaar. Die tipe media waarin jongmense belang stel, sê baie van wie hulle is, waarvan hulle hou en hoe hulle dink. Die media word hulle kultuur (ibid.). NGK Waterkloof se tienermeisies is baie bedrywing op *Instagram* waar hulle foto's van hulleself sal plaas met 'n inspirerende sin onderaan die foto. Die meisies fokus baie op die eie-ek en sorg dat hulle op hulle beste lyk op die foto wat hulle deel.
- Ervaring- en gevoelgedrewe (Mueller 2006: 97): Die manier hoe jongmense op 'n spesifieke stadium voel, beïnvloed die besluite wat hulle maak. Jongmense se ervarings bepaal hoe hulle voel. Dit is ook waar wanneer dit kom by hulle geloof (ibid.). Tydens jeugdienste by NGK Waterkloof het dit duidelik geword dat die meisies op gesprekke ten opsigte van hulle gevoelens reageer. Wanneer hulle moeg is en nie lus is om iets te doen nie, dan sal hulle meer aggressief wees. Wanneer hulle praat oor 'n saak waaroor hulle baie sterk voel, sal hulle maklik emosioneel raak en met mekaar baklei. Stories wat hulle harte aanraak, laat hulle maklik huil.
- Oorweldigende opsies (Mueller 2006:98): Jongmense word blootgestel aan 'n breë variasie van opsies in die postmoderne wêreld. Hulle kan elke dag iets anders kies. Die postmoderne wêreld sonder absolute waarhede het ook 'n tekort aan konsekwentheid, stabiliteit en lojaliteit (ibid.). 'n Wêreld sonder vaste waarhede en beginsels is baie uitdagend vir die tienermeisies; ook wat hulle geloof betref. Hulle glo in God, maar omdat sy Wese nie vasgepen kan word nie, maak dit hulle onseker. Die verskillende gelowe waaraan hulle blootgestel word, verwar hulle ook. Baie van die meisies glo dat alle gelowe by dieselfde plek uitkom en daarin kry hulle bemoediging, want anders is alles net vir hulle te onseker en dit maak hulle angstig en depressief.

- Geglobaliseerde jeugkultuur (Mueller 2006:99): Jongmense word as gevolg van globalisasie aan byna alles in die wêreld blootgestel. Tieners in Suid-Afrika kan 'n Westerse jeugkultuur aanneem omdat hulle deur sosiale media byna alles in Suid-Afrika kan ervaar wat die jeug in byvoorbeeld Amerika ervaar (Weber 2015: 71). Meeste van die tienermeisies in NGK Waterkloof het al een of meer lande buite Afrika besoek. Hulle word aan 'n verskeidenheid leefwyses blootgestel. Dit wat hulle ouers vir hulle leer en wat hulle by die kerk en skool leer, is nie al invloed op hulle lewens nie. Hulle het toegang tot die wêreld se verskillende kulture en het 'n mate van vryheid waarmee hulle kan doen en kies wat hulle wil.
- Onder druk, haastig en verward (Mueller 2006: 101): *Millennials* ervaar baie druk onder andere wat akademie, sport en skoonheid betref. Hulle is altyd besig en het nie meer tyd om kind te wees nie (ibid.). NGK Waterkloof se tienermeisies is veral onder druk. Om raakgesien te word, moet hulle uitblink op een of ander terrein. Dit vereis dat hulle toegewyd moet werk en jaag om van een plek by 'n ander uit te kom.
- Wanhopig (Mueller 2006: 105): Postmodernisme en wanhoop word aanmekaar verbind. Die relatiewiteit van postmodernisme bring vertwyfeling mee wat tot wanhoop lei en dit veroorsaak dat tieners in postmodernisme vasgevang word (ibid.). Die meisies van NGK Waterkloof smag na 'n vaste waarheid waaraan hulle kan vashou wat vir hulle vertroosting sal bring. Hoe ouer die meisies word, hoe meer besef hulle dat die wêreld nie vir hulle genoeg bied nie. Hulle smag na meer, maar sukkel om dit te vind.
- Diep spiritueel (Mueller 2006: 107&108): Jongmense is nie skaam om vir die wêreld te vertel hoe hulle voel en waarin hulle glo nie; hulle deel hulle spirituele belangstellings asook behoeftes. Tieners neem elemente waarvan hulle hou uit verskillende godsdienste en spiritualiteite en kombineer dit om sodoende hulle eie geloof te vorm. Hierdie word 'n manier hoe populêre kultuur die Christelike kerk oordeel, want in die Christelike geloof is daar onveranderbare waarhede en jy kan dit nie plooi sodat dit inpas by jou eie manier van dink nie (ibid.). Dit verwar die meisies dat hulle nie hulle Christelike geloof kan verander om by hulle eie raamwerk in te pas nie as hulle dit op ander terreine van die lewe kan doen maar nie as hul Christene is nie.

- Uitroep vir Verlossing (Mueller 2006: 108): Mueller is van mening dat dat *millennials* 'n diep verlange na God het. Daarom moet die kerk juis die instansie wees wat na hulle luister en hulle aan Christus bekendstel (ibid.). Daar is 'n groot behoefte en verlange onder die meisies om aan iets deel te hê wat hulle harte aanraak en wat vir hulle krag gee.

2.3.2 Die sosiale sfeer van *Millennials*

Daar is kenmerkende gevolge wanneer *millennials* binne 'n spesifieke sosiale sfeer geplaas word. Tieners lewe in 'n gemeenskap waar verskillende ouderdomsgroepe al hoe meer van mekaar geskei word. Hulle het dus minder kontak met volwassenes en die kontak wat hulle wel het, is met volwassenes wat 'n spesifieke rol het en betaal word om tyd met hulle te spandeer.

As daar gedink word aan jeug in die kerk en hoe om hulle te bereik, bring dit vrae na vore van wat, wie en hoe die jeug is, en wat hulle belangstellings, kapasiteit, potensiaal en moontlikhede is. Wanneer daar oor jeug, jeugkultuur en adolessente gedrag gepraat word, gebruik mens woorde en frases wat jou in 'n spesifieke sosiale wêreld plaas (Richter, Magnuson en Baizerman 1998:340). Die sosiale wêreld stel 'n verskeidenheid metaforiese strategieë en denkpatriene voor wat die manier vorm oor hoe daar oor jeug in die kerk gedink word (op. cit.:341).

Daar word van die jeug verwag om 'n identiteit te vorm juis in die tyd wat hulle verward is oor die rolle wat hulle moet speel. Jongmense word aangemoedig om op reis te gaan waardeur hulle hulleself ontdek binne die verskillende kompeterende sosiale rolle (op. cit.:347). As adolessente word hulle aangemoedig om verskillende rolle te speel sonder om hulleself ten volle te identifiseer met een van die rolle.

Die bemarkingsmetafoor is van pas op die kultuur van *millennials* juis omdat jongmense gesien word as verbruikers eerder as mense wat help om hul eie kultuur te skep en te vorm (op. cit.:347). Tieners skep nie hulle eie jeugkultuur nie en erf dit ook nie deur hulle kronologiese status nie. Jeugkultuur is 'n kommoditeit wat gekoop en verkoop word en hierdie bemarkingsmentaliteit het uitgebrei deur die jeug se eie bemarking (ibid.). Jongmense wat glo dat hulle waardes meer lê in wat hulle bereik eerder as in wie hulle is, het geleer om hulleself te bemark om op so 'n manier dat hulle hulself, ander en moontlik ook God probeer oortuig dat hulle waardevol is. Om

jouself in die wêreld te bemark, het 'n bestaansonderneming vir jongmense geword (ibid.).

Daar is baie druk op die tienermeisies in NGK Waterkloof. As hulle nie ten minste op een vlak presteer nie, dan verdwyn hulle in die skare en voel niks werd nie. Die omgewing waarin die meisies grootword, is prestasiegedrewe daarom ervaar hulle outomaties druk. Die meisies voel hulle belangrikheid lê in dit wat hulle behaal of dit nou uiterlike skoonheid, 'n 'perfekte lyf', akademiese, sport of kultuurprestase is. Hulle dink hulle moet hard daarvoor werk, tot so 'n mate dat die stres, angs en kommer so erg raak dat hulle begin depressief raak. Wanneer hulle nie hulle doel bereik het nie, is hulle geneig om soos 'n mislukking te voel en depressief te raak.

Die omgewing bestaan uit mense wat hoë posisies in die samelewing beklee en dit stel die standaard vir die tieners. Die skole waarin die meisies is, plaas ook druk op hulle om goed te doen en dan is daar ook altyd die kompetisie met ander skoliere. Die samelewing waarin die meisies van NGK Waterkloof grootword verwag baie van hulle. Hulle is permanent onder druk en gehaas om van een plek na 'n ander te gaan as gevolg van al die aktiwiteite waaraan hulle deelneem. Wanneer die druk te erg raak, lei dit tot depressiewe episodes.

As bogenoemde in ag geneem word, kan daar afgelei word dat kontemporêre jeugkultuur 'n effek op depressie onder tieners kan hê. Dit kan wees as gevolg van 'n postmodernisme waar daar geen vaste waarhede is nie. Daar is dus geen fondament vir tieners om 'n volhoubare identiteit te ontwikkel of iets waarin hulle kan glo as 'n waarheid nie (Nel 2008: 147). Dit kan ook wees as gevolg van die geweldige druk om te moet presteer. Die verskillende simptome van depressie sal in 2.6 bespreek word en daarin sal gesien word dat baie van die verskynsels by *millennials*, soos om onder hewige stres geplaas te word, oorweldig te wees en sonder hoop te voel (Mueller 2006:89-108), ooreenstem met die simptome van depressie.

2.4 VROUENS EN LIGGAAMSBEELDE

In die Westerse kultuur word slankheid gesien as 'n begeerlike kenmerk vir vrouens. Dit word geassosieer met selfbeheersing, elegansie, jeugdigheid en sosiale aantreklikheid. Die ideale vroulike liggaam is tans om slank te wees met groot borste. Alhoewel die ideale liggaamsbou van vrouens van eeu tot eeu verander, bly een ding

vasstaan: vrouens is nog altyd aangemoedig om hulle liggaamsbou aan te pas by die modes van 'n spesifieke eeu. Deur die eeue heen het vrouens baie pyn, ongemak en immobiliteit ervaar ter wille van populêre modes, soos byvoorbeeld om hulle voete te bind of korsette te dra (Grogan 2007:41).

In vandag se Westerse samelewing, wat die Suid-Afrikaanse jeug meestal navolg (Weber 2015:68), is bogenoemde praktyke vervang met streng diëte en plastiese sjirurgie om kultureelgedefinieerde, aantreklike en slanke liggame te verkry en/of te behou (ibid.). Die druk op vrouens om 'n sekere liggamsbeeld te handhaaf is groter as wat die druk op mans is. Die media en tydskrifte wat op meisies en jong vroue gemik is, stel 'n aantreklike vrou voor as 'n baie maer figuur (Grogan 2007:108), waar mans op 'n meer natuurlike manier uitgebeeld word met 'n gemiddelde gewig. Die media het 'n groot effek op hulle lesers en die tipe voorkoms wat aantreklik is vir 'n vrou en handhaaf so 'n kultus van vroulikheid. Vrouetydskrifte is daartoe in staat om vrouens se idee van hulself te verander deur vir hulle sosiaal aanvaarbare maniere aan te leer oor hoe om op te tree en aantreklik te wees. Tydskrifte laat vrouens glo dat as hulle nie volgens die standaard leef van die voorgestelde vrou in die tydskrif nie, geen man van hulle sal hou nie (Grogan 2007:110). Grogan (2007) se teorie is ook van toepassing op tienermeisies.

Verskillende studies het daarop gedui dat meisies en vrouens wat groter blootstelling aan die media het, geneig is om meer ontevrede te wees oor hoe hulle lyk as meisies en vrouens wat minder aan die media blootgestel is (Grogan 2007:111). Die sosiale vergelykings wat adolessente tref met die tydskrifte wat hulle lees, is 'n belangrike voorspeller van hoe hulle reken hulle liggaamsbeeld moet wees (ibid.).

Tydskrifte wat op jong meisies gerig is, toon dat 'n maer meisie 'n aantreklike en mooi meisie is. In 1990 reeds is daar 'n studie gedoen deur Eileen Guillen en Susan Barr (1994:464-472) oor die gepaste liggaamsbeeld vir die vrou, hetsy tiener of volwassene, wat die tydskrif *Seventeen Magazine* voorstel. Hulle konklusie was dat daar van vrouens verwag word om maer te wees (Grogan 2008:108). Die digitale manipulasie van foto's van modelle beteken dat vrouens in die 2000's met nog meer geromantiseerde en skraal beelde van hoe 'n vrou se liggaam moet lyk, gekonfronteer word (ibid.). Tydskrifte wat gerig is op jong meisies het 'n kragtige uitwerking op hulle lesers wat dien om 'n kultus van vroulikheid in stand te hou en te bevorder en om

definisies te verskaf van wat dit beteken om 'n aantreklike meisie te wees (Grogan 2008:109). Vrouetydskrifte kan selfs die manier verander hoe 'n vrou haarself sien deur vir haar sosiale aanvaarbare gedrag aan te leer (ibid.). Wykes en Gunter, (2005:74-80), sê dat populêre gedrukte media soos tydskrifte steeds die liggaamsbeeld uitbeeld wat ideaal is vir 'n vrou, naamlik jonk, en skraal ; hulle doen dit net meer subtiel as voorheen (Grogan 2008:109). Daar word van vrouens verwag om aan hulle liggame te werk deur diëte, oefening en kosmetiese sjirurgie, sodat hulle 'n sosiale aanvaarbare liggaamsbou kan hê. Wanneer hulle nie aan hierdie beeld voldoen nie, sal hulle nie aantreklik gevind word nie (Wykes en Gunter 2005:95).

Talle navorsingstudies oor die vrou se liggaamsbeeld (Levine et al. 1994; Botta 1999; Anderson et al. 2001) het getoon dat meisies en vrouens wat meer blootstelling aan die media het, meer ongelukkig oor hulle liggame is as dié wat minder blootstelling aan die media het. Botta (2003: 389) het in sy navorsing gevind dat die invloed van tydskriflees, sosiale vergelykings en kritiese evaluasie van mens se eie liggaamsbeeld belangrike voorspellers van eetversteurings in tienermeisies is.

Eetversteurings, soos vetsug, anoreksia nervosa en bulimie onder tienerdogters kan ook gesien word as 'n weerstand teen kulturele beelde van vroulikheid wat vrouens vermaan om mooi te lyk en stil te bly. Dit is nie noodwendig net die navolg van sosiale konstruksie nie. Die tiener beleef mag oor die sosiale voorgeskrewe beelde wanneer sy dit teenstaan (Richter et al. 1998:350). Tydens die laat 1990's het die mens se liggaam 'n advertensiebord begin word (Whitlock et al. 2008). Vandag is baie van 'n mens se waarde in jou uiterlike skoonheid geleë en is dit moeilik om weg te skram van die idee om perfek te wees. Foto's word 'reggemaak' sodat die liggaamsbeeld by die samelewing kan inpas (Schrobsdorff 2016:49).

Die vrou se liggaam word baie beklemtoon in die omgewing waar die tienermeisies van NGK Waterkloof groot word. Die meisies is baie kompetender teenoor mekaar en strewende die liggaamsbeeld wat die media as perfek voorstel na. Sommige ma's sit hulle dogters al vanaf laerskool op diëte sodat hulle nie volgens die samelewing se idee van 'vet', oorgewig sal wees nie. Daar ook die teorie dat die verandering in lewenstyl (bv. 'n groter inname van suiker, verskeie diëte en selfgesentreerdheid) depressie verhoog (Lopresti et al. 2013). Die verandering in hormone van tienermeisies wat puberteit bereik kan hulle depressief maak. Die diëte wat baie van die meisies in NGK

Waterkloof volg, is ongesond en beïnvloed hulle gemoedstoestand. Die meisies is ook baie ingestel op hulleself en hoe hulle lyk en wat hulle wil doen. Die invloed van bogenoemde kan patrone van depressie onder tienermeisies verander. As gevolg van hierdie nuwe invloede wat depressie verhoog, is dit relevant en belangrik om geslagsverskille in depressie onder adolessente te ondersoek (Salk et al. 2015:28-29). Die meisies word gebreinspoel met die idee dat niemand hulle aantreklik sal vind as hulle nie maer is nie en dat 'hulle nooit 'n man sal kry nie'.

2.5 GESLAG EN DEPRESSIE TYDENS ADOLESSENSIE

Salk, Petersen, Abramson en Hyde, (2015), skryf dat twee keer meer vrouens as mans depressie het. Navorsing het bewys dat geslagsverskille tydens adolessensie verskerp. Die opkoms van sosiale media soos *Facebook* en SMS'e, skep 'n ander sosiale samelewing vir vandag se tieners. Die media waaraan hulle blootgestel word, bevat meer seksuele inhoud en gee vir meisies die idee dat hulle status kan verkry deur hulleself seksuele objekte te maak (American Psychological Association 2010; Graff et al. 2013).

Kandel en Davies (1982); Kashani et al. (1987) en Petersen, Kennedy en Sullivan (1993:158) bevestig in hulle studies oor depressie tydens adolessensie, dat alle bewyse daarop dui dat meer meisies tydens hulle tienerjare aan depressie ly as seuns. Seksrolle wat deur die samelewing aan meisies voorgeskryf word tydens vroeë adolessensie en die verband met biologiese veranderinge van puberteit wat tieners se identiteit op 'n sekere manier bepaal, word as die gevolg van geslagsverskille by mid-adolessente waargeneem. 'n Ander rede vir die verhoging van depressie onder meisies tydens hulle tienerjare is dat meisies tydens vroeë adolessensie meer uitdagings soos hormonale veranderinge beleef (Petersen et al.1991). Meisies is meer geneig as seuns om deur puberteit te gaan voor of tydens die oorgang van laerskool na hoërskool.

Volgens Rasic et al. (2011:391) se bevindings in hulle navorsing by drie skole in Kanada met adolessente tussen die ouderdom van 15-19 is geloofsbeoefening 'n beskermmiddel vir meisies wat selfdoodneigings het. Meisies wat aangedui het dat hulle geloof vir hulle belangrik is, was minder geneig om 'n risikogeval vir depressie te

wees as meisies wat aangedui het dat geloof nie vir hulle belangrik is nie (ibid.). Verder stel Rasic et al. (2011:391) dat navorsing daarop wys dat 'n mens se kognitiewe sosiale omgewing 'n bemiddelaar is tussen geloofs-belangrikheid en 'n laer vlak van depressie (ibid.). Vroulike adolessente en volwassenes is meer konsekwent in hulle godsdiens as mans. Modelle van geloof en geslag wys daarop dat die sosiale status, rolle en ervarings van vrouens, eerder as die van mans, meer in harmonie en ooreenstemming is met 'n godsdienstige oriëntasie (Pearce; Little en Perez 2003:269).

Godsdienstige ondersteuning en oorlewingsmeganismes kan voordelig wees vir meisies en kan dien as 'n buffer teen depressie. Dit is belangrik dat jeugdienste op so 'n manier ingerig word dat tienermeisies die nodige godsdienstige ondersteuning kry. NGK Waterkloof se konteks moet in ag geneem word wanneer die erediens en Bybelstudiegroepe beplan word. Die situasies wat veroorsaak dat die meisies depressief voel, moet ondersoek word en dan met die Bybel in verband gebring word. Daar moet besin word oor hoe God deur sy Woord tienermeisies kan help in situasies en gebruike wat hulle depressief maak.

Dit is duidelik dat depressie onder tienermeisies 'n probleem is wat aangespreek moet word. Bogenoemde navorsing toon dat hulle meer as adolessente seuns tot depressie geneig is (Petersen et al. 2015; Kandel en Davies 1982; Kashani et al. 1987 en Petersen et al. 1993:158). Hierdie studie plaas dus sy hooffokus op tienermeisies. Daar is gesien dat media soos tydskrifte baie druk op meisies plaas om die 'perfekte' liggaamsbeeld volgens die samelewing se standarde te hê. Daar word van vrouens verwag om 'n sekere manier te lyk en op te tree. Vrouens moet 'n sekere rol vervul wat mans nie hoef nie (Grogan 2008:108-109; Wykes en Gunter 2005:74-80). Om maer te wees kan lei tot eetversteurings (Botta, 2003:389). Verandering in eetlus is volgens Rhode et al. (2009:1339) een van die simptome van depressie. Eetversteurings kan na aanleiding van hierdie inligting ook bydra tot depressie onder tienermeisies. Talle ander vorme van sosiale media soos *Facebook*, *Instagram*, *SnapChat* en SMS'e, wat alles deel van die kontemporêre jeugkultuur uitmaak, stel tienermeisies bloot aan 'n groot verskeidenheid inligting, wat druk op hulle sit om 'n sekere manier te lyk en op te tree. Dit kan depressiewe episodes veroorsaak (Grogan 2008:109; Schrobdsdorff 2016:48). Tienermeisies word ook blootgestel aan nuus van regoor die wêreld soos terreuraanvalle, natuurrampe en selfdood van tieners wat net

so oud is soos hulle. Dit kan hulle wanhopig en depressief laat voel (Schrobsdorff 2016:48).

Die onderwerp van selfdegeslagverhoudings word baie onder radar gehou en die meisies word min daaraan blootgestel. Feministe is van mening dat baie tydskrifte te eensydig is en net artikels oor heteroseksuele verhoudings publiseer (Gauntlett 2008:198). Geslagsrolle eis vorme van weerstand deur jongmense bykomend tot die onderhandeling van hulle adolessensie. Elke jaar word die onderwerp in die belydenisklas bespreek om die tieners meer bewus te maak dat verskillende tipe verhoudings wat bestaan. Daar is dan 'n vurige debat en daarna word dit aan die hand van die Bybel verduidelik, dat dit wat in die Bybel staan oor wat gedink word selfdegeslagverhoudings is, nie verwys na 'n liefdesverhouding tussen twee mense nie. Hierdie gesprek verbreed baie van die tieners se sienings oor verskillende verhoudings

2.6 OMGEWINGSFAKTORE WAT 'N ROL IN DEPRESSIE SPEEL

Tieners se ontwikkeling word beïnvloed deur hulle interaksies met die omgewing waarin hulle is (bv. die huis, skool en gemeenskap). Die aard van die omgewingsfaktore dra by tot hul gesondheids- of siektetoestande en die aard van ontwikkeling. In hierdie studie sal daar na drie spesifieke omgewingsfaktore gekyk word, naamlik huis, skool en gemeenskap.

2.6.1 Huislike omstandighede

In huislike omstandighede waar ouers negatief in hulle uitkyk oor die lewe is, emosioneel en sosiaal onbetrokke is, 'n gebrek aan omgee in hulle interaksie toon, beheervrate is of erge fisiese dissipline toepas, word die kans op depressie by kinders verhoog (Calles 2007:249). Die tienermeisies van NGK Waterkloof is min tuis. Hulle aktiwiteite soos hokkie, netbal, ekstra Wiskunde- en Wetenskapklasse, kooroefening, musieklesse ensovoorts, hou hulle tot laat in die namiddag of vroegeand besig en hulle kom tuis om dan huiswerk te doen en te gaan slaap. Daar is dus nie altyd tyd vir 'n goeie gesinstruktuur om gevorm te word nie en daarom het die meisies nie 'n grondslag waarop hulle waardes en norme kan bou nie. Hulle vind hulleself dan

verlore en oorweldig deur die lewe en neem besluite gegrond op emosie en nie vanuit oortuiging nie (Mueller 2006:80-90). Die tienermeisies van NGK Waterkloof woon in 'n welaf woongebied. Daar word van hulle verwag om 'n sekere manier op te tree omdat hulle vanuit gesiene families kom. Sosiale media asook gewilde tydskrifte verskaf vir hulle die inligting hoe 'n mens as dame moet optree (Grogan 2008:109).

Daar word ook aanbeveel dat toekomstige navorsing moet fokus op kulturele veranderinge wat depressie tydens adolessensie van seuns en dogters kan beïnvloed (ibid.). Daar kan aangeneem word dat postmodernisme ook 'n rol speel in veranderende lewenstyle. Dit kan gesien word in die meisies se lewens wat so besig is dat hulle min tot rus kan kom. Familietyd is skaars as gevolg van al die aktiwiteite en ouers se veeleisende beroepe.

2.6.2 Skoolomgewing

Die skoolomgewing is ook van groot belang, want kinders en tieners spandeer die helfte van die dag by die skool. Daar is nie net meer akademiese druk nie, maar sosiale druk neem ook toe veral tydens die oorgang van kind tot adolessent. Joseph Calles (2007), van die *College of Human Medicine, Michigan State University, Department of Psychiatry* in die VSA het 'n driejaarlange studie op kinders wat in graad 6 was onderneem as deel van hulle gemeenskapsjaaropleiding. Hierdie studie het daarop gedui dat kinders wat deur hulle portuurgroep verwerp word meer geneig is tot die ontwikkeling van depressie as gevolg van 'n lae selfbeeld.

Die tienermeisies in NGK Waterkloof is in twee hoërskole, naamlik Afrikaanse Hoër Meisieskool Pretoria (AHMP) en die Hoërskool Menlopark. Wanneer mens AHMP se webtuiste n.d. oopmaak, staan daar die volgende woorde: "Kom ons kyk hoe ons as 'n span mekaar kan help om elkeen se ideaal en volle potensiaal te bereik oor 'n periode van 'n paar jaar. Ons is hier om jou te help, leer en op te bou tot 'n jong vrou wat haar plek in die samelewing sal kan volstaan, met regte beginsels en waardes". Wanneer Die Hoërskool Menlopark se webtuiste n.d. oopgemaak word staan daar die volgende: "'n Skool met 'n visie wat gewone kinders op 'n ongewone manier begeester om buitengewone hoogtes 'n leefwyse te maak. Die Hoërskool Menlopark is een van Suid-Afrika se topskole, bekend vir uitnemendheid op vele terreine. Ons skool is

bekend as 'n skool met eietydse tradisies, waarbinne Menlo-manne en Menlo-meisies in volkome gemak lángs mekaar en nie ín mekaar se skaduwee nie, ontwikkel en die hoogste nastreef. Ons skool se sukses is gewortel in hierdie hegte eenheid – ons verskille maak ons sterker en ons passie gee ons rigting – 'n rigting waarin ons ons skool se leuse *Excelsa Petamus* (ons streef die hoogste na) met trots uitleef en nastreef”.

Hierdie twee hoërskole stel dit duidelik dat hulle uitnemend is en waarborg leerders sukses in die lewe: “tot 'n jong vrou wat haar plek in die samelewing sal kan volstaan” en “een van Suid-Afrika se topskole”. Hierdie woorde op die tuisblaaie van beide skole se webtuistes skep 'n verwagting van watter tipe leerling hierdie onderskeie skole wil vorm. Dadelik word 'n tienermeisie onder druk geplaas, want die woorde laat dit oorkom asof jy 'n presteerder moet wees of word, hetsy op sport-, kultuur- of akademiese vlak. Die kompetisie in skole om te presteer en die vrees oor toekomstigeleenthede maak tieners depressief en angstig (Schrobsdorff 2016:48).

Wanneer mens besef hoe vol die meisies se programme is met sport, ekstra klasse vir vakke en buitemuurse aktiwiteite, dan stem dit ooreen met Mueller (2006: 101) se karaktereienskappe van *millennials*. Die meisies is gejaagd en hardloop van die een plek na die ander om alles in een dag in te pas. Die boodskap wat baie keer oorgedra word is: Om suksesvol te wees, moet jy presteer en net een vlak van prestasie gaan nie noodwendig genoeg wees nie. *Millennials* word dikwels geleer dat hulle waarde afhang van hulle prestasie (Richter et al. 1998:347). As hulle nie goed presteer nie, sien hulle hulself as dat hul nie waardevol is nie en dit kan tot depressie lei.

Hierdie studie wil juis kyk hoe die NG Kerk Waterkloof tienermeisies wat voel hulle is nie van waarde nie en daarom neig na depressiewe episodes, kan help, deur hulle definisie van waarde te verander en vir hulle 'n ruimte te skep waar hulle waardevol geag word ongeag prestasie. In hoofstuk vier sal daar meer uitgebrei word op ervarings van depressiewe tienermeisies en hoe om dit binne 'n gemeenskap van gelowiges te deel. Dit sal dien as 'n ruimte waar meisies, ten spyte van wie hulle is of wat hulle bereik, waardevol kan voel.

2.6.3 Internet

'n Ander omgewingsfaktor wat in ag geneem moet word, is die Internet. Sosiale media speel 'n groot rol in die lewens van adolessente. Meer as 90% van tieners gebruik die Internet om inligting te bekom. Die Internet is een van die kragtigste mediabronne van die 21ste eeu en het 'n rewolusie begin onder adolessente wat betref opvoeding en sosiale kommunikasie. Internetverslawing is die verlies van beheer oor Internetgebruik en die negatiewe gevolge daarvan. Internetverslawing is 'n algemene tendens onder adolessente (Ko et al 2014:1377). Dit word geassosieer met depressiewe simptome en sosiale angstigheid (ibid.).

Gedurende die proses van Internetverslawing onder tieners word depressie vererger en kan hulle negatiewe gevolge ervaar soos akademiese agteruitgang, konflik met ouers en sosiale isolasie. Hulle kan ook 'n gevoel van verwerping deur hulle ouers ervaar, isolasie van hulle vriende in die regte wêreld en 'n lae selfbeeld by die skool. Hierdie gebrek aan sekuriteit verhoog die kans van depressie (Ko et al. 2014:1379). Ander negatiewe gevolge kan ook te voorskyn kom (ibid.), soos die obsessie van klerekoop oor die Internet, die aanhoudende speel van speletjies en die heeltydse dophou van sosiale media soos *Instagram* en *Facebook*.

Volgens Calles (2007:251) speel sosiale ondersteuning, persoonlike bevoegdheid en geloof belangrike rolle in die beskerming van tieners teen depressie. 'n Gebrek hieraan kan die risiko van depressie verhoog (Ko et al. 2014:1381). Om te kompenseer vir die afwesigheid daarvan, poog tieners om hulle selfbeeld te verbeter deur goedkeuring van ander te kry op sosiale media of deur prestasie in aanlynspelletjies te behaal en daarom vermeerder adolessente hulle interaksie op die Internet. In plaas daarvan dat dit hulle depressie verminder, vermeerder die aanlynaktiwiteite dit (Ko et al. 2014:1382).

In hulle navorsing oor 1863 adolessente in Taiwan het Ko et al. (2014) verder gevind dat depressie onder Internetverslaafdes beduidend hoër was onder meisies as in seuns. Tienermeisies is meer kwesbaar vir die gevolge van die Internetverslawingsproses in die bevordering van depressie (Ko et al. 2014:1382).

2.7 DEPRESSIE TYDENS TIENERJARE

Depressie neem toe tydens kinderjare tot in adolessensie en jong volwassenheid (Calles 2007:244). Depressie tydens adolessensie word op dieselfde wyse as by volwassenes gediagnoseer (ibid.).

2.7.1 Depressie en tienermeisies

Adolessensie is 'n hoërisikotydperk vir depressie onder meisies. Hierdie fenomeen verskil wel wat betref ouderdom, ras en etnisiteit (Rhode et al. 2009:1339). *Major Depressive Disorder* (Ernstige Depressiewe Versteuring, MDD) is die algemeenste depressiewe versteuring tydens adolessensie (ibid.). MDD word geïdentifiseer wanneer iemand depressiewe buie of die gebrek aan plesier in aktiwiteite aaneenlopend vir twee of meer weke ervaar en dit ook vergesel word van vyf of meer simptome soos verandering in eetlus, slaap en gewig, verlaging in libido, verswakte konsentrasie, gevoel van waardeloosheid en – in erge gevalle – selfdoodneigings (Hauenstein 2003:239). MDD ontstaan meestal tydens die vroeë en middel tienerjare (ibid.).

Simptome van MDD is gemoeds-, slaap- en konsentrasieversteurings (Rhode et al. 2009:1341-1342). Rhode et al. (2009:1343) het in die VSA (Austin, Texas) die fenomenologie van herhalende depressie episodes, soos geassesseer in die Austin Adolessente Ontwikkelingstudies (AADS), ondersoek. Die ondersoek het behels dat tienermeisies jaarliks 'n vraelys moes invul en vir 'n onderhoud moes gaan oor 'n tydperk van sewe jaar. Heersende vlakke van MDD en geringer depressie is aangetoon. Die resultate van die studie gee beduidende bewyse dat tienerjare 'n hoërisikoperiode is vir die ontstaan van depressie onder tienermeisies. Die studie is 'n eerste om herhaalde diagnostiese assesserings van depressie in 'n groot groep adolessente te ondersoek. Die relatiewe frekwensie van assesserings dui met akkuraatheid 'n bepaalde tyd aan waarin depressie onder adolessente meisies ontstaan. Tussen die ouderdom van 12-20 jaar het een uit elke ses meisies 'n MDD episode gehad. Die hoogste risikoperiode is op die ouderdom van 16 aangetoon (Rhode et al. 2009:1345).

Rhode et al. (2009) se MDD statistiek op eenjaarbasis stem ooreen met resultate van onlangse studies in Nieu-Seeland, Brittanje en Kanada (Rhode et al. 2009:1346). Ten

spyte van die feit dat studies in verskillende lande gedoen is, het navorsing bewys dat 'n MDD-episode binne dieselfde tydgleuf onder meisies van die verskillende lande voorgekom het. Die eenjaarstudie dui aan dat MDD begin toeneem vanaf ouderdom 12-16 jaar (ibid.).

Daar is ook indringend gekyk na die simptome van MDD. 'n Gevoel van hartseer was die oorheersende simptome. Dit was baie intenser as die ander simptome wat ondersoek is. Verdere simptome sluit in swak konsentrasie, 'n gevoel van minderwaardigheid, slaaploosheid, velprobleme soos aknee en lae energievlakke. Die data wys ook dat daar ouderdoms- en rasverskille is in hoe MDD ervaar word. Jonger tieners met MDD toon 'n hoër gevoel van minderwaardigheid en het meer selfdoodneigings as ouer tieners. Gegewe hierdie statistiek is die uitdaging groter en belangriker om die verhoging van selfdoodneigings en -pogings onder jonger, wit, vroulike tieners te verhoed (Rhode et al. 2009:1346). Die verskil in konteks, ras, ouderdom, etnisiteit en geslag beïnvloed die manier hoe MDD behandel sal word (Rhode et al. 2009:1348). Daar is dus nie net een behandeling wat vir alle opgeskrewe MDD-gevalle help nie.

MDD is 'n algemene probleem vir tieners. Daar is 'n verskeidenheid van simptome wat somatiese, kognitiewe, affektiewe en sosiale prosesse beïnvloed. Akademiese mislukking, swak portuurverhoudings, gedragsprobleme, konflik met ouers en ander outoritêre figure asook dwelmmisbruik is van die gevolge van MDD (Hauenstein 2003:239). MDD kompliseer die tienerjare wat reeds 'n onstuimige tyd is vir jongmense. Die fisiologiese, sielkundige en sosiale veranderinge wat tieners ondergaan, verhoog die kans van MDD en ander verwante depressiewe versteurings. MDD kan ook tienerrisikogedrag bevorder wat dwelmmisbruik beïnvloed. Die impulsiwiteit wat tydens tienerjare voorkom, gekombineer met MDD, kan lei tot selfdood. Hauenstein (2003:246) bevestig die feit, soos reeds deur bogenoemde navorsers genoem, dat meisies meer tot MDD geneig is en tot twee keer meer met MDD as seuns gediagnoseer word.

2.7.2 Suid-Afrikaanse statistiek

'n Veelvuldige studie in Suid-Afrika het getoon dat 18.6% van tienermeisies in 2005 gerapporteer het dat hulle al gepoog het om selfdood te pleeg (Ramafikeng 2010).

Daar is min hulp soos hanteringsmeganismes en toegang tot geestesgesondheidsfasiliteite vir ongunstige lewenservarings en dit dra by tot adolessente wat hulleself skade wil aandoen (Williams et al. 1997; Gitto 2014; Robinson et al. 2008). Onlangse data in Suid-Afrika toon dat die risiko om selfdood te pleeg hoog is by tienermeisies wat nie genoegsame ondersteuning van hulle ouers of portuurgroep ontvang nie (Pletzer 2008:653-660). Selfdood kan as gevolg van depressie plaasvind.

Navorsing het daarop gewys dat daar oor die afgelope dekades oor die wêreld heen, ook in Suid-Afrika, 'n toename is in tieners wat hulleself beseer as gevolg van depressie (Lester en Yang, 1998; Schlebusch, 2005). In Pillay, Bundoo en Bohwon (2010:92) se studie oor depressie onder tienermeisies in Mauritius en Suid-Afrika het hulle gevind dat een-derde van Suid-Afrikaanse meisies getoon het dat hulle al hartseer en tranerig gevoel het daaglik vir minstens twee weke. Hierdie statistiek is baie hoër as die opname wat gedoen is in 2003 in die Suid-Afrikaanse Nasionale Jeugrisiko-gedrag opname (Reddy et al. 2012). 'n Derde van die Suid-Afrikaanse meisies het ook getoon dat hulle probleme vir hulle somtyds te erg is om alleen te hanteer. Hierdie tendens van meisies wat sukkel om alleen hulle probleme te hanteer dui daarop dat hulp benodig word vir opvoedingsprogramme om meisies te bemagtig met vaardighede om hulle probleme te hanteer (Pillay et al. 2010:92-93).

2.8 DEPRESSIE IN VERHOUDING TOT ANDER SINDROME

Calles (2007:246) sê daar is 'n groot kans dat jonger mense wat aan depressie ly ook aan angstigheids sal lei of andersom. Twintig tot 75% van jeug met depressie ly ook aan angstigheids. Angstigheids is 'n gemodstoestand van onbestemde vrees, om baie erg bekommerd te wees (WAT 2016). Oor die algemeen is die tendens dat angstigheids voor depressie ontwikkel in kinders wat vatbaar is vir albei, maar daar kon nie vasgestel word of angstigheids depressie veroorsaak nie.

Angstigheids, eetversteurings en dwelmmisbruik kom gereeld saam met depressie voor (Petersen 1993:159). Wanneer meisies 'n slegte beeld van hulle liggame het, mag dit lei tot eetversteurings en dan tot depressie. Ekstreme gewig- en eetversteurings loop hand aan hand met depressiewe buie. Depressie word aangetref saam met 'n breë spektrum van ander versteurings (ibid.).

Geestesgesondheidsprobleme onder tieners word veroorsaak deur verhoudings tussen biologiese, psigologiese en sosiale faktore (Lack en Green 2009; Merikangas et al. 2009). Wong et al. (2006) en Dew et al. (2008) het bevind dat geloof 'n potensiële beskermende faktor teen die ontwikkeling en voortsetting van geestesversteurings en risikogedrag onder tieners is. Die meerderheid van tieners in Noord-Amerika sien hulleself as gelowig en dit maak Wong et al. (2006) en Dew et al. (2008) se studies waardevol. Dit is al gereeld opgeteken dat geloof 'n afname in dwelmmisbruik onder tieners meebring (Nonnemaker et al. 2003; Dew et al. 2008). Dwelmmisbruik is 'n gevolg van depressie maar kan aan die anderhand ook geneig wees om tot depressie te lei (Bartkowski en Xu 2007). Tienermeisies in NGK Waterkloof is geneig om alkohol as dwelmiddel te misbruik. 'n Mens se sosiale omgewing word deur Bartkowski en Xu (2007) voorgestel as 'n bemiddelaar in die verhouding tussen geloof en die afname van dwelmmisbruik. 'n Sosiale omgewing kan gesien word as die ondersteunende bronne waartoe individue toegang kan kry deur hulle sosiale netwerke (Rasic et al. 2011:390). Dit word gewoonlik beskryf in terme van sosiale netwerke en deelname in sosiale vertrouwe en wederkerigheid (Abbott en Freeth, 2008). Die sosiale omgewing word geassosieer met verskeie risikofaktore soos dwelmmisbruik, verskeie tipes risikogedrag en depressie (ibid). Geloof word geassosieer met sterk sosiale netwerke en daarom kan die sosiale omgewing 'n belangrike meganisme wees waardeur geloof ingespan kan word om geestesgesondheid te bevorder. Daar is wel nog nie baie studies gedoen wat die sosiale omgewing as sulks in ag neem in die analyses nie (ibid). Die afleiding kan moontlik gemaak word dat die bron van depressie wat in hierdie studie ondersoek word, kontemporêre jeugkultuur, dalk juis gebruik kan word as 'n meganisme saam met geloof om depressie te verminder (ibid.).

2.9 SLOT

In hierdie hoofstuk is daar gekyk na die invloed van van kontemporêre jeugkultuur en hoe dit tot depressie by tienermeisies kan lei. Daar is bevind dat kontemporêre jeugkultuur wel 'n invloed kan hê op tienermeisies wat aan depressie ly.

Die verskil in depressie onder tienermeisies en -seuns is ondersoek. Daar is gevind dat tienermeisies oorwegend meer as tienerseuns aan depressie ly. Hierdie studie se hoofokus is op tienermeisies eerder as tienerseuns omdat tienermeisies meer geneig is om aan depressie te lei as seuns.

Die hoofstuk het daarop gefokus om die navorsingsteorie oor die invloed van populêre jeugkultuur op depressie onder tienermeisies, spesifiek in NGK Waterkloof, te bevestig. Die studie wil kyk hoekom tienermeisies geneig is tot herhalende depressiewe episodes. Die inligting in hierdie hoofstuk het verskeie onderwerpe ondersoek en het bevind dat tienermeisies in NGK Waterkloof moontlik aan depressie kan lei as gevolg van die liggaamsbeeld wat voorgehou word van hoe 'n meisies in 'n gegoede samelewing moet lyk en optree, asook die druk wat hulle ervaar om te presteer. Verder is daar gevind dat die tienermeisies van NGK Waterkloof moontlik oorweldig kan voel deur al hulle aktiwiteite en geen vaste waardesisteem het nie omdat daar nie tyd is om 'n vaste familiestruktuur te skep nie.

Depressie as sindroom is ondersoek, asook die simptome wat depressie aantoon. Verskillende omgewingsfaktore wat 'n invloed op depressie tydens tienerjare het soos skool, huis en die Internet is breedvoerig bespreek asook ook hoe sosiale ondersteuning kan bydra tot die verligting van depressie onder tienerdogters. Depressie is ook in verband gebring met verskynsels soos angstigheid, eetversteurings en dwelmmisbruik wat telkemale hand aan hand loop met depressie. Dit is daarom belangrik geag om ook die bydrae daarvan te ondersoek.

In die volgende hoofstuk word die terme *geloof*, *spiritualiteit* en *godsdienst* breedvoerig bespreek. Daar word na die positiewe en negatiewe invloed van die Christelike geloof, spiritualiteit en godsdienst op tienermeisies met depressie gekyk. Hierdie terme sal binne die konteks van jeugbediening geplaas word en daar sal gekyk word hoe depressiewe tienermeisies in NGK Waterkloof hulle Christelike identiteit aan die hand van jeugbediening kan vorm.

HOOFSTUK 3

DIE INVLOED VAN SPIRITUALITEIT, GELOOF EN GODSDIENS IN JEUGBEDIENING VAN TIENERMEISIES MET DEPRESSIE

3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word daar gereflekteer oor die konsepte *godsdienst*, *spiritualiteit* en *geloof* as relevant vir depressie en depressiewe simptome onder tienermeisies asook die hulp wat dit vir jeugbediening kan bied. Daar gaan gekyk word na die waarde van godsdienst en spiritualiteit vir tienermeisies met depressie en simptome van depressie. Godsdienst, spiritualiteit en geloof sal in verband gebring word met die vakdissiplines Sielkunde en Psigiatrie.

Die normatiewe taak word in hierdie hoofstuk bekyk. Osmer (2008:143-145), praat van profetiese onderskeiding wanneer dit kom by die normatiewe taak. Profetiese onderskeiding maak gebruik van drie metodes om God se woord vir huidige situasies te ontdek, naamlik teologiese interpretasie, etiese refleksie en goeie praktyke. Teologiese interpretasie fokus op die interpretasie van die huidige situasie en konteks deur middel van teologiese konsepte (Osmer 2008:139).

Daar sal dus gefokus word op depressie onder tienermeisies en hoe teologiese konsepte, godsdienst, spiritualiteit, geloof en jeugbediening geïnterpreteer kan word om sodoende van hulp te kan wees vir die bevinding dat populêre jeugkultuur 'n invloed op depressie onder tienermeisies het. Etiese refleksie gaan daarvoor om etiese beginsels, reëls of riglyne te gebruik om die studie te lei om om jeugleraars op 'n verantwoordelike wyse teologies in te lig oor die belangrikheid van die navorsing en hoe dit geïnterpreteer kan word (ibid:161). Beginsels en riglyne binne jeugbediening sal gebruik word.

Goeie praktyke speel twee verskillende rolle in Osmer se model vir profetiese onderskeiding. Die twee rolle is interpretasie en ontleding. Interpretasie gaan kyk na effektiewe jeugbediening in NGK Waterkloof deur van die navorsing te gebruik wat in die studie voorkom. Ontleding gaan die interpretasie van die navorsing gebruik en voorbeelde gee van goeie praktyke wat 'n nuwe verstaan van God, die Christelike geloof en sosiale waardes, buiten dit wat reeds verskaf word, bied (ibid.:153). Aan die

einde word die vraag gestel: hoe kan daar binne jeugbediening gereageer word op die probleem van depressie onder tienermeisies as gevolg van populêre jeugkultuur. (ibid:133).

3.2 DEPRESSIE, GELOOF EN SPIRITUALITEIT

3.2.1 Depressiewe adolessente, geloof en sielkunde

In hulle studies oor depressie en geloof onder tienermeisies vind Miller en Gur (2002:212) dat persoonlike toewyding en deelname in die geloofsgemeenskap geassosieer word met die afname in die risiko vir depressie in meisies (ibid.).

Adolessensie is vir verskeie redes 'n relevante en belangrike tyd om die verhouding tussen geloof en depressie te bestudeer, volgens Pearce, Little en Perez (2003:268). Hierdie sielkundiges stel dat kognitiewe vooruitgang adolessente toelaat om aan abstrakte denkwyses oor geloof deel te neem. Tweedens noem hulle dat die jeug van die Verenigde State van Amerika geloofswaarhede aanneem en in geloofsaktiwiteite betrokke raak. Dit suggereer dat geloof 'n belangrike rol in die lewens van baie adolessente in Amerika speel. Derdens, sê hulle dat portuurgroepverhoudings baie belangrik is vir adolessente. Geloofsinstusies kan die ontwikkeling van portuurgroepverhoudings en die voorsiening van sosiale ondersteuning wat geassosieer word met laer vlakke van depressie bevorder.

Die manier hoe adolessente hulle geloof ervaar en beoefen kan 'n aanduiding gee of hulle aan depressie ly of nie. Pearce et al. (2003:269), maak hierdie aanname as gevolg van bevindings in hulle literatuur oor sosiale ondersteuning wat later in hierdie hoofstuk dieper bestudeer sal word. Laer vlakke van sosiale ondersteuning en negatiewe sosiale interaksie word geassosieer met negatiewe geestesgesondheid onder adolessente. Individue wat deelneem aan geloofsaktiwiteite het groter sosiale netwerke en meer sosiale bronne. Hulle verklaar dat hulle meer tevredenheid ervaar met die ondersteuning wat hulle ontvang as daarsonder (ibid.).

Spesifieke dimensies soos gemeenteondersteuning en die kwaliteit van interaksies waaraan adolessente by hulle kerke deelneem behoort meer akkuraat en insiggewend te wees oor die invloed van godsdiens op jongmense wat depressiewe simptome het (Pearce, Little en Perez 2003:269).

Dit is duidelik uit bogenoemde dat die geloofsgemeenskap 'n belangrike rol in tieners se lewens speel. Tot en met 2015 het NGK Waterkloof nie baie op die jeug in die kerk gefokus nie. Na die aanstelling van 'n jeugleer in 2015 is daar meer op die jeug gefokus. Alhoewel daar meer fokus op die jeug geplaas is, is daar min gemeentelike wat werklik belangstel en ondersteuning bied aan die jeug. Die jeug word as 'n aparte groep gesien wat nie waarlik as belangrik geag word nie. Sedert 2015 is daar gepoog om meer persoonlike verhoudings te bou met die jeug en so is die waarneming gemaak dat baie van die tienermeisies depressief is (Howell 2015-2017). Alhoewel verhoudings en interaksie belangrik geag word vir die jeugbediening in NGK Waterkloof, is dit moeilik om dit ten volle te laat gedy as gevolg van 'n gebrek aan belangstelling van ouer gemeentelike. 'n Ander faktor wat ook bydra tot lae sosiale ondersteuning en interaksie onder die jongmense is dat hulle baie besig is. Daar is gevind dat geleenthede in die week nie suksesvol is nie, as gevolg van hulle besige programme. Dit is beter om eerder hulle sportbyeenkomste en kultuuraande by te woon en ondersteuning te wys as om funksies te hou wat faal.

3.2.2 Geloof en spiritualiteit in verhouding met sielkunde en psigiatrie

Geloofs- en spirituele kwessies kan, wat die behandeling van adolessente betref, in verhouding staan met psigiatrie en sielkunde (Richards en Bergin, 2000). Psigiatrisie en sielkundige terapie vir tieners sluit baie keer die fasilitering van 'n individuele proses in met tieners. Die ontwikkeling van die adolessent se geloof werk vanuit die konteks van die familie waarin die tiener grootgeword het se geloof, en baseer dit dan op 'n persoonlike geloofs- of spirituele ervaring (Miller en Gur, 2002:213). Meisies wat besig is om seksueel volwasse te word en aan depressie ly of 'n hoërisikogeval vir depressie is, kan voordeel geniet uit die fasilitering van die individuele proses van geloof deur die versterking van persoonlike geloofs- en spirituele ervaring (ibid.).

Alhoewel by NGK Waterkloof die jeugbedienaar poog word om persoonlike afsprake met tienermeisies te maak, is dit nie moontlik om altyd by al die meisies uit te kom nie (Howell 2015-2017). Die lading is te groot vir een persoon. Gemeentelike moet ook bemagtig word om tienermeisies met depressie individueel by te staan en 'n geloofspad saam met hulle te loop. Deur so 'n proses word die tienermeisies begelei om hulle geloof beter te verstaan en spirituele ervaring te ontdek.

Adolessente wat in God glo se geloof is vir hulle belangrik. Hulle woon eredienste by en daar is minder depressie en gesondheidsrisiko's as by hulle portuurgroep wat minder gelowig is (Cotton et al. 2005:529. 'n Algemene konsep in die navorsing oor adolessente is die fokus op toekomsgerigtheid. Die konsep van die lewe se betekenis en rigting is gegrond in eksistensiële welstand en wanneer 'n persoon glo dat sy of haar lewe 'n doel het. Cotton et al. (2005:529.e12) se navorsing toon dat eksistensiële welstand 'n sterker verhouding met gesondheid het as met tradisionele geloofsideale soos byvoorbeeld uitgedruk in: "Ek glo dat daar 'n Hoër krag in my lewe is wat my liefhet en vir my omgee". Meeste van die 134 tieners wat die vraelys aangaande spiritualiteit, godsdiens en depressiewe simptome in adolessente ingevul het, het aangetoon dat hulle 'n konneksie het met geloofs- en spirituele konsepte. Adolessente wat hoër vlakke van spirituele welstand getoon het, het minder depressiewe simptome gehad en minder risikogedrag getoon. Die navorsing van Cotton et al. ondersteun ook die belangrikheid van die insluiting van breër konsepte van spiritualiteit wat verder strek as geloofsidentiteit en die bywoning van dienste, bv. die rol van spirituele welstand in die bevordering van tienergesondheid (ibid.).

Cotton et al. (2005:529.e13) vind in hulle studies dat geloof net so 'n groot rol in die welstand van tieners speel as meer gereelde psigososiale veranderlikes van belang, byvoorbeeld geslag en familiestruktuur (ibid.). Adolessente ervaar baie uitdagings in die huidige samelewing. Klinici moet dus bewus wees van alle soorte hulpmiddels wat aan tieners ondersteuning en leiding bied. Spiritualiteit kan adolessente help as 'n manier van ondersteuning wat vir hulle betekenis en 'n doel kan gee (ibid.).

Die Christelike geloof en godsdiens kan ook in gevalle 'n bydrae maak tot die depressiesimptome van baie van die tienermeisies in NGK Waterkloof (Howell 2015-2017). Baie van die meisies glo dat sekere reëls nagevolg moet word om in die hemel te kom as 'n persoon sou doodgaan. Wanneer hulle van hierdie reëls oortree, soos byvoorbeeld deur alkohol te misbruik, te skinder en selfsugtig te wees, voel die meisies dat hulle moet opmaak vir hulle foute anders sal hulle nie hemel toe gaan nie. Die doel van die studie is tienermeisies te begelei om 'n beter verstaan te hê van 'n God van Liefde. In plaas daarvan dat hulle geloof hulle depressief maak, moet ruimtes geskep word waar hulle God as positief ervaar; dat God vir hulle lief bly ten spyte van die mens se sondige natuur.

Volgens Schapman en Inderbitzen (2002:631) kan deelname aan geloofsaktiwiteite simptome van depressie verlaag. Dit is wel onseker of dié konneksie direk verband hou met geloofsoortuigings of indirek deur die samehang van familie of sosiale ondersteuning (Calles 2007:251). Vir die afname van depressiesimptome is eksistensiële welstand die belangrikste faktore, naamlik die gevoel dat die lewe 'n doel en 'n toekoms het (Calles 2007:251). Daarna dra geloofswelstand by, deur 'n persoonlike verhouding met God te hê.

Braam et al. (2008), asook Koenig et al (1998), het in hulle navorsing bevind dat ouer mense met vaste geloofsoortuigings laer vlakke van depressie toon, en ook vinniger herstel van depressiewe episodes. Bevindings onder adolessente toon gemengde resultate. Sommige studies wys laer depressievlakke onder adolessente wat vaste, sterk geloofsoortuigings het (Harker 2001; Horowitz en Garber 2003; Miller en Gur 2002; Wright et al. 1993) maar ander toon weer dat daar geen ooreenkoms tussen geloof en depressie is nie (Patcock-Peckham et al. 1998; Resnick et al. 1997). Daar is ook sommige studies wat daarop dui dat sekere aspekte van geloof depressie verhoog (Cotton et al. 2005; Sorenson et al. 1995). Uit die navorsing wat gedoen is, blyk dit dat meer onlangse studies toon dat geloof wel 'n effek op depressie het by adolessente, hetsy positief of negatief (Cotton et al. 2005; Sorenson et al. 1995; Harker 2001; Horowitz en Garber 2003; Miller en Gur 2002).

Dew et al. (2008:247) meen dat daar verskeie faktore is wat lei tot die gemengde resultate. Hulle stel dat die verskil in definisies en standaarde waaraan geloof en spiritualiteit in verskillende studies gemeet word 'n bydraende faktor is. In hulle artikel, *Religion, Spirituality, and Depression in Adolescent Psychiatric Outpatients*, maak Dew et al. (op.cit.) gebruik van Josephson en Dell (2004) se definisies van geloof en spiritualiteit. Geloof verwys na 'n sistematiese versameling van dinge waarin mense glo en beoefen in 'n gemeenskap wat op die heilige of transendente gerig is. Spiritualiteit verwys na 'n meer persoonlike soektog na die transendente wat nie noodwendig gemeenskapgeoriënteerd is nie. 'n Ander bydraende faktor tot die gemengde resultate is dat daar nog min studies gedoen is wat gefokus het op kliniese bevolkings. Alhoewel epidemiologiese studies bydra tot die verstaan van psigiatriese siektes, is daar nog min navorsing gedoen onder adolessente wat dit moeilik maak om assosiasies te vind met geloof. Dit is wel moontlik dat geloof 'n ander uitwerking kan

hê op 'n spesifieke gemeenskap as op kliniese versamelings (ibid.). Laastens is daar min studies wat dwelmmisbruik in ag neem. Die inagneming van dwelmmisbruik is belangrik omdat dit baie maal tot depressie lei (Bartkowski en Xu 2007). Sulke studies is belangrik omdat daar telkemale gevind is dat daar 'n verband is tussen geloof en spiritualiteit en die misbruik van dwelms onder tieners en omdat depressie baie keer hand aan hand loop met dwelmmisbruik (ibid.). Tienermeisies in NGK Waterkloof is geneig om alkohol te misbruik. Dit kan 'n bydraende faktor tot hulle depressie wees.

In hulle navorsingstudie oor depressiewe adolessente tussen die ouderdom van 14 en 18-jaar-oud met 147 adolessente het Dew et al. (2008:247) gevind dat daar drie aspekte van geloof was wat geassosieer word met depressie, onafhanklik van die gebruik van dwelmmiddels. Die eerste een was vergifnis. Adolessente wat geneig is om mense nie te vergewe nie en gevoel het dat God hulle nie vergewe nie, het meer aan depressie gelei as ander. Daar was ook 'n verwantskap tussen depressie en negatiewe geloofsondersteuning. Gemeentelede word gesien as krities en veeleisend. Sosiale aspekte van geloofsbetrokkenheid is veral relevant ten opsigte van adolessente omdat interaksie buite die familiesfeer ook 'n groot rol in die vorming van adolessente se identiteit speel. Daar is gevind dat depressiewe simptome verband hou met negatiewe aspekte van geloof. Dew et al (2008:249) vra ook aan die adolessente wat aan die ondersoek deelgeneem het die vraag of hulle gevoel het dat God hulle verlaat het en of hulle voel dat God hulle straf vir hulle sonde en gebrek aan spiritualiteit.

Wanneer geloof 'n faktor is by tienermeisies met depressie kan dit waardevol wees om hulle vir pastorale berading te stuur saam met hulle sielkundige behandeling (Dew et al. 2008:250). Die manier waarop individue hulle spiritualiteit beoefen om stres te verminder, wys dat dit verskillende uitwerkings het op 'n mens se geestesgesondheid, onafhanklik van geloofsbeoefening. Dié studie spreek ook net twee aspekte van geloof aan, naamlik geloofsbeoefening en belangrikheid van geloof. Dit omvat dus nie die volle omtrek van 'n individue se geloof nie (Rasic et al. 2011:393).

Die tienermeisies in NGK Waterkloof bevraagteken God se teenwoordigheid in die wêreld (Howell 2015-2017). Kontemporêre kultuur stel hulle bloot aan die mees onlangse nuus oor wat in die wêreld gebeur. Wanneer daar terroristaanvalle was of

mense naby hulle leed aangedoen was, dan wil hulle weet waar is God. Hulle voel hulle word geleer dat God alomteenwoordig is, maar verstaan nie hoekom daar dan aanvalle en slegte dinge plaasvind nie. Op hierdie manier sien die meisies God in 'n negatiewe lig, want hulle word geleer dat God alles kan doen en dat God liefde is maar Hy laat toe dat slegte dinge gebeur.

Die mees onlangse navorsing wat bestudeer is vir hierdie studie en wat bo genoem word, dui daarop dat geloof en spiritualiteit eerder 'n positiewe as negatiewe effek het op adolessente met depressie. Hierdie studie sal fokus op die positiewe eienskappe van die Christelike geloof en spiritualiteit en die hulp wat dit kan bied vir depressiewe tienermeisies.

3.3 SPIRITUALITEIT, GODSDIENS EN GELOOF GEDEFINIEER

Die volgende gedeelte sal fokus op Osmer (2008:143) se eerste metode van profetiese onderskeiding naamlik: teologiese interpretasie. In die onderstaande uiteensetting word godsdiens wyd binne die Christelike geloof verken en geïnterpreteer. Soos reeds in hoofstuk 2 genoem gaan daar in hierdie studie gebruik gemaak word van Miller en Martin (1988:200) se definisie van spiritualiteit omdat dit ooreenstem met geloof binne die Christelike raamwerk van die NG Kerk. Miller en Martin (ibid) beskryf spiritualiteit as die erkenning van 'n transendente krag, wese of werklikheid wat groter is as die mens self (ibid.).

Volgens Davis et al. (2003:358) kan godsdiens gedefinieer word as 'n getrouheid aan 'n bepaalde stelsel van geloof en aanbidding. Godsdiens beskik gewoonlik oor doktrines en bestaan uit 'n gemeenskap van mense met dieselfde geloof in God. Godsdiens voorsien 'n struktuur en ruimte waar mens die spirituele kan ervaar. Verskillende sienings van godsdiens bepaal hoe mens God sien en verstaan en dit het 'n invloed op angstigheid en of dit verhoog of verlaag (ibid.). In sy boek, *Great Christian Thinkers*, sê Hans Küng (1994:166) dat godsdiens nie 'n wetenskap is nie. Die uitstaande kenmerk van godsdiens is dat dit 'n geheimsinnige ervaring is: om beweeg te word deur die wêreld van die ewige. Godsdienstige mense smag daarna om die heelal te ervaar, die totaliteit van dit wat is en dit wat in die onmiddellike gebeur te sien en voel (ibid.). Geloof kan ook 'n geloof van die hart wees: daardeur ontmoet

mense God en word hulle aangegryp, vervul en beweeg in hulle diepste innerlike wese en in totaliteit deur die oneindige wat aktief is in die eindige (Küng 1994:167).

Godsdiens se taak is om die mens te help om kreatief, vreedsaam en gelukkig te lewe met die realiteite waarvoor daar nie maklike antwoorde is nie en met probleme wat nie opgelos kan word nie, soos ons menslikheid, pyn, rou, die ongeregtheid van die lewe en wanhoop. Oor die eeue heen het mense so rasioneel moontlik probeer wees en probeer om alles wetenskaplik te bewys om hulleself gerus te stel en moed te gee in moeilike situasies. Wetenskap kan baie goed verklaar en ook siektes genees, maar dit kan nie die vrees, teleurstelling en hartseer wat daarmee gepaard gaan wegvat nie. Dit is nie binne die bereik van die wetenskap nie. Godsdiens werk nie outomaties nie. Dit vereis baie en kan onsuksesvol wees as dit vals, afgodsdienstig of selfsugtig is. Godsdiens is 'n praktiese dissipline met insigte wat deur spirituele oefeninge en 'n toegewyde leefstyl na vore kom (Armstrong 2010:305).

Die Christelike geloof is een aspek van die breë spektrum van godsdiens. Christelike geloof bevat die idee van die afstand tussen God en mens. Dit fokus nie net op ervaring nie, maar gaan nog verder en praat van 'n vertrouwe wat met tye blind kan wees. Dit het die ondertoon van 'nog nie': om te lewe vanuit 'n belofte (Berkhof en Woudstra 2010:16).

Die bogenoemde definisies is belangrik omdat dit die uitgangspunt is van die studie. Spiritualiteit, godsdiens en geloof is die basis wat die studie onderlê. Dit is die elemente wat ondersoek gaan word om te vas te stel of dit as veilige ruimte vir depressiewe tienermeisies kan dien. Wanneer daar gepraat word van godsdiens, spiritualiteit en geloof in hierdie studie, word daar na hierdie terme gekyk vanuit 'n Christelike perspektief binne jeugbediening.

3.4 DIE POSITIEWE EN NEGATIEWE GEVOLGE VAN GELOOF OP TIENERMEISIES MET DEPRESSIE

Depressie en simptome van depressie is van die algemeenste van alle geestesgesondheidstoestande wat voorkom. Gegewe die feit dat dit so groot kwessie is, het navorsers hulleself ingespan om faktore te identifiseer wat kan help om 'n vroeë diagnose te maak. Godsdiensbetrokkenheid is een van die faktore wat bespreek word. Studies dui daarop dat sekere aspekte van geloof soos publieke geloofs-betrokkenheid

en intrinsieke geloofsmotivering, in verhouding staan tot simptome van depressie, bedoelende dat mense wat meer betrokke is by godsdiens minder depressiewe simptome ervaar (Smith, Poll en McCullough 2003:614).

Positiewe en negatiewe interpersoonlike geloofsverhoudings het volgens Pearce et al (2003:274) die sterkste positiewe en negatiewe assosiasies met depressiesimptome. Hulle navorsing bevind dat adolessente se sielkundige welstand sterker met hulle sosiale ervarings binne geloofsgemeenskappe, eerder as met die bywoning van kerkdienste, geassosieer word. Pearce et al. (2003:274) bevind wel ook in hulle navorsing dat tieners wat voel dat hulle gemeentes te hoë verwagtinge het en baie eise aan hulle stel, meer depressiewe simptome getoon het. Negatiewe ervarings en verhoudings kan ongunstige gevolge hê en selfs die goeie aspekte van 'n verhouding met God verswelg. Tieners wat depressief is word deur negatiewe gesprekke aangetrek en sien enige aanmerkings of kommentaar as krities of veeleisend. 'n Negatiewe temperament kan daartoe lei dat 'n tiener negatiewe sosiale interaksie met ander het en dit kan bydra tot die ontwikkeling en en voortbestaan van depressiewe simptome (Pearce et al. 2003:274).

Daar is ook goeie rede om te glo dat depressiewe simptome godsdienstigheid kan beïnvloed. Mense wat simptome van depressie in 'n hoë mate ervaar, kan moontlik minder genot uit godsdienstige byeenkomste put waar hulle voorheen geluk ervaar het. Dit kan oor tyd uitbrei tot hulle publieke en private betrokkenheid by geloofsake. Die gevolg hiervan kan wees dat die depressiewe simptome 'n gebrek aan energie of fisiese gestremdheid inhou en voorheen godsdienstige mense bevind hulleself danu in 'n posisie waar hulle nie meer soos voorheen aan godsdienstige aktiwiteite kan deelneem nie. Dit laat hulle minderwaardig voel as hulle hulleself teen die standarde van iemand wat aktief gelowig is opweeg. Aan die ander kant vind mense met depressiewe simptome ook soms berusting in hulle geloof, is dit vir hulle 'n vertroosting en kan dit ook hulle godsdienstigheid verhoog (Smith et al. 2003:615).

Hier is dit belangrik dat die kerk deur jeugbediening haar stempel moet afdruk. Die kerk moet vir depressiewe tienermeisies 'n positiewe en lekker plek wees om heen te gaan, 'n plek waar hulle weet hulle geestelik verryk sal word. Dit moenie vir hulle 'n straf wees om deel van die kerk se jeug te wees nie. Dit moet 'n plek wees waar almal welkom is. Jeugbediening moet aangebied word op 'n manier wat vertrouwen by

depressiewe tienermeisies en daar moet 'n bekende bediening wees wat vertrouwe skep. Jeugbediening moet dus byhou met die tyd en konteks van die jeug en eredienste daarvolgens inruim. 'n Uitdaging vir NGK Waterkloof is om die jeugbediening so in te ruim dat dit relevant is vir die tieners, spesifiek depressiewe meisies. Al is die leraar nie baie ouer as die tieners nie, is die gaping nog steeds van so aard dat die leraar nie altyd die tieners se konteks verstaan nie, omdat die leraar self nie in die spesifieke konteks leef nie, en ook in 'n baie ander soort konteks grootgeword het.

3.4.1 Godsdienstige meganismes wat kwesbaarheid tot depressie kan verlaag

Baie navorsers is van opinie dat godsdienstigheid kwesbaarheid vir depressie kan verlaag. Daar is vier moontlike meganismes wat dit moontlik maak volgens Smith et al. (2003:615).

1. **Verlaagde dwelmmisbruik:** Statistiek wys daarop dat 'n hoë gebruik van dwelms hand aan hand loop met depressiewe simptome. Dit dui daarop dat dwelmmisbruik 'n risikofaktor kan wees vir die ontwikkeling van depressie. Daar is ook bewyse dat godsdienstige betrokkenheid tot laer gebruik van dwelms onder beide adolessente en volwassenes lei. Die uitwerking van godsdiens in die verlaging van dwelmmisbruik kan toegeskryf word aan die morele voorskrifte van godsdiens (Osmer 2008:161) en dat mense afgeraai word om interaksie te hê met dwelmverslaafdes. Godsdiensbetrokkenheid kan dus indirek ook 'n invloed hê op mense se vatbaarheid vir depressie deur dwelmmisbruik te verminder (Smith et al. 2003:516). Wanneer daar na dwelmmisbruik verwys word in NGK Waterkloof, is dit meestal die misbruik van alkohol (Howell 2015-2017). Tienermeisies vanaf die ouderdom van dertien drink en rook en deel dit oor sosiale media. Godsdiensbetrokkenheid moet dus by tienermeisies in NGK Waterkloof aangemoedig word.
2. **Sosiale ondersteuning:** Geloofs-betrokkenheid gee vir mense die toegang tot sosiale ondersteuning wat navorsing bevind het mense teen depressie beskerm. Mense wat by godsdiens betrokke is, het meer informele sosiale kontakte en is meer aktief betrokke as mense wat nie godsdienstig is nie. As daar gesê word dat geloofs-betrokkenheid mense in kontak bring met sosiale ondersteuning, kan hierdie deelname gesien word as 'n meganisme wat

rekening hou met die omgekeerde assosiasie van godsdienstigheid en depressiewe simptome (ibid.). Die sosiale ondersteuning wat NGK Waterkloof bied is dat tienermeisiens enige tyd 'n leraar kan kontak om hulle te besoek en te help met kwessies van enige pastorale aard. Die tieners bou ook 'n goeie verhouding met hulle kategeet deur die jaar en vorm 'n vertrouensverhouding met die betrokke persoon.

3. **Evaluering van lewensgebeurtenisse:** Godsdienstige mense het maatstawwe om die negatiewe gebeurtenisse in hulle lewens te evalueer en dit verlaag die stres van die gebeurtenisse. Godsdienstige persone wat glo dat hulle lewens deur 'n hoër krag beheer word of dat negatiewe lewensgebeurtenisse met 'n rede gebeur of dat lewensgebeurtenisse 'n geleentheid is vir spirituele groei, beleef gebeurtenisse in die lewe as minder bedreigend en stresvol as ongelowiges (Smith et al. 2003:616). Hierdie positiewe punte van godsdiens kan help om sommige godsdienstige individue teen depressie te beskerm. Die positiewe punte van godsdiens is iets wat meer dikwels in NGK Waterkloof beklemtoon moet word .
4. **Streshantering:** Liggaamlike siek mense wat aangedui het dat hulle godsdiens gebruik om hulle gesondheidsprobleme te hanteer het ook aangedui dat dit depressie verminder. Dit dui daarop dat godsdienstigheid mense kan beskerm teen depressie deur hulle te help om negatiewe sielkundige simptome te oorkom (Smith et al. 2003:616). Die tienermeisies van NGK Waterkloof moet aangemoedig word om hulle godsdiens intrinsiek deel van hulle lewe te maak oral waar hulle gaan. Godsdiens kan as 'n hanteringsmeganisme gebruik word vir depressiewe tienermeisies om vanuit 'n ander hoek na hulle omstandighede te kyk en ook te besef dat al gaan dit sleg is God steeds vir hulle 'n Vertrouster en by hulle. Dit is belangrik dat Bybelstekste wat tydens jeuggeleenthede hanteer word daarop wys dat God as vertrooster altyd daar is en om ook Bybeltekste relevant te maak tot hulle eie stories. Op so 'n manier kan godsdiensbeoefening baie waardevol wees.

3.4.2 Godsdienshantering ten opsigte van depressie

Dit is moontlik dat mense wat betrokke is in godsdiens 'n laer graad van depressiewe simptome ervaar as ongelowiges, veral mense wat onder hoë stres verkeer. Die

positiewe uitwerking van godsdiens op mense met depressie is nie dieselfde by alle persone nie. Dit hang af van etnisiteit, ouderdom en geslag. Daar moet ook in ag geneem word dat alle navorsing nie op dieselfde manier gedoen word nie en daarom ook nie dieselfde resultate toon nie. In een geval is daar opgeteken dat godsdiens 'n negatiewe effek op depressie het wanneer daar na godsdiens verwys word as publieke betrokkenheid of inherente motivering, maar dat depressievlakke verlaag word wanneer godsdiens as 'n private aangeleentheid gesien word (Smith et al. 2003:616).

Die assosiasie tussen godsdiens en depressie hang baie af van die manier hoe godsdiens hanteer word. Spesifiek kan daar gekyk word na die manier hoe mense hulleself deel maak van godsdiens om hulle self te vind, en aan die ander kant negatiewe godsdienshantering deur God te blameer vir die slegte goed wat in die lewe gebeur, of om sekere godsdienstige aktiwiteite te beoefen om te vergeet van jou probleme (Smith et al. 2003:627). Hierdie studie fokus op hoe jeugbediening die Christelike godsdiens kan gebruik en die positiewe effekte wat dit kan hê op depressie lyers in jeugbediening en hoe dit toegepas kan word juis op tienermeisies wat depressief is. Jeugpreke kan handel oor godsdienstige hanteringsmeganismes vir depressiewe tienermeisies. Preke moet positief wees en depressiewe tieners laat fokus op die goeie.

Dit is belangrik vir die predikant om ingelig te wees oor depressie en om die simptome te herken. Die predikant moet sensitief wees teenoor mense wat simptome van depressie toon en 'n veilige ruimte aan depressiewe tienermeisies bied om hulle emosies te deel eerder om dit as sonde af te maak (Sorenson 2013:352). Die Christelike godsdiens sal maklik gevoelens van depressie en wanhoop wil verduidelik of afmaak as niks as gevolg van onkunde oor hierdie geestesgesondheidsiekte (Sorenson 2013:348,349). Dit is daarom belangrik dat wanneer dit bespreek word, 'n ruimte geskep word waar depressiewe tienermeisies nie voel dat hulle veroordeel word as gevolg van die feit dat hulle depressie het nie.

3.4.3 Gehegtheid aan God

In hulle joernaalartikel skryf Kunkel et al.(1999:193-202) dat Calvyn gesê het: "As jy nie jouself ken nie, kan jy nie vir God ken nie en as jy nie vir God ken nie, kan jy nie jouself ken nie." Kennis oor God word Godsbeelde of Godskonsepte genoem (Kunkel

et al. 1999:193). Tydens die afgelope jare is daar baie studies gedoen oor Godgehegtheid en dit word as belangrik gesien in die velde van sielkunde, teologie en religie. 'n Reeks assesseringsinstrumente is ontwikkel om mense se verhoudingservaring met God te meet vanuit 'n gehegheidsgebaseerde raamwerk (*attachment theory*) (Counted 2016:2,3). Die beeld wat mense van God het, bepaal hulle realiteit (Kunkel et al. 1999:193). Navorsers gebruik hierdie gehegheidsverband as 'n instrument om individue se gehegheidsverhouding met God te assesser in terme van vermyding en intimiteit met God, angstigheid oor of God die mens gaan verlaat of 'n ongeorganiseerde patroon waar die individue terselfdertyd bang is vir God en dat hulle verwerp gaan word. Die mens se ervaring van gehegheidsfigure is byvoorbeeld hul ouers of hulp om menslike verhoudings beter te verstaan (Counted 2016: 2,3).

Teoretici en godsdienssielkundiges assosieer geloofservarings in terme van 'n verhouding met die self en ander. Die geestesvoorstellings van die self en ander bepaal 'n persoon se kognitiewe, emosionele en gedragsfunksionering, beide in hulle verhouding met God en nabye ander persone. 'n Gelowige ervaar 'n verhouding met 'n godheid of God gewoonlik as 'n gehegheidsverhouding waar die gelowige God of die godheid sien as 'n heilige gehegheidsfiguur en 'n betroubare metgesel. Hierdie manier om God te ervaar as 'n heilige gehegheidsfiguur stel die gelowige in staat om God te sien binne die konteks van die gehegtheidstaalkriteria. Daar is 'n verskil in Godgehegtheidstaalervaring afhangende van die invloed van ouergehegtheid of die agtergrond van 'n persoon se spiritualiteit of geloofservaring (Counted 2016:4). Hierdie studie kyk ook na die rol wat ouers kan speel in jeugbediening om hulle dogters te help met depressie vanuit 'n geloofsperspektief. Dit sal breedvoerig in hoofstuk 4 bespreek word.

Die definisie van 'n gehegheidsverhouding tussen God en gelowige is: 1. 'n teken van nabyheid of die instandhouding van nabyheid, 2. 'n veilige hawe en veilige basis, 3. 'n reaksie op skeiding en verlies en, 4. iemand wat sterker en wyser is as die self. Wanneer God as persoonlik in 'n verhouding ervaar word en 'n impak het op 'n persoon se identiteit en sy of haar kapasiteit om 'n emosionele krisis te hanteer, dan beliggaam hierdie gehegheidservaring 'n gehegtheidstaal wat 'n blywende en sterk band voorstel (Counted 2016:5).

In sy studie “God as an Attachment Figure”, het Counted (2016) gepoog om te kyk hoe Suid-Afrikaanse Christenjeug God ervaar as ’n gehegheidsfiguur. Hy het gebruik gemaak van die kriteria van Godgehegtheidstaal. Navorsers oor gehegheidsteorie redeneer dat ’n ouer-kind verhouding die verhoudingservaring van individue vorm. Die versorgerervaring in ’n ouer-kind verhouding word gereflekteer in ’n individue se verhoudingservaring met God (ibid.). As gevolg van die besige lewens van tieners en ouers in NGK Waterkloof word die ouer-kind verhouding afgeskeep. Baie van die ouers werk van vroeg tot laat en is afhanklik van oppassers om hulle kinders rond te ry. Verhoudings tussen ouers en depressiewe tienermeisies is van belang. Jeugbediening kan ook ’n ruimte skep vir ouer-kind verhoudings, ’n geleentheid waar ouers saam met hulle tieners godsdiens, spiritualiteit en geloof kan ervaar, beleef en beoefen.

Victor Counted, navorsingsvennoot aan die departement praktiese teologie en missiologie aan die Universiteit van Stellenbosch het indiepteonderhoude gedoen met 15 Christenjongmense van verskillende jeuggroepe in verskillende kerktradisies in Stellenbosch, Wes-Kaap in Suid-Afrika. Die studie is gedoen om te kyk hoe die tieners gebruik maak van hulle Godgehegtheidstaal (Counted 2016: 7- 8). Die tieners het gebruik gemaak van ’n metaforiese teologie in die vorm van Godsbeelde of geloofstaal, veral wanneer hulle probeer het om die spanning en konflik met God as gehegheidsfiguur te hanteer en hulle eintlike lewe te toets teenoor wat werklik noodsaaklik is (ibid.). Die Godkonsep is ’n indikasie van geloof of ’n kognitiewe verstaan van God wat ’n sekere vlak van konneksie, identifikasie of sosialisering met ’n heilige gehegheidsfiguur aandui binne ’n geloofsgemeenskap. Die Godgehegtheidstaal word gebruik word om ’n mens se verhouding met die gehegheidsfiguur uit te druk. Die Godkonsep word ontwikkel deur wat mens geleer word oor God en word soms gebruik om die teenwoordigheid van die Godgehegtheidstaal te versterk (ibid.)

Oor die algemeen het dit gelyk of Counted (2016) se tieners met wie hy onderhoude gevoer het, ’n goeie band met God gehad het. Dit is bevestig deur verskeie simboliese woorde soos: “soms naby,” “goed”, “veilig”, “persoonlik”, “baie sterk” en “vertrou”. Soms is hierdie verhouding ook in konflik met oortredings van die verlede. Die konflik met hulle verlede maak hulle onseker oor verhoudings in die toekoms en dit geld ook vir hulle verhouding met God. Die studie het verder gekyk na die konflikte wat

teenwoordig is in die tieners se verhouding met God. Hierdie konflikte is ook belangrik vir hierdie studie omdat dit juis van die Christelike geloof gebruik wil maak om tienermeisies met depressie te help. Daarom is dit belangrik om te kyk watter konflikte daar is tussen tieners en God en hoe mens dit kan aanspreek:

1. **Verbind, maar bekommerd om God se liefde te misbruik deur Hom op die kant te sit:** In Counted (2016:11&12), se empiriese studie vind hy dat tieners God sien as 'n outoriteitsfiguur aan wie hulle iets verskuldig is. Wanneer hulle dan nie genoeg aandag aan God gee nie of sonde doen soos wat hulle dit verstaan vanuit verskeie Bybeltekste, ontwikkel hulle 'n skuldgevoel teenoor God en voel hulle sleg dat hulle God afskeep. Tienermeisies in NGK Waterkloof is bang dat as hulle foute maak, hulle sal 'hel' toe gaan as hulle eendag doodgaan.
2. **Verbind, maar het geen persoonlike verhouding met God nie:** Tieners dra ook skuldgevoelens, want hulle voel hulle verhouding met die Here is nie persoonlik genoeg nie en dat hulle meer aandag aan mense gee as aan God. Depressiewe tienermeisies in NGK Waterkloof is onseker oor hulle verhouding met God, juis ook oor vrae soos: "Hoekom gebeur daar slegte goed met goeie mense?" Daar ontstaan die onsekerheid of God werklik altyd daar is (Counted 2016:12).
3. **Verbind, maar is bang om nie sterk genoeg vir God te wees nie:** Tieners is bewus van God se genade, maar is bang hulle val weer terug na die "wêreld" se gewoontes. Vir vertroosting maak hulle gebruik van metaforiese taal uit die Bybel wat aan hulle gemoedsrus gee (Counted 2016:13&14). Gedurende die belydenisklas kry elke tiener jaarliks die geleentheid om hulle gunsteling-Bybelboek te noem en hoekom dit hulle gunstelingboek is. Meeste van die meisies se gunsteling is die Psalms. Hulle sê dat die Psalms vir hulle vertroosting bring en persoonlik met hulle praat. Hulle assosieer met baie van die Psalms.
4. **Verbind, maar bekommerd dat God nie gee waarvoor mens gehoop het nie:** Daar ontstaan 'n onsekerheid onder sommige tieners wanneer hulle vir God iets vra en God gee dit nie vir hulle nie. Wanneer daar nie dadelik geantwoord word op versoeke nie, neem sommiges dinge in hulle eie hande. Daar word onder sommige tieners geglo as hulle al die "regte" stappe, volgens

hulle eie oordeel, neem om goeie Christene te wees, moet dinge uitwerk soos hulle beplan. Wanneer dit nie gebeur nie, dan raak hulle kwaad vir die Here, want hulle verstaan nie hoekom Hy nie sy kant sal bring as hulle hulle kant bring nie. Party dink dat God plesier daaruit put om hulle te sien swaarkry (Counted 2016: 14-18). Hierdie konsep is ook waar wat die tienermeisies van NGK Waterkloof betref. Hulle denke oor God is 'n formule. Wanneer die formule gevolg word, is hulle van mening dat dit die regte antwoord sal gee. Dit beteken dat baie van die depressiewe tienermeisies glo dat wanneer hulle volgens hulle eie aannames alles doen wat hulle moet om 'n 'goeie Christen' te wees, sal hulle beloon word of kry waarvoor hulle gevra het. As dit nie so gebeur nie, verloor hulle soms vertroue in God en dit maak hulle depressief.

Die tieners wat deel uitgemaak het van Counted (2016) se empiriese studie het almal van verskeie Bybeltekste gebruik gemaak om óf hulle standpunt te staaf en hulle skuldgevoel te regverdig óf om verligting te bring vir die skuldgevoel wat in hulle woed. Francis et al. (2001:106) glo daar 'n empiriese verhouding onder jeugdiges bestaan tussen geloofsoortuigings en die self. Geloofsoortuigings kan 'n positiewe of negatiewe uitwerking hê op die ontwikkeling van die self. Die bepalende faktor wat die verhouding positief of negatief sal maak, is die beeld van God wat die Christelike geloof skep (ibid.:107). Positiewe Godsbeelde soos 'n God van liefde en vergifnis word geassosieer met 'n positiewe beeld van die self. Negatiewe Godsbeelde soos 'n God wat wreed is en mense straf word geassosieer met 'n meer negatiewe beeld van die self. Vanuit 'n sielkundige perspektief kan godsdiens óf mense bemagtig óf hulle strem (ibid.).

3.5 DEPRESSIE EN DIE INVLOED VAN SPIRITUALITEIT OP TIENERMEISIES

3.5.1 Depressiewe tienermeisies en verhoudingspiritualiteit

Baie navorsing dui daarop dat verskillende geslagte se depressiewe simptome tydens hulle tienerjare verskil (Angola, Costello en Worthman 1998; Aube et al. 2000; Ge et al. 1994; Kubik et al. 2003). Tienermeisies is twee keer meer geneig as tienerseuns om verskeie simptome van depressie te ontwikkel wat verdwyn in hulle volwasse jare (Kesler et al. 1993; Nolen-Hoeksema, Larson en Grayson, 1999; Weissman et al. 1984; Pillay en Sargent 2003; Hesketh en Ding 2005). Navorsing in Suid-Afrika toon dat drie keer meer vrouens as mans hulp ontvang vir depressie (Pillay en Sargent

2003). Die nagevolge van depressie soos selfdoodneigings en om jouself te beseer maak depressie onder tienermeisies 'n noodtoestand. Internasionaal is gewys dat selfskadegedrag 'n groot risiko is vir tienermeisies tussen 15 en 19 jaar oud, 'n tyd wanneer hulle op hulle kwesbaarste is (Evans et al. 2005).

Spiritualiteit en geloof is nou verweef met mekaar, maar daar is steeds verskillende onderskeidings tussen hierdie terme wat verduideliking nodig het. In Miller se studie: *Relational Spirituality and Depression in Adolescent Girls* (2007), word spiritualiteit gedefinieer as "n gevoel van nabyheid aan God". Dit sluit gevoelens in van 'n konneksie met die wêreld of 'n bewustheid van 'n transendente dimensie. Miller (2007:1022) definieer godsdienstigheid, anders as spiritualiteit, as 'n toewyding aan 'n sisteem van oortuigings en aanbidding, wat persoonlike en gemeenskaplike beoefening kan behels. 'n Spirituele ervaring kan voorkom tydens die beoefening van godsdienst, maar dit kan ook buite die sfeer van godsdienstpraktike plaasvind, byvoorbeeld deur natuurervaring of om iets goeds te doen. Tienermeisies toon hoë vlakke in die oortuiging dat 'n aangaande dialoog en dinamiese, persoonlike verhouding met God nodig is. Tienermeisies in vergelyking met seuns heg meer waarde aan 'n persoonlike verhouding met God, om na God te gaan vir leiding en om God te sien as aktief betrokke in hulle daaglikse lewens (Miller en Gur 2000:1190-1197; Smith 2005; Timminen 1994:61-84).

Desrosiers en Miller (2007:1023) ondersoek in hulle artikel *Relational Spirituality and Depression in Girls* die term *verhoudingspiritualiteit*. Hulle kyk juis na hierdie term omdat navorsing, soos bo genoem, telkemale bevestig dat tienermeisies groot waarde vind in 'n persoonlike verhouding met God. Verhoudingspiritualiteit word gedefinieer as die self in 'n verhouding met God of die Heelal. Die definisie word verbreed om ook nie-Christene in te sluit (ibid.). Verhoudingspiritualiteit maak die stelling dat daaglikse ervarings verstaan kan word deur dialoog met God. Dit is sentraal tot die empiriese literatuur wat aanspraak daarop maak dat die positiewe gebruik van geloof tydens moeilike situasies depressiesimptome verminder. Navorsing het gewys dat verhoudingspiritualiteit in vrouens soos gemeet deur 'persoonlike toewyding', 'n sin van konneksie en 'n voortdurende verhouding met God, gedeeltelik bydra tot breë oorerflikheid en die beskermde gevolge daarvan teen depressie tydens puberteit.

Meisies se geneigdheid tot 'n vorm van verhoudingspiritualiteit tydens puberteit is konsekwent met ander bevindings oorgeslag en spiritualiteit.

Sommige dimensies van godsdiens bied dieselfde beskermende kwaliteite aan tienermeisies as persoonlike spiritualiteit (Desrosiers en Miller 2007:1022). Wright et al. (1993:559) bevind in hulle studie dat die depressietelling van tienerseuns en -dogters wat deelneem aan openbare geloofsaktiwiteite soos gereeld kerk toe gaan en spirituele ondersteuning kry, laer is as by dié wat nie hieraan blootgestel was nie (ibid.). Adollesente meisies, in vergelyking met adollesente seuns, is meer betrokke en ernstig oor sosiale godsdiens soos kerkbywoning en interaksie met ander gelowiges. Hulle is ook meer geneig om ander te vergewe soos God ons vergewe.. Oor die algemeen neig seuns daarna om God te sien as "Regter" wat oordeel en om sodoende gehoorsaam te wees aan die reëls binne hulle eie spesifieke godsdiensorde (Kendler et al. 2003:496-503; Tamminen 1994:61-85). Die wêreldwaardesopname van 1995-1997 het die sterk verskil tussen geslagte uitgewys wat betref kerkbywoning, geloof in lewe na die dood en gereeld bid. Meisies het op elke gebied hoër vlakke getoon as seuns (Miller en Stark 2000:1399-1423).

Spiritualiteit en godsdiens in jeugbediening moet gaan oor hoe tieners God sien en met God assosieer. Spiritualiteit en godsdiens vir tieners op hierdie tydstip van hulle lewe gaan daaroor om 'n vaste fondament te kry waarop hulle kan bou deur hulle tienerjare en ook hoe om hierdie fondament in stand te hou (Maiko, 2007:28; Pittman et al. 2008: 31). Jeugbediening moet juis depressiewe tienermeisies in interaksie bring met die enigste, liefdevolle God wat lewend, kragtig en waar is (Strong 2015). Om depressiewe tienermeisies net oor God te leer is nie genoeg nie, daar moet ook 'n liefdesverhouding met God gedemonstreer word (Prince 2009:157). Vir effektiewe jeugbediening onder depressiewe tienermeisies, moet die meisies as individue benader word en nie as 'n groep wat almal eenders moet wees nie (Strong 2015).

Depressiewe tienermeisies in NGK Waterkloof moet bemagtig word om hulle spiritualiteit op meer as een plek te beoefen. Dit moenie net vasgemaak word aan die kerk nie. Wanneer die meisies in staat gestel word om in hulle daaglikse lewe hulle spiritualiteit te beoefen, kan hulle depressie afneem.

3.5.2 Geslagsverskille en depressie onder tieners

Miller en Kelly (2006), vind in hulle artikel *Spirituality orientated psychotherapy with youth: A child-centered approach* dat een van die grootste beskermingsfaktore teen depressie spiritualiteit is, maar die beskerming verskil ook van geslag tot geslag. Literatuur bevestig die tendens in die verskil van depressie tussen tienermeisies en seuns. Dit gee genoeg rede om die verskillende dimensies van spiritualiteit te ondersoek wat geassosieer word met depressie in tienermeisies in vergelyking met seuns. Dit verdiep ons verstaan van die fenomenologiese en etiologiese verstaan van verskille in depressie in geslagte (Desrosiers en Miller 2007:1022).

Desrosiers en Miller (2007) het 'n empiriese studie gedoen met 615 adolessente tussen die ouderdom van 13-23 wat 'n breë raamwerk van etnisiteit verteenwoordig het asook geloofsdienomiasies. Hulle studie het gefokus daarop om geslagsverskille in die verhouding tussen spiritualiteit en depressie te ondersoek. Hierdie studie is gedoen in die breër New York Metropolitaan in Noord-Amerika (ibid:1024). Hulle bevinding is dat adolessente meisies beduidend meer betrokke is in die dimensies van verhoudingspiritualiteit bv. daaglikse spirituele ervarings en om geloof as 'n positiewe manier te gebruik om situasies te hanteer. By meisies is hierdie twee verhoudingsdimensies van spiritualiteit direk met depressie geassosieer. Desrosiers en Miller (2007:1031) se navorsing bevestig vorige navorsing wat bevind dat vrouens, in vergelyking met mans, oor die algemeen spiritualiteit en geloof konseptualiseer in terme van verhoudings en konneksie. Vrouens omarm die emosionele en intuitiewe elemente van geloof eerder as om dit logies en rasioneel te probeer verstaan (Ozorak 1996:17-29). Vrouens se voorstelling van God is meer geneig om die verhouding van geneser, moeder, vader en vriend te betrek as mans se voorstellings. Tienermeisies ervaar God se nabyheid meer gereeld as seuns. Hierdie nabyheid word meestal ervaar tydens 'n intense emosionele staat soos alleenheid of rou (Tamminen 1994:60-85).

Die verhouding tussen persoonlike toewyding ('n persoonlike verhouding met die goddelike), en depressie onder tienermeisies het getoon dat 'n persoonlike verhouding met die goddelike 'n 32-43% afname in depressie meebring (Miller en Gur 2002:206). Die assosiasie tussen depressie en nie-institusionele godsdiensbetrokkenheid asook

gebed as vertroosting en hantering van situasies om depressie te verminder het volgens Mirola (1999), se navorsing in haar artikel: *A refuge for some: Gender differences in the relationship between religious involvement and depression*, bevind dat dit slegs 'n impak gehad het op die vermindering van depressie onder vrouens en nie onder mans nie. Daar is getoon dat tienermeisies wat hulle stres hanteer deur hulle persoonlike geloof soos gebed of gesprekke met geloofleiers en goeie verhoudings met vriende minder depressiewe simptome het. Daar is gevind dat dit nie dieselfde geval is met tienerseuns nie (Feldman et al. 1995:333). Wanneer talle navorsing in ag geneem word, suggereer literatuur dat spiritualiteit wat in 'n persoonlike hoedanigheid beoefen word deur 'n verhouding met God voorkomend kan wees teen depressie onder tienermeisies (Desrosiers en Miller 2007:1022).

Geslagsverskille in verhoudingspiritualiteit kan geïnterpreteer word in die lig van teoretiese en empiriese navorsing oor geslagsverskille in sosio-morele ontwikkeling. Die verhoudingskonneksie is vir vrouens in die geheel belangrik om sosiaal oor die weg te kom en in moreel en etiese besluitneming (Brown en Gilligan 1992). Vrouens is geneig om hulleself te definieer in terme van verhoudings met ander en neem morele besluite gebaseer op omgee en sorg vir ander. Mans aan die ander kant strewe na identiteit gebaseer op outonomie en skeiding van ander. Hulle is nie konteksgebonde wanneer dit kom by morele en etiese besluite nie, hulle het vaste reëls waarby hulle hou. Tienermeisies is meer interpersoonlik as seuns en verkies emosionele kommunikasie en reaksie binne verhoudings. Dit maak sin dat meisies spirituele verstaan omarm aangesien hulle persoonlik omgaan met die sosio-morele wêreld. Verhoudings is dus vir hulle belangrik (Aube et al. 2000:297-313).

Geïdentifiseerde patrone van diskonneksie as 'n sielkundige stryd in vrouens word dikwels geassosieer met depressie (Gilligan 1982). Empiriese navorsing ondersteun hierdie teorie van Gilligan waar vervreemding in verhoudings ook geassosieer word met depressie (Aube et al. 2000:297-313). Op 'n spirituele vlak kan die bogenoemde inligting daarop dui dat ontwrigting in verhoudingspiritualiteit geassosieer kan word met depressie by tienermeisies (Desrosiers en Miller 2007:1031). Die risiko dat meisies twee keer meer geneig as seuns is om aan depressie te ly kan wees as gevolg van 'n innerlike stryd van meisies om hulle persoonlike konneksie met God te versorg of selfs as geldig te sien (ibid.). Depressie onder meisies het volgens Horwath, Cohen

en Weissman (2002) 'n epidemie geword en die oorsaak daarvan is moontlik 'n gebrek aan ondersteuning deur die samelewing of die bekragtiging van verhoudingspiritualiteit gedurende die tyd wat meisies hulleself ontdek as eie mens.

Hierdie studie wil ondersteuning bied vir meisies wat depressief is binne jeugbediening, 'n plek waar hulle spiritueel binne die Christelike geloof gevoed kan word, waar hulle emosies en gevoelens 'n groot rol speel en hulle 'n hegte band met God kan bou en hulle begelei kan word om elke dag God raak te sien in hulle lewe. Spiritualiteit moet nie net 'n Sondagaktiwiteit word wat by die kerk beleef word nie, maar moet deel van die meisies in NGK Waterkloof se alledaagse lewe word.

3.6 EFFEKTIEWE JEUGBEDIENING

Die volgende gedeelte sal fokus op Osmer (2008:161), se tweede metode van profetiese onderskeiding, naamlik: etiese refleksie. Etiese beginsels en studies van jeugbediening word gebruik binne die Christelike geloof en gereformeerde tradisie.

Strong (2015 n.d.), skryf in haar artikel *Effective Youth Ministry: Theological-driven in a cultural context* dat jeugbediening nie daarin slaag om die jeug in volwasse Christene te laat ontwikkel nie. Jeugbediening gebruik volwasse teologiese materiaal en water dit af om eenvoudiger te wees sodat die jeug dit kan verstaan of lê fundamente van hoe die jeug as volwassenes Christene moet wees (Yust et al. 2006:4). Die gebrek aan goeie en effektiewe jeugbedieningmateriaal skep die persepsie dat jeugbediening nie vir die kerk belangrik is nie (Weber 2014:123). Die belangrike vraag wat gevra moet word ten opsigte van die krisis in jeugbediening is: Wat wil God hê moet ons doen? (Osmer 2009:7).

Die probleem van hedendaagse jeugbediening is dat dit daarop fokus om vir tieners lewensvaardighede te leer. Dit is nie ten volle teologies gedrewe nie (Purves 2004?). Dean (2010:6), sê in haar boek *Almost Christian: What the Faith of Our Teenagers is Telling the American Church* dat die kerk nie daarin slaag om die Christelike geloof aan tieners oor te dra nie. Haar bevinding is dat meeste tieners kerk toe gaan en na kerks funksies om vriende te maak of te behou. Tieners gaan nie kerk toe om hulle geloof te versterk en te verdiep nie. Shafer (2008:6) het in sy finale navorsing oor jeug in die kerk bevind dat die impak van jeugbediening op tieners se lewens gemeet word

in maande, nie jare nie. Barna (2000) se studie oor tieners en die kerk het gevind dat die kerk nie van veel waarde is om hulle te help nie. Tieners verlaat die kerk as gevolg van die feit dat die Christelike geloof nie goed oorgedra word nie. Hulle gaan nie weg oor wie God is of die leer van Jesus nie, maar omdat die Christelike leer nie goed verkondig word nie (Barna 2000; Dean 2010:24; Senter 2010:36).

King en Sobolewski (2006:11) se mening is dat die sukses van jeugbediening binne die teologie lê, naamlik om tieners die Woord van God te leer en hulle te lei in sy teenwoordigheid. Om die kultuur te verstaan waarbinne tieners grootword is belangrik, maar dit is belangrik dat kultuur nie die basis word vir jeugbediening nie, maar dat teologie die fondament bly. Die gevaar ontstaan dat die moderne kultuur, gewilde kuns, media en musiek belangriker word as die teologie, omdat die moderne kultuur tieners trek en dit laat voorkom of die jeugbediening baie goed doen (Dean 2001:15). Jeugbediening se interaksie met populêre kultuur is belangrik om te verstaan om die roeping van die kerk te vervul en om effektief met tieners te kommunikeer. Kultuur moet egter nooit die fondament en hart van jeugbediening word nie (Mueller 2007:17). Vir jeugbediening om effektief te wees, moet die kultuur van die tyd nie net verstaan word nie, maar dit moet ook 'n gepaste plek kry in jeugbediening (Linhart en Livermore 2011:28-31). Die evangelie moet maklik toegankbaar gemaak word vir tieners op 'n manier wat hulle spirituele behoeftes asook hulle daaglikse uitdagings aanspreek (Groome, 1980:73).

Tieners se konteks en kultuur speel 'n rol in hulle geloof. Om die evangelie vir hulle meer verstaanbaar te maak kan stories vertel word uit hulle wêreld wat aansluit by Jesus se leringe in die Bybel. Wanneer die raamwerk vir effektiewe jeugbediening gebou word, moet die kultuur van tieners verstaan word sodat die Waarheid aan tieners oorgedra word op 'n manier wat hulle verstaan en met hulle harte praat (Strong 2015). Die rol van die kerk is om 'n geloofstruktuur te bou deur Christelike geloofsopvoeding wat fokus om tieners te help om te groei in hulle geloof (Weber 2014:124).

Wanneer daar met tieners in die kerk gewerk word, moet dit nie gaan oor 'n stel reëls wat hulle moet nakom wanneer dit kom by geloof nie, dit moet eerder gaan oor die genade wat die Christelike geloof meebring (Powell, Griffin en Crawford 2013: 33- 35). Weber (2014:124), sê in haar PhD tesis *Faith formation of young people in an evangelical context: An empirical and theoretical investigation*, dat 'n geloof wat

genade ernstig opneem, fokus op die oorwinning van sonde in tieners eerder as om te fokus op hoe tieners minder kan sondig. Tieners moet gehelp word om hulle vertrouwe en krag in Christus Jesus te ontdek. Wanneer die kerk tieners se vertrouwe in Christus ontwikkel, bied sy ook 'n veilige omgewing vir tieners om hulle geloof te verken (ibid.). Tieners moet geleer word dat die eerste roeping wat Christus vir hulle het is om op Hom te vertrou. Tieners moet weet dat God vir hulle lief is en hulle aanvaar net soos hulle is. Op hierdie manier leer hulle om in dankbaarheid te lewe vir God se voorsiening en teenwoordigheid in hulle lewens (Weber 2014:124). Tienermeisies met depressie kan aanklank en baat vind by God as 'n konstante wat hulle met alles kan vertrou. Hulle kan hulle emosies en gevoelens deel met die Here en weet dat God nie hulle sal verlaat nie en dat God is lief vir hulle net soos hulle is.

Die uitdaging van jeugbediening in die era van postmodernisme is om die evangelie op 'n nuwe manier te verkondig deur stories en ander artistiese vorme asook tegnologie, sonder om die waarheid van die evangelie te verloor (Strong 2015 n.d.). Tieners hou baie van stories (Mueller 2007:110). Dit is dus belangrik om beelde en stories in die boodskap in te werk wanneer dit kom by jeugbediening (Carson en Keller 2012). Hierdie praktyk hou verband met Osmer (2008:145) se derde profetiese onderskeiding naamlik interpretasie. In NGK Waterkloof kan die Bybelwaarhede oorgedra word deur dit verhalend te vertel en om moeilike konsepte aan die hand van 'n moderne storie te vertel. Op hierdie manier kan tieners aanklank vind by 'n storie wat in hulle dag en tyd afspeel, maar die waardes en teologie van die Bybel wat steeds die kern van die verhaal is.

3.7 DIE VORMING VAN CHRISTELIKE IDENTITEIT DEUR WAARDES

In hierdie gedeelte sal daar na Osmer (2008:146), se laaste metode van profetiese onderskeiding gekyk word nl. analise. Analise ondersoek hoe tienermeisies hulle identiteit vorm en hoe hulle geloof en die kerk as bronne kan dien om anders na hulleself te kyk.

Sosiale netwerke speel 'n belangrike rol in tieners se identiteitsvorming. Daar is verskeie platforms waarop tieners aktief is en daar word ook terugvoer gegee deur hulle portuurgroep op die verskeie netwerke (Powell, 2013:53). Tieners word op baie maniere blootgestel aan die samelewing deur aktiwiteite waaraan hulle deelneem by

die skool of privaat en ook op sosiale media, waar hulle beïnvloed word deur sekere artikels of modes (ibid.). Bogenoemde speel alles 'n rol in tieners se identiteitsvorming asook hulle verstaan en ervaring van geloof. Dit is belangrik om kennis te neem van die verskeie invloede op tieners se vorming van identiteit sowel as hulle geloof. Alles is nie vir hulle vanselfsprekend nie. Die feit dat hulle so blootgestel word aan alle aspekte van die samelewing maak dat hulle sukkel met dit wat die Christelike geloof van hulle vra, naamlik om hulle self te verloor om 'n nuutgebore mens in Christus te wees.

Christene moet hulle identiteit in Christus vind en nie in aktiwiteite nie (Crabb 2002:27). Meer klem moet geplaas word op die vestiging van Christelike deugde as op spirituele praktyke. Die afleiding is dat waardes soos integriteit en selfbeheersing die morele lewenstyl van jongmense sal verbeter wat weer in effek 'n verskil sal maak in die keuses wat hulle maak aangaande geloof (Weber 2014:144). Waardes is 'n belangrike faktor wanneer dit kom by verandering (Van Niekerk en Hay 2009:420). Hierdie studie wil tienermeisies wat aan depressie ly help. Deur vir hulle Christelike waardes te leer is een moontlikheid van hulp wat jeugbediening kan bied. Waardes beïnvloed mens se keuses en besluite in gedrag in verskillende kontekste. Waardes toon die belangrikheid van mens se visie en die doel wat mens vir jouself stel (ibid.). Dit is belangrik om te kyk watter waardes vir depressiewe meisies belangrik is en hulle lewens en gedrag beïnvloed. Dit is belangrik om presies te weet wat jou waardes is sodat 'n mens kan verstaan watter groot invloed dit op 'n mens se lewe het. Individue wat sekere dinge waardevol vind, word gemotiveer om volgens die waardes te lewe van daardie praktyk (ibid.:420).

Christelike waardes moet meer beklemtoon word in jeugbediening. Die basiese waardes van die mens is om aan die lewe te bly en gelukkig te wees. Waardes wat geassosieer word met geluk is vriendskap; liefde beide in 'n romantiese sowel as in 'n vriendskaplike verhouding en om suksesvol in mens se werk te wees. Om te kan ontspan en geluk te vind in die uitleef van mens se stokperdjies maak die lewe oor die algemeen makliker (Van Niekerk en Hay 2009:420). Lewenshouding bepaal die manier waarop waardes 'n mens se lewe beïnvloed. Die lewensposisie wat 'n mens aanneem, ontwikkel gewoonlik op 'n jong ouderdom en bestaan uit veralgemenings waarvan 'n persoon meestal onbewus is, maar wat 'n groot invloed op alle dimensies van 'n persoon se gedrag en ervarings van die lewe het. Waardes word gewoonlik

uitgedruk in die vorm van begeertes, wense en voorkeure vir wat 'n mens graag wil bekom. As die doel behaal word, sal die persoon gelukkig wees; wanneer die doel nie behaal word nie sal so 'n persoon ongelukkig wees. Die waardes wat geassosieer word met die veeleisendheid van die lewensposisie waarin 'n persoon haarself bevind, word gewoonlik uitgedruk as eise wat gestel word wat verskeie persoonlike verwagtings inhou of eise wat nie moontlik is om aan te voldoen nie (ibid.). Mense se etiese waardes word beïnvloed deur hulle geloof en geloof deur hulle etiese waardes (Weber 2014:132). Daar is te veel Christene wat depressief is omdat hulle nie die verwagte doel behaal nie omdat hulle probeer byhou met die verskillende praktyke eerder as verhoudings. Bybelse beginsels word afgemaak tot wêreldse beginsels wanneer dit gevolg word om die beter lewe te kry wat verwag word (ibid:133).

Dit is van kardinale belang dat die jeug geleer word wie hulle waarlik is in Christus (Weber 2014:133). Dit sal hulle vry maak van die geweldige druk om te presteer en elke doel te bereik wat aan hulle gestel word en wat hulle aan hulleself stel. Wanneer jongmense hulleself assosieer met waardes soos die vrug van die Gees soos beskryf in Galasiërs 5:22-23 (Bybel 1983:218), naamlik: liefde, vrede, vreugde, geduld, vriendelikheid, goeiehartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing, dan sluit dit aan by hulle geloof. Hierdie waardes het 'n invloed op hoe hulle lewe en die lewenskeuses wat hulle maak. Wanneer Christelike waardes deel van depressiewe tienermeisies in NGK Waterkloof se lewens word dan sal hulle makliker keuses kan uitoefen en 'n vaste fondament hê waaruit hulle leef. Die invloed van populêre jeugkultuur sal minder wees omdat hulle waardes nie afhanklik is van hierdie kultuur nie. Hierdie waardes sal hulle ook nader bring aan die essensie van die Christelike geloof, dat Jesus ons Redder en Verlosser is en ons vrygespreek het van al ons sonde. Wanneer depressiewe tienermeisies weet waarin hulle glo en hoe om hulle waardes uit te leef, sal hulle meer geluk kan vind omdat hulle weet waar hulle hulp vandaan kom en waarin die waarheid van die lewe lê.

3.8 DIE ROL VAN DIE NG KERK BY DIE VORMING VAN CHRISTELIKE IDENTITEIT

Die NG kerk kan 'n groot rol speel om depressiewe tienermeisies te help om hulle identiteit te ontwikkel en ook ondersteuning aan die meisies bied. Tieners is ook nie altyd bewus van die hulp wat in hulle gemeenskap aangebied word nie en dit is nodig

om dit duidelik te maak aan hulle waar hulle hulp kan vind en sorg dat dit 'n gemaklike omgewing is (Pillay et al. 2010:92-93).

Die NG Kerk kan so 'n rol vervul as sy die regte metodes gebruik. 'n Belangrike aspek van tiener wees is om te weet dat hul iets het om by te dra tot die lewe en dat ander mense hul bydrae waardeer. Depressiewe tienermeisies kan geleer word om te onderskei wat hulle talente en spirituele gawes is sodat hulle nie so maklik hulleself met ander tieners vergelyk nie, veral in die kompeterende konteks waarin die tienermeisies van NGK Waterkloof grootword. Wanneer hierdie gawes gedeel word saam met die liggaam van Christus, leer hulle wat dit beteken om gasvrye Christene te wees (Weber 2014:124). Depressiewe tienermeisies kort 'n ruimte waar hulle kan reflekteer op hulle geloofsgroei en effektiewe jeugbediening in die kerk kan so 'n ruimte skep. Die hoop in Christus help depressiewe tienermeisies om te verstaan dat daar meer in die lewe is as net die hede. Dit is belangrik om juis hierdie boodskap van hoop oor te dra omdat die samelewing aanhoudend onmiddellike bevrediging as 'n noodsaaklikheid bemark (ibid.).

Nog 'n aspek wat van belang is vir tienermeisies met depressie is dat hulle deur die NG kerk se jeugbediening geleer moet word hoe belangrik stilte is en om die stem van die Here in hulle lewens te hoor. 'n Omgewing met interaksie, gesprekke, debatte en luister oor die Bybel is ook bydraend en sal die meisies weer op 'n ander manier help wanneer hulle na God se rol in en doel vir hulle eie lewe soek (Weber 2014:125). Die NG Kerk se jeugbediening en die kerk as geheel moet erken dat dit belangrik is dat tienermeisies wat sukkel met depressie op daardie stadium in hul lewens met hulle geloof worstel en moet ruimtes verskaf waarin hulle ervarings kan deel tot so 'n mate dat dit deur 'n predikant gefasiliteer word (Maiko 2007:31). Die ruimtes moet ook raad en ondersteuning kan bied vir dit waarmee die tienermeisies worstel.

3.9 SLOT

Soos reeds genoem, is tienermeisies twee keer meer as adolessente seuns geneig om aan depressie te ly of depressiewe simptome te ontwikkel. Statistiek toon dat die persentasie adolessente meisies wat aan depressie ly besig is om toe te neem. Daarom is dit dus belangrik om hulpmiddels te skep en te ontwerp om hulp te verleen aan meisies wat sukkel met depressie of depressiewe simptome.

Spiritualiteit, godsdiens en geloof speel 'n groot rol in baie tienermeisies se lewens. Daar word getoon dat dit kan help tot laer vlakke van depressie onder depressiewe tienermeisies

Hierdie hoofstuk het gekyk na die waarde van geloof, spiritualiteit en godsdiens vir tienermeisies wat aan depressie ly as gevolg van populêre jeugkultuur. Daar is gevind dat hierdie drie elemente wel 'n positiewe rol kan speel om hulp te bied vir tienermeisies met depressie. Daar is gekyk hoe jeugbediening spiritualiteit, godsdiens en geloof kan hanteer.

Hoofstuk vier sal fokus op riglyne en verskeie hulpmiddels wat 'n kerk se jeugbediening, spesifiek NGK Waterkloof jeugbediening, kan gebruik om dié meisies wat aan depressie ly te kan begelei en te ondersteun. Hoofstuk vier sal vanuit 'n praktiese teologiese oogpunt werk, met die klem op jeugbediening en sal feministiese teologie bybring as waardevolle bron vir die ontwikkeling van hulpmiddels vir tienermeisies wat aan depressie ly.

HOOFSTUK 4

PRAKTIESE TEOLOGIESE AANBEVELINGS IN JEUGBEDIENING VANUIT 'N FEMINISTIESE PERSPEKTIEF VIR TIENERMEISIES MET DEPRESSIE

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk gaan daar gekyk word na jeugbediening as dissipline binne praktiese teologie asook na feministiese teologie om moontlike hulpmiddels te ontwikkel ter ondersteuning van depressiewe tienermeisies in NGK Waterkloof. Hierdie hoofstuk Daar word ondersoek ingestel na hoe die kerk meisies met depressie en depressiewe simptome kan benader. Die vrae word gevra: Wat is die praktiese implikasies van hierdie studie en hoe kan daar gereageer word op die invloed van populêre jeugkultuur op depressie onder tienermeisies in NGK Waterkloof? (Osmer 2008:232, 233).

4.2 POSTMODERNISME EN JEUGBEDIENING

Tim Neufeld (2002:194) stel in sy artikel *Postmodern Models of Youth Ministry* dat jeugleraars sukkel om 'n doeltreffende struktuur vir jeugbediening te ontwikkel as gevolg van kultuurverandering. Die mensdom lewe nie meer in 'n kerkkultuur nie, veral ook in Suid-Afrika. Die waardes van die kerk is nie noodwendig die waardes van die samelewing nie (ibid.). Die opkoms van postmodernisme vra van die kerk om nuut te dink oor jeugbediening (ibid.:195). Postmodernisme bring 'n groot uitdaging vir die kerk. Tydens modernisme was daar 'n vaste struktuur vir jeugbediening en almal het daardie struktuur gevolg. Vandag is daar verskeie strukture om van te kies (ibid.:203). Daar is nie meer net een regte manier om jeugbediening te doen nie. Die konteks waarin jeugbediening beoefen word, is baie belangrik wanneer daar besluit word op die manier wat jeug in die kerk bedien moet word (ibid.:203). Roebben (1997:343) vra of die gaping tussen die samelewing en die kerk in 'n era van postmodernisme oorkom kan word.

In sy artikel *Illusions of Postmodern Youth Ministry* sê David White (2007:22) dat jeugbediening moet fokus op die vorming van jongmense se identiteit sodat hulle kan reageer op God se roeping om God en 'n mens se naaste lief te hê. Jeugbediening kan nie eksklusief fokus op die interpersoonlike wêreld van adolessente soos wat daar in die verlede in diepte daarop gefokus was nie. Populêre kommersiële jeugkultuur deurdrenk adolessente se lewens wat betref familie, gemeenskap, kunste en die kerk. Dit gebeur in so 'n mate dat jeugbediening nie net op 'n groot massa kan fokus wat almal dieselfde is nie; elke tiener reageer anders op die invloed van populêre jeugkultuur en word ook beïnvloed deur verskillende faktore. Die impak van hierdie kultuur kan nie misgekyk word nie; om dit te ignoreer beteken dat tieners oorgelaat word aan invloede wat hulle aandag aflei van 'n dieper bewustheid van God en hulle naaste en hulle verlange om hulle ware self te wees. Dit sluit ook God se groter storie in en hulle rol daarin (ibid.). Om die jeug te lei om te kan onderskei tussen verskillende invloede en beginsels behels sekere vaardighede. Een van hierdie vaardighede is om tieners se kultuur te ontleed en God se werk te ontdek te midde van hulle kultuur. Dit sluit teologie, Bybelse refleksie en gebed in en ook om tieners te lei om in kontak te tree met ander kulture en gemeenskappe om sodoende te reageer op God se roeping (ibid.).

White (2007:18) vra die vraag: Wat is die betekenis van postmodernisme vir jeugbediening? Om die betekenis van postmodernisme vir jeugbediening vas te stel, moet daar eers na twee sentrale temas van postmodernisme gekyk word, naamlik die ongeloofwaardige en oorbeklemtoonde narratiewe binne kontemporêre kultuur en dan te fokus op die manier hoe hierdie temas tieners en die manier wat jeugbediening toegepas word beïnvloed (ibid.). White (2007:18) kyk spesifiek na materiële kondisies van postmodernisme en hoe dit tieners beïnvloed veral in terme van hulle geloofslewe, en hulle roeping as Christene in hulle verhouding met God.

In NGK Waterkloof is die materiële kondisie wat 'n probleem is 'n oormaat van middele. Tieners word verlei om by te hou met huidige modes in klere, musiek en vermaak (White 2007:19). Die invloed van die verbruikerswese- en mark binne die narratief van NGK Waterkloof se tieners, 'n welaf sosiale omgewing inhibeer baie van die tieners om hulle identiteit te vind, veral hulle identiteit binne hulle verhouding met God. Dit geld natuurlik nie vir alle tieners nie, maar White (2007:20) meen dat die kultuur wat bepaal word deur die massa veroorsaak dat tieners nie gemaklik en natuurlik hulle

roeping in Christus kan vind nie en waardes soos liefde, vreugde, nederigheid en selfbeheersing word dan onderdruk. Die jeugbediening word ook nie na waarde geag nie en baie volwassenes steur hulle nie daaraan nie. Roebben (1997:343-346) se opinie is dat die kerk en die volwassenes in die kerk hulle siening van tieners sal moet verander. Tieners kan aanvoel dat hulle net verdra word en voel daarom nie meer tuis by die kerk as by enige ander sosiale funksie nie. Die evangelie moet ook nie verdraai word om by die tieners se lewens aan te pas nie. Jeugbediening moet eerder vra hoe die kerk moet lyk en optree teenoor tieners sodat hulle uit vrye wil kerk toe wil kom. Die evangelie moet verkondig word op 'n manier waarby hulle aanklank vind, sonder om dit goedkoop te maak (ibid.:346).

Nietzsche het dit onderskryf dat stories 'n vorm van krag is (White 2007:20). Die vraag vir die jeug van vandag is, sê White (2007:20), of hulle 'n storie kan vind wat groot genoeg is om wêreldsteme uit te daag. Deur hierdie groter stories moet tieners hulleself met hulp van jeugbediening kan bemagtig en weerstand bied teen die verbruikerskultuur wat hulle uitbuit. Dit gebeur wanneer die minderheidstem van die jeug onderdruk word deur dominante kragte wat stories bied soos geld kan geluk koop of dat 'n oormate van seksualiteit is 'n bewys van vroulikheid. Tieners moet leer om hierdie stories uit te daag en nuwe stories te begin wat groot genoeg is om hulle te laat floreer in hulle verhouding met God en die wêreld (ibid.). Die probleem ontstaan dat tieners nie altyd ruimte gebied word waar hulle dieselfde storie kan deel nie. Waar ouers altyd gedien het as kategetiese leiers en mentors, is tieners vandag meer gefassineer deur populêre kultuur wat deur die media gedryf word. Ouers het ook 'n gebrek aan belangstelling om die tieners te begelei en kennis aan hulle oor te dra (Roebben 1997:334). Hierdie vermaaklikheidswêreld waarvan tieners konstant deel is, verander aanhoudend die waardes en norme tot hulle eie voordeel. Wanneer tieners nie leiding ontvang wat geloof betref nie, bly hulle verbruikers wat vasgevang is in die aanhoudende veranderende mediabeelde en modes (Roebben 1997:334; White 2007:21). Tieners kort 'n groter storie waarom hulle hulle lewe kan bou, 'n storie wat getrou is aan wie hulle is en graag wil wees sonder die druk wat populêre jeugkultuur op hulle uitoefen.

Tieners moet sekere vaardighede aanleer om sekere beginsels en kragte te kan onderskei, insluitend om hulle kultuur te ontleed en ontdek hoe hulle binne die kultuur waarin hulle grootword, nog steeds God se werk en wese kan verstaan. Tieners moet

in staat gestel word om te kan onderskei tussen die verstaan van hulle kultuur en die waarheid van hulle geloof. Die kultuur van postmodernisme waarin hulle groot word leer dat alles subjektief is wat taal, kultuur en omgewing betref; daar bestaan nie iets soos 'n vaste waarheid nie (Kopp 2010:9; Roebben 1997:343-346; White 2007:22-24). Die Christelike geloof bestaan uit vaste waarhede met God as liefdevolle Gewer en Christus as Verlosser en Here. Ten spyte van 'n wêreld sonder waarhede en vaste beginsels, moet hierdie waarheid van die Christelike geloof kan deurdring tot tieners (ibid.:23). Alhoewel hierdie twee wêreldes teenoor mekaar staan, moet hulle saam gebruik word om tieners te kan inlig oor die waarheid van God in 'n kultuur van postmodernisme. *Millennials* is 'n baie individualistiese generasie en individualisme neem al hoe meer toe onder tieners met verloop van tyd (Twenge 2017). Binne die Christelike geloof gaan dit nie net oor die individue nie, maar ook om ander te dien en geregtigheid te laat geskied.

Wanneer jeugbediening erns maak met die kultuur van postmodernisme waarin tieners groot word, moet daar kreatiewe maniere gesoek word om met tieners te kommunikeer binne jeugbediening (White 2007:23). Daar sal meer na hierdie kreatiewe maniere gekyk word in hierdie hoofstuk.

Die voorafgaande dui daarop dat jeugbediening in 'n wêreld van postmodernisme verskeie uitdagings het. Populêre kultuur speel 'n baie groot rol in die lewens van tieners soos reeds ook bevestig in die vorige hoofstukke. Wanneer jeugbediening tienermeisies met depressie wil help, is dit van belang dat hierdie uitdagings in ag geneem moet word. Hierdie tienermeisies se kultuur moet in ag geneem word. Soos reeds genoem is die tienermeisies in NGK Waterkloof in 'n verbruikers-kultuur vasgevang. Hulle lewe in 'n Eerstewêreldomgewing binne-in 'n Derdewêreldland. Hulle is baie gefokus op die eie ek, op die individu en die geluk wat hulle verdien.

Tydens 'n belydenisklasles in Junie 2017 het die tieners dit duidelik gemaak dat as hulle hard werk vir hulle geld, dan is dit hulle s'n (Howell 2015-2017). Hulle wou weet hoekom hulle dit dan moet deel met ander of minderbevoorregtes. Dit dui op hulle individualistiese ingesteldheid en verbruikersmentaliteit. Dit is belangrik dat sulke kwessies aangespreek moet word, dat depressiewe meisies binne hierdie kultuur Christus sal ontdek wat hulle innig liefhet en meer vir hulle sal beteken as die verbruikersmark. Soos White (2007:189) tereg gesê het, tieners, in hierdie geval

depressiewe tienermeisies, sal 'n narratief moet skep wat meer beteken as die storie van populariteit en individualisme binne die kultuur van postmodernisme. Die volgende gedeelte sal kyk na 'n feministiese inslag in jeugbediening en Praktiese Teologie wat van waarde kan wees vir hierdie uitdagings.

4.3 'n FEMINISTIESE AANSLAG TOT VERSKEIE VROULIKE STEREOTIPES DEUR ERVARINGS EN LEWENSTORIES TE DEEL

4.3.1 Tienermeisies se selfbeeld

Die vorige hoofstukke het daarop gewys dat tienermeisies meer geneig is om aan depressie te ly as tienerseuns (Kesler et al, 1993; Nolen-Hoeksema, Larson, en Grayson 1999; Weissman et al. 1984; Pillay en Sargent 2003; Hesketh en Ding 2005). Tienermeisies word onderdruk in die sin dat die globale wêreld baie verwagtinge skep van hoeveel jy moet weeg, wat jy moet aantrek en wie jy moet ken (vgl. Mueller 2006: 96). Die media skep 'n prentjie van hoe meisies moet lyk en optree en dwing hulle om volgens 'n sekere standaard te leef (Mueller 2006:34). Wanneer hulle nie hierdie mylpaal kan behaal nie, plaas dit hulle onder geweldige stres (Mueller 2006: 101). Stres kan lei tot depressiewe episodes. Tienermeisies moet vrygemaak kan word van die waanbeelde waarmee hulle gekonfronteer word, want dit onderdruk hulle menswees, wie hulle werklik is, hoe die samelewing hulle sien en wie hulle graag wil wees.

Tienermeisies beeld hulleself uit op 'n spesifieke manier, nie noodwendig omdat hulle wil nie of omdat hulle werklik so is nie. Die druk van die samelewing waarin die tienermeisies van NGK Waterkloof grootword, skryf voor hoe hulle moet optree en lyk. Tienermeisies in NGK Waterkloof moet van jongs af presteer om raakgesien te word in die samelewing. Akademies moet hulle sterk wees, hulle moet goed wees in 'n sportsoort of 'n musiekinstrument bespeel en dit tel baie as hulle uit 'n gesiene familie kom. Die ander alternatief om raakgesien te word, is dat die tienermeisies moet rebelleer teen die sisteem wat verskeie verwagtinge van hulle het. Die meisies wat nie voldoen aan hierdie standaarde nie, wil ook graag raakgesien word en waardeer word, maar hulle bereik nie die standaarde wat die samelewing van hulle verwag nie en kry dus nie erkenning as mense in eie reg nie. Dit is verstaanbaar dat hulle depressief raak, want hulle behoort nêrens nie en voel minderwaardig omdat hulle nie volgens die verwagting van die samelewing presteer nie. Hulle voel of hulle niks in die lewe

bereik het nie, het baie van die tienermeisies al gesê op Sondagaande by die jeugdiens.

Kinders wat gebore is tussen 1995 en 2012 word groot met slimfone. Hulle het 'n *Instagram*profiel nog voor hulle met hoërskool begin en onthou nie 'n tyd voor die Internet bestaan het nie. Die patroon is veral gewild onder tienermeisies, sê (Twenge 2017). In 2015 het 48% meer meisies gesê hulle voel uitgelaat as in 2010. Tienermeisies gebruik sosiale media meer gereeld as seuns. Dit gee vir die meisies nog meer geleentheid om uitgesluit te voel wanneer hulle sien dat hulle vriende uitgaan sonder hulle (ibid.). Sosiale media het 'n sielkundige effek op tieners ook wanneer hulle boodskappe en foto's plaas op sosiale netwerke. Tieners wag in spanning om te sien hoeveel mense van hulle boodskap of foto hou en wie almal kommentaar lewer (ibid).

Depressiewe simptome onder tienermeisies het 50% toegeneem vanaf 2012 tot 2015 (Twenge 2017). Selfdood onder meisies het ook drasties toegeneem. Een van die redes vir die styging in depressiewe simptome en selfdood is dat meisies meer uitgelewer is daaraan om geboelie te word oor die kuberruimte. Meisies boelie mekaar deur hulle persoonlikhede aan te val en mekaar minderwaardig te laat voel. Sosiale media skep 'n platform vir meisies om gemeen te wees met mekaar en minderwaardig te voel oor hulleself (ibid.). Dit is daarom dat jeugbediening saam met feministiese teologie kreatiewe maniere moet vind om hierdie depressiewe meisies ook waardevol te laat voel binne hulle geloofsgemeenskap.

4.3.2 Verlossing vir depressiewe meisies

Tienermeisies wat depressief is as gevolg van populêre jeugkultuur word onderdruk omdat hierdie kultuur eise stel waaraan hulle moet voldoen. Wanneer onderdrukking voorkom, moet daar gekyk word hoe reg en verlossing kan geskied. Geregtigheid is integraal deel van die Christelike tradisie. Dit vertel hoe Jesus en sy volgelinge sonder 'n plek was in 'n wêreld vol ongeregtigheid en ellende. Jesus gebruik die woord *geregtigheid* of *regverdigheid* om oor die wil en natuur van God te praat. Die vroeë Christene het deur hulle geloof regverdig en geregtig geleef en is "mense van die Weg genoem" (Mornyen Neumaier-Dargyay 1995:225). Feministiese bevrydingsteologie en -etiek is deel van hierdie geloofs- en geregtigheidstradisie. Daar word van 'n diskoers van geregtigheid gebruik as die krag van onderlinge verband en om vir

mekaar op te tree (ibid.: 225). Krag hou verband met geregtigheid en word positief geïdentifiseer met konsepte soos fisiese energie, bemagtiging, uithouvermoë, kreatiewe werk, om seksuele ervarings te geniet, 'n konneksie met die natuur te hê en om 'n betekenisvolle lewe te skep uit die chaos (ed. Mornyen Neumaier-Dargyay 1995:225).

Denise Ackermann (1992:52) se feministiese teologie van praxis sluit aan by bogenoemde en is gemoeid met verlossing waar geregtigheid en goeie verhoudings van groot belang is. Dit is ook gemoeid met verlossende daade van liefde en bevryding wat alle mense en die hele skepping toelaat om te floreer (*flourish*) (ibid.). Jeugbediening kan 'n ruimte te skep waar depressiewe meisies hulle positiewe kragte kan ontdek en waar almal vrylik kan wees wie hulle wil wees en verlossing vind van die onderdrukking van populêre jeugkultuur (ibid.).

Die uitdaging is om gebrokenheid en onderdrukking van die tienermeisies met depressie in verband te bring met geslag, seksuele identiteit, ras, etnisiteit, geloof en klas (Mornyen Neumaier-Dargyay 1995:226). Tienermeisies moet bewus gemaak word van die strukture binne die samelewing wat 'n groot invloed het op hulle lewens. Hulle moet vanuit 'n ander perspektief kyk na die invloed van populêre jeugkultuur op hulle eie lewe en gemoed en vanuit daardie nuwe sienswyse 'n groter storie en identiteit in Christus vind. Spesifiek vir tienermeisies beteken dit om geregtigheid na te jaag deurdat jy die subjek van jou eie lewe word binne die gemeenskap waar onderdrukking plaasvind as gevolg van populêre jeugkultuur (Mornyen Neumaier-Dargyay 1995:226). 'n Feministiese teologiese aanslag bevestig die ervaring van 'n stryd na bevryding as die basis vir hulle teologiese opvattinge.

White (2007:29-24) en Mueller (2006:34-91) wys daarop dat moderne populêre jeugkultuur sekere verwagtinge skep van hoe 'n tienermeisie moet lyk en aantrek en hoe die wêreld hulle moet sien. Hulle het ook gesê dat tieners veral gedruk word om te presteer op alle vlakke van hulle lewe. Hierdie elemente onderdruk tienermeisies om ten volle te kan wees wie hulle wil, want die samelewing sê vir jou hoe jy moet wees, wat jy moet aantrek, hoe jy moet lyk en wat jy alles moet kan doen. Dit is veral waar in die gemeente NGK Waterkloof waar tienermeisies toegang het tot al die nuutste populêre kultuur. Ackermann (2014) en Legg (in Mornyen Neumaier-Dargyay 1995) se bevrydingsteologie, wat later bespreek sal word, binne die raamwerk van

jeugbediening kan van hulp wees vir tienermeisies wat aan depressie ly as gevolg van die druk wat op hulle geplaas word. Daar sal meer hieroor uitgebrei word in 4.5.

4.4 'n GOEIE GODSBEELD AS HULP VIR DEPRESSIE

Om ervarings van God te deel in 'n veilige gemeenskap is ook van belang omdat Godsbeelde 'n groot invloed op 'n mens se geloof het. Daar bestaan 'n spanning tussen taal en mens se Godsbeelde. Realiteit word konstrueer deur taal. Die verskillende linguistiese onderskeidings wat jou familie in jou jeug gebruik, gaan voort om verskillende ervarings uit te maak wat altyd 'n rol gaan speel in hoe jy dinge gaan sien en ervaar. Die linguistiese tiperings en institusies van die familie waarbinne mens gebore word, legitimeer die reïfikasie van ons verskillende wêreldsienings (Berger en Luckmann 1966:37-39). Die verstaan van taal is essensieel vir enige verstaan van realiteit van die daaglikse lewe (Freedman en Combes 1996:28). Die manier hoe meisies met depressie God sien en ervaar byvoorbeeld as wraaksugtige God, of 'n liefdevolle God, kan hoop gee of 'n stryd wees waarmee hulle worstel (Mornyen Neumaier-Dargyay 1995:227).

In menige gevalle vind Counted (2016:1-18) dat tieners geluk en vrede vind by God na 'n traumatiese gebeurtenis. Hy noem ook 'n geval van 'n tienerdogter wat aan depressie gely het as gevolg van haar pa wat die gesin verlaat het en met haar ma se niggie 'n verhouding aangeknoop het. Met die hulp van haar kerk kon sy nader aan God groei en Hom ervaar as 'n vaderfiguur in haar lewe. Hierdie verhoudingservaring met God, het haar versterk en 'n groot las van haar skouers gelig (Counted 2016:19).

Counted (2016:19) se kandidate maak meestal gebruik van geloofstaal en Godkonsepte om hulle verhouding met God te beskryf. Hulle ervaar God as 'n veilige hawe en 'n vaste fondasie waarheen hulle kan gaan wanneer hulle hulleself in moeilike situasies bevind. Die geloofstaal wat kandidate gebruik stel hulle in staat om hulleself uit te druk oor God. Dit is 'n manier waarop hulle met God kan kommunikeer en by God aanklank kan vind. Hulle verstaan van God en God magtigheid help hulle om ontslae te raak van hulle innerlike konflik en skuldgevoelens. Die tieners se Godkonsepte is 'n aspek van metaforiese teologie (Louw 2000:49). Metaforiese teologie verstaan die proses om God op sekere maniere te beskryf tydens

eksistensiële krisis in mens se lewe (Counted 2016:20). Hierdie metafore moet so beskryf word vir tienermeisies dat God in 'n positiewe lig gesien word.

4.4.1 Godsbeelde en metaforiese teologie

In Louw (2000:49) se gesprek oor metaforiese teologie verduidelik hy die verhouding met Godsbeelde teenoor metaforiese teologie. Hy gebruik vier konsepte uit die Bybel wat God uitbeeld as 'n gehegheidsfiguur tydens angs en krisis. Hierdie Godkonsepte dra die betekenis van God se deernis, hulp en troos oor ook in terme van sy betrokkenheid in ons menslike ervarings. Louw (2000:50) noem die volgende konsepte: Herder, slaaf, wysheid en parakleet. 'n Herder word voorgestel in die Bybel as iemand wat omgee en sorg vir sy skape. Om God as 'n herder voor te stel in ons verhouding met Hom gee die idee van iemand wat omgee, voorsien en rigting gee in terme van sy getrouheid en genade. Die mense van die Ou Testament het veilig in hulle verhouding met God gevoel in terme van die 'herderlike sorg' wat Hy gee (Louw 2000:50).

God as dienaar of slaaf is nog 'n konsep wat gebruik word om met God te assosieer in terme van mens se emosionele verhouding met Hom. Dit onthul God se identifikasie met ons ervarings op 'n baie spesifieke manier. Christus bring hierdie konsep na vore in sy lyding aan die kruis wanneer Hy ander se plek van lyding inneem as 'n "slaaf van God se verlossende werk" in verhouding tot ons vroeë verwerping, sonde, verlies en siekte (Louw 2000:52). Die implikasie van die slaaf konsep in ons verhouding met God is dat dit die idee van opoffering en identifikasie met mense wat ly en in nood is oordra (ibid.). Die konsep van God as slaaf en dienaar in ons verhouding met Hom wys daarop dat ons identifisering en kommunikasie met Christus se lyding tot genesing en herstel lei.

Die wysheidsmodel is 'n insiggewende manier om mens se ervaring van God aan te spreek deur na hierdie ervarings te kyk vanuit 'n ongewone en nuwe hoek (ibid.). Wanneer daar by jeuggeleenthede in NGK Waterkloof ruimtes geskep word om ervarings te deel, kan tienermeisies met mekaar deel hoe hulle die ander een se ervaring sien en verstaan en dit bring nuwe betekenis aan die ervaring. Wanneer depressiewe tienermeisies 'n pastorale pad loop met 'n predikant of mentor, kan sy haar ervarings deel en daarop reflekteer. Die pastor kan die tienermeisie lei om 'n ander kant van haar depressie ervaring raak te sien.

Die parakleet verwys na Christus as vertrooster. Vir tienermeisies met depressie kan dit waardevol wees. Depressiewe tienermeisies word geleer dat Christus by hulle is in goeie tye, maar ook in swaar tye wanneer hulle nie meer hoop het nie. Christus hou hulle vas, ondersteun hulle en help hulle. Die Heilige Gees ontmoet hulle net daar waar hulle hulleself bevind in hulle lewe.

Greenway, Milne en Clarke (2010) het in hulle artikel: *Personality variables, self-esteem and depression and an individual's perception of God*, bevind dat die manier hoe vrouens God sien, meestal beïnvloed word deur hulle beskouing van hulself – of hulle van hulle self as mens hou ten opsigte van voorkoms, persoonlikheid en liggaamsbou. 'n Positiewe beeld van jouself soos om tevrede te wees met jouself ten opsigte van voorkoms en persoonlikheid en om van jouself te hou as mens oor die algemeen hang saam met die idee dat God vir die mens omgee (Greenway et al. 2010:55). God word hier in 'n goeie lig gesien.

4.4.2 Persoonlike aanvaarding en Godsbeelde onder die vroulike geslag

Negatiewe eienskappe soos depressie en die gevoel dat mens nie bekwaam is op verskeie vlakke in die samelewing nie, gaan gepaard met 'n negatiewe beeld van God. Wanneer vrouens hulle eie vermoëns betwyfel en sleg voel oor wie hulle is as persoon, dan sien hulle God as 'n God wat straf en nie omgee vir sy mense nie. God word hier in 'n negatiewe beeld gesien. Selfbeeld en eie vermoë het 'n groot effek op hoe vrouens God sien (Greenway et al. 2010:55).

Wanneer vrouens tevrede was met wie hulle is ten opsigte van hulle liggame en voorkoms, het hulle God gesien as iemand wat omgee en deel is van hulle lewens. Vir hulle om deur God geliefd te voel, moes hulle hulleself as geliefd sien wat meer dikwels gebeur as hulle hulleself aanvaar en hou van wie hulle is. Die praktiese implikasie van hierdie bevinding is dat mens se selfaanvaarding geneig is om tot 'n positiewe verhouding met God te lei (ibid.). Greenway et al. (2010) se artikel verduidelik dat die beeld wat mens van God het kan bepaal hoe jy na jouself kyk en oor jouself voel. Hulle het bevind dat vrouens wat 'n negatiewe beeld van God het depressiewe gevoelens kan ervaar en vrouens wat 'n positiewe beeld van God het vertrou het in hulle menswees (Greenway et al. 2010:55-56).

Vir hierdie studie is dit waardevol juis omdat 'n negatiewe beeld van God depressiewe gevoelens kan veroorsaak onder tienermeisies. Dit is dus van belang dat daar binne jeugbediening gefokus word op die beeld van God wat depressiewe meisies het en om God aan hulle te verkondig as Liefdevolle Verlosser wat die mens liefhet ten spyte van wie of wat jy is. Selfs as jy depressief is, bly God steeds lief vir jou en vertrou 'n mens. Om 'n negatiewe beeld in 'n positiewe beeld van God te verander kan meisies meer selfvertroue en selfaanvaarding. Om God te leer ken as Iemand wat omgee en altyd daar is, is bemoedigend omdat jy weet dat jy nooit alleen is nie ten spyte van depressiewe gevoelens en dat God omgee en help. Jeugbediening kan depressiewe tienermeisies se Godsbeeld verander of vernuwe deur Louw (2000:50) se konsepte *herder*, *slaaf*, *wysheid* en *parakleet* te gebruik en God aan die hand hiervan te verduidelik.

4.5 'n FEMINISTIESE TEOLOGIE VAN PRAXIS

Hierdie studie gebruik Ackermann se teologie van praxis as die hooflens vir feministiese teologie wat met jeugbediening inkorporeer word. Ackermann se teologie is waardevol vir hierdie studie, want sy verstaan iets van die konteks van bevoorregte vrouens in Suid-Afrika (Landman 2000:235), wat depressiewe meisies in Waterkloof inderdaad is. Ackermann se teologie word vanuit 'n Suid Afrikaanse oogpunt geskryf, dit is haar onmiddellike omgewing en beïnvloed haar skryfwerk. Meeste van die navorsing wat gedoen is in hierdie studie is gebaseer op internasionale bronne. Daarom is dit waardevol dat die praktiese deel van die studie gebruik kan maak van 'n Suid-Afrikaner. Dit maak die studie meer relevant tot die konteks van NGK Waterkloof.

Ackermann (1996:35) se feministiese teologie van praxis is praktiese teologie wat 'n teologiese, operasionele, kommunikatiewe wetenskap is waar refleksie op teorie en praktyk sentraal staan. Teologie verbind kennis met aksie. 'n Feministiese perspektief fokus op patrone van menslike onderdrukking in die gemeenskap. 'n Feministiese teologie van praxis is krities en toegewyd in die begeerte om betrokke te raak by die eise van bevryding en genesing (Ackermann 1996:43). Dit is gefokus op teologiese ervaringsleer oor kwessies wat ontwikkel in ervaring (ibid.:48). Die ervarings van mense wat onderdruk is, is 'n sentrale kategorie binne feministiese teologie van praxis.

Dit begin met 'n ontleding wat die ervaring van vrouens en gemarginaliseerde mense in ag neem (ibid.:65).

Volgens Ackermann (1996:33) kyk teologie na menslike lyding en bevryding en daarom moet almal wat ly en onderdruk word, gehelp word om hulle menslikheid ten volle te ontwikkel en dit sluit vrouens in. Volgens Ackermann (1985:38) is daar belangrike verbande tussen feministiese teologie en praktiese teologie, met bevryding as die kernpunt vir beide feministiese en praktiese teologie. Feministiese bevrydingsteologie is in wese praktiese teologie, wat fokus op aksie en refleksie in 'n wederkerige verhouding (ibid.:24).

Feministiese teologie van praxis soek na 'n politiese verstaan van waarheid en teorie en erken die taak om die verhouding tussen God en die mensdom te verduidelik as intrinsieke en praktiese aksie (Ackermann 1996:42). Dit is so omdat feministiese teologie volgens Ackermann gegrond is op twee behoeftes: die behoefte van vroue om te reflekteer oor menslike verhoudings en vrouens se verhouding met God. Vir Ackermann gaan feministiese teologie oor die bevryding van onderdrukte en om 'n nuwe visie vir hulle te skep (Ackermann 1997:63).

Om die take van feministiese teologie van praxis te beskryf maak Ackermann (1996:43-48) gebruik van beelde soos kartering, herkartering en oefeninge in teologiese kartografie. Haar kaart van feministiese teologie van praxis maak gebruik van ses merkers wat belangrik is. Die merkers is: 1. Kritiek en toewyding; 2. Konstruktiewe betrokkenheid en samewerking; 3. Aanspreeklikheid; 4. Stryd en hoop; 5. Die verbetering van die skepping; en 6. Stories en ervarings. Hierdie ses merkers kan in verskillende kontekste gebruik word en aangepas word by die konteks (1996:49). Ackermann (1985:36) is van mening dat die belangrikste bydrae wat feministiese teologie kan maak, is die bevryding van alle mense om almal die geleentheid te bied om as volle mens te ontwikkel. Haar feministiese teologie van praxis kyk ook na die kommunikatiewe, kritiese- en ervaringsdimensies wat op hulle beurt formatiewe, transformerende en performatiewe rolle speel in die vorming van die Christelike doktrine en Christelike gelowiges (Ackermann 1988:19-24).

4.6 FEMINISTIESE TEOLOGIE EN ERVARING AS HULPBRON VIR DEPRESSIE BINNE 'N GEMEENSKAP VAN GELOWIGES

4.6.1 Ervaring en die vertel van stories

Marilyn J. Legge, professor in Christelike etiek fokus in haar artikel *Multidialogical Spiralling for Healing and Justice* wat voorkom in die boek *Gender Genre and Religion: Feminist Reflections* (in Mornyen Neumaier-Dargyay 1995:225) op genesing en geregtigheid. Die basis van haar konsepte van genesing en geregtigheid, is om stories van lyding en blydschap te deel. Ervaring is 'n primêre bron vir feministiese teologie en etiek (ibid.). Legge se navorsing gaan oor Christelike sosiale etiek en die manier hoe gemeenskappe moreel en teologies omgaan met geregtigheid, liefde, sorg en verantwoordelikheid (Emmanuel College, o.d). Vir Ackermann (2009:272) gaan feministiese teologie oor die teenwoordigheid van liefde, om vry te kan lewe. Feministiese teologie het vir haar te make met seën omdat dit te doen het met die transformiewe krag van verlossing. Om waarlik vol en vry te leef en die oorvloedige lewe aan te gryp en dit is 'n seëning van liefhê en om geliefd te wees (Ackermann 2014:42).

Ackermann (1985:34), net soos Legge (1995:225), vind dat ervaring binne feministiese teologie belangrik is. Ackermann (ibid.) stel daar is twee uiteenlopende modelle van ervaring wat feministiese teologie vorm. Die eerste model is 'n feministiese of bevrydingservaring vir vrouens en tweede is die tradisionele ervaring vir vrouens. Die fokus op ervaring is van groot belang, maar dit het ook sy beperkings omdat persoonlike ervarings gevorm word binne ideologieë van die samelewing waarin mens groot word (ibid.:34). Ervarings van individue is divers, teenstrydig en kontekstueel (Ackermann 1996:48) en kan daarom nie as die enigste vorm van inligting gebruik word nie. Die diversiteit van 'n klomp vrouens se ervarings moet bymekaar geplaas word. Dit sal lei tot die vorming van nuwe teologiese perspektiewe.

'n Teologiese aanslag om stories te vertel is van belang vir bevryding en transformasie omdat teologie beskik oor die dinge wat verhoudings koester en moontlikhede vir genesing skep (ibid.). Stories beskryf identiteit, noem die bese en maak sin van die ervaring (Ackermann: 2001:18-19). Lewenstories moet gedeel word en oor nagedink word, want hierdie stories het die potensiaal om transformasie mee te bring van dié wat onderdruk word en dit wat hulle onderdruk (Ackermann 1996:48). Om ten volle te

genees en te herstel en 'n sekere vorm vryheid te bereik moet individue in staat wees om die persoonlike onderdrukking te verstaan wat op hulle 'n invloed het (Mornyen Neumaier-Dargyay 1995:227). Depressiewe tienermeisies moet dit verstaan in terme van die strukture van geslag en populêre jeugkultuur wat bydra tot die sosiale konteks waarin hulle leef en die interpersoonlike patrone van ervaring. Dit word gebruik as 'n fondasie van bewusmaking om die self en die gemeenskap te genees van die onderdrukking (ibid.):

Indeed it is only when hearing and telling stories begins as 'a process of openness, vulnerability and mutual engagement that alienations of class, race and gender can be challenged (Ackermann 1996:48).

Legge (1995:227) meen dat volle genesing van onderdrukte vrouens nie kan plaasvind indien hulle nie binne 'n gemeenskap hulle ervarings kan deel nie. Volgens Legge (ibid.) is dit belangrik om deel te wees van 'n gemeenskap waar vrouens hulle ervarings kan deel en bespreek hoe om dit te verander. Dit vorm 'n gesonde konneksie, want vrouens word in staat gestel om deur hierdie gemeenskap hulle eie sosiale bestaan te bepaal en vrygemaak te word van onderdrukking.

4.6.2 Bevryding van onderdrukte tienermeisies in NGK Waterkloof

Legge ontwikkel drie metodes vir die bevryding van onderdrukte deur Christelike etiek en feministiese teologie (Emmanuel College, o.d). Legge (1995:232) se metodes is as volg:

- 1. Wie is ons?:** 'n Refleksie op ervaring as die relasionele self in spesifieke kontekste.
- 2. Om die lewe te kies:** Sosiale analise.
- 3. Gemeenskap bou:** Genesing en solidariteit.

Legge se metodes kan as volg toegepas word op depressiewe tienermeisies:

- 1. Wie is ons?:** Legge (1995:232), plaas die klem op die belangrikheid van ervaring. Dit gaan oor wat ervaar word binne mens se spesifieke konteks, taal en sosiale omgewing. Hierdie aspekte bepaal wie jy is. Taal vertel hoe om die wêreld te sien en wat om daarin te sien. Elke keer wanneer daar gepraat word,

word 'n realiteit na vore gebring en elke keer wanneer daar woorde gedeel word, gee dit legitimiteit aan die onderskeidings wat die verskillende woorde voortbring (Freedman en Combes 1996:29). Ackermann (1997:65) se feministiese teologie van praxis sluit aan by Legg se metode van: 'Wie is ons?' en plaas die klem op ervarings en die uitwerking van die omgewing op onderdrukte vrouens se ervarings. Tienermeisies in NGK Waterkloof se sosiale omgewing is 'n gegoede buurt. Hulle konteks is prestasiegedrewe en die invloed van populêre jeugkultuur is sterk teenwoordig.

2. **Om die lewe te kies:** Wanneer daar oor ervarings gereflekteer word, word identiteit gevorm (Morny en Neumaier-Dargyay 1995:229-232). Ervaring speel beide 'n formatiewe en transformerende rol in die vorming van Christelike gelowiges en die Christelike doktrine (Ackermann 1985:35). Ackermann (ibid.) sluit weereens by Legge aan en fokus op die kontekstuele ervarings van vrouens en worstel teologies met die effek wat die samelewing en omgewing op die lewe van onderdrukte vrouens het. Depressiewe tienermeisies moet in staat gestel word om bevry te word van onderdrukking wat hulle ervaar as gevolg van populêre jeugkultuur. Legge (ibid.) sê onderdrukte moet geleer word dat almal na die beeld van God geskape is en dit deur sy beeld is waarvolgens 'n mens jou identiteit moet vorm. God het almal lief, Jesus vereenselwig Homself juis met die onderdrukte. In 'n mens se assosiasie met Christus moet jy daar wegbreek van dit in jou gemeenskap wat jou onderdruk en weet dat Jesus mens bevry het daarvan. Depressiewe tienermeisies moet in staat gestel word om te kan kies om bo hulle omstandighede uit te styg en 'n pelgrimstog met God stap.
3. **Gemeenskap bou:** Legge (1995:232) se derde en laaste metode ten opsigte van bevryding van onderdrukking fokus op gemeenskap bou. Individue wat onderdruk word, moet binne 'n veilige ruimte 'n gemeenskap kan word waar ervarings binne hulle spesifieke konteks en sosiale omgewing gedeel word. Hierdie dialogiese element fokus daarop om gemeenskappe te bou wat gevorm word deur gemeenskaplike verbintenis tot menslike genesing. Sonder gemeenskap is daar nie vryheid nie. Egte gemeenskap beteken dat 'n mens leer om jou verskille in pluspunte te verander, veral vrouens wat buite die

gemeenskap se idee van 'normaal' bestaan. Binne 'n gemeenskap is mens verantwoordelik vir jou eie lewe binne 'n web van verskillende verhoudings wat verskillende bronne van mag insluit (ibid.). Hierdie bronne is beskikbaar in die besondere karakter van die mens se lewe en die manier wat 'n mens streef na geregtigheid en balans binne jouself, die mense om jou en God (ibid.). Ackermann se feministiese teologiese praxis werk ook hier goed saam met Legge se metodes. 'n Feministiese bevrydingsaanslag streef na bevryding en genesing wat lei tot verlossing volgens Ackermann (1992:14). Verlossing het te doen met transformasie. Transformasie het te doen met hoop en worstel. Verlossing het vir Ackermann (1996:45) meestal te doen met bevryding en daarom met kwesbaarheid. Daar is nie moontlikheid vir verandering sonder om kwesbaar en uitgelewer te wees nie (ibid.). Verlossing het ook vir Ackermann (ibid.) te doen met genade. Genade kan nie verdien word nie; jy kan niks doen om dit te ontvang nie. Verlossing is 'n storie van genade, van die mens se storie met God. Ons is geskep deur God en vir God en mekaar. Genade is beide 'n geskenk en 'n openbaring van wie die mens is. Die Here se genade stel die mens in staat om deur Christus 'n verhouding van genesende liefde te hê met God (2014:37-41). Genade verklaar God se liefde vir die mens. Wanneer genade en verlossing moontlik gemaak word deur onderdrukte te bevry, verkry onderdrukte 'n oorvloedige lewe, hierdie bevryding word *flourishing* genoem (Ackermann 1989:54). Dit beteken om vol en vry te kan lewe in verhouding met God en ander. Verlossing en genade vorm, transformeer en voer die seëning uit om vol en vry te kan lewe (ibid.). Om te *flourish* beteken om te floreer of gedy, om geseënd te wees en 'n seën vir ander te wees (1997:67).

Legge (1995:235) se metodes vir die bevryding van onderdrukte en Ackermann (1996:45) se feministiese teologie van praxis leer deur verskille tussen mense binne hulle gemeenskap hoe mens is, wie mens is en hoe mens wil wees. Die mikpunt is om verder te gaan as die vrees vir verandering, verder as die verdra van onderdrukking en verder as die vrees dat mense ontstel of teleurstel sal word sodat alle mense dieselfde hoeveelheid mag deel. Mense vind hulle weg na God deur geregtig op te tree, want dit bring mens direk in verhouding met God, die mense om jou, jouself en die natuur.

Ackermann (2009:272 en 1996:45) se feministiese teologie van praxis en Legg (Morny en Neumaier-Dargyay 1995:1995:225-235) lê klem op die bevryding van onderdrukte. Laasgenoemde beweer dat stories van onderdrukking belangrik is om te vertel, maar dit is ook belangrik dat dit gedeel word binne 'n gemeenskap waar verskeie stories gedeel en gehoor kan word. Daar moet 'n veilige ruimte geskep word waar stories gedeel kan word en bevryding en genesing plaas kan vind. Ackermann (1989:54) is bekend vir haar term *flourishing*. Die woord verwys na die bevryding van onderdrukte deur die deel van hulle stories binne 'n gemeenskap en die ervaring van God se verlossing en genade wanneer stories gedeel word. Ackerman (2002:18) sê dat “die mens nie kan oorleef sonder die narratief van identiteit nie. Om stories te vertel is intrinsiek om mens se identiteit te verklaar en in hierdie proses vind mens hoop.”

4.7 POTENSIËLE TRANSFORMASIE

4.7.1 Christen reaksies op depressie

Daar is verskeie maniere waarop Christene reageer op depressie. In ekstreme gevalle word mense met depressie gesien as mense wat ‘nie gered’ is nie of mense wat gestraf word as gevolg van 'n sekere sonde wat hulle gepleeg het. Hierdie uitkyk op depressie kan vernietigende gevolge en ervarings van transformasie en versoening miskyk (Scrutton 2015:99).

'n Ander ekstreme, teenoorgestelde uitkyk op depressie is dat dit dui op 'n nabye verhouding met God. Dit word gestaaf deur verskeie godsdiensgebaseerde verduidelikings en word bo mediese en sosiale verduidelikings geplaas. Die positiewe effek van laasgenoemde siening is dat mense met depressie kan sin maak van en betekenis vind in hulle ervarings en so kan versoening en transformasie ook plaasvind. Die gevaar aan die ander kant is dat mense lyding romantiseer en idealiseer. Laasgenoemde benadering is onsensitief omdat lyding vergelyk word met nabyheid by God. Dit kan ook herstel verhinder omdat die persoon nie gemotiveer word om beter te word nie, want die lyding bring hulle nader aan God (ibid.).

'n Derde reaksie dra kenmerke van die tweede reaksie, maar is inherent anders. Die derde siening plaas klem op potensiële transformasie verwant aan die idee van die gewonde geneser (Scrutton 2015:99). Dit kan 'n betekenisvolle benadering wees tot depressie aangesien dit geestelike nood sien as 'n simptome van 'n dieper spirituele

en psigologiese onvervuldheid en ontevredenheid. Dit gebruik depressiewe episodes as 'n geleentheid vir spirituele groei (Scrutton 2015:100). Dit verduidelik episodes van geestelike nood as 'n manier van transformasie in die sin dat die persoon se deernis en sensitiwiteit teenoor ander sal toeneem. Laasgenoemde reaksie op mense met geestelike nood kan voorkom asof dit net fokus op probleemoplossing en nie ook op genesing nie.

4.7.2 Henri Nouwen se teologie van die hart

Henri Nouwen (2009:80), bekende teoloog en spirituele denker, het 'n teologie van die hart ontwikkel. Die klem van sy teologie is op die relasionele. Hy skryf oor die kontemporêre verlange na betekenis, behoort en intimiteit en integreer dit met bediening en sosiale geregtigheid. Hy gebruik drie kerntemas, naamlik eensaamheid, gemeenskap en deernis, om mense te help om 'n nuwe siening te vorm van 'n spirituele lewe. Nouwen (2009:80) beweer:

I believe you can look at solitude, community and ministry as three disciplines by which we create space for God. If we create space in which God can act and speak, something surprising will happen. You and I are called to these disciplines if we want to be disciples.-

Nouwen (2008:81-82) ontwikkel 'n Christologiese teologie wat praat van die Messias wat geken word deur die feit dat hy by die armes sit wat oortrek is met wonde. Hy gaan verder en sê dat die ander hulle wonde almal gelyk oopmaak en dan weer toemaak, maar Jesus maak die wonde een vir een oop en maak hulle dan weer toe, en sê vir Homself: "Miskien sal iemand my nodig hê, en wanneer hulle het, moet ek dadelik beskikbaar wees, daar moenie 'n oponthoud wees nie" (ibid.). In Christelike terme dink hy dat Jesus hierdie storie 'n nuwe betekenis en volheid gegee het deur sy eie gebroke liggaam te gebruik om genesing en bevryding en nuwe lewe te bewerkstellig (ibid.). Soos Jesus word die geneser geroep om nie net vir sy eie wonde en ander se wonde te sorg nie, maar om sy eie wonde te gebruik as 'n bron van genesende krag. Nouwen (2008:82) was beïnvloed deur Jüng se siening dat slegs die gewonde dokter kan genees (Jüng 1995:134). Vir Nouwen het dit beteken dat gewondenheid unieke insigte aan die geneesheer openbaar en sy empatie vir ander versterk (Nouwen 2008:88).

Beide teologie en sielkunde was 'n bron van ontwikkeling vir Nouwen se sienings, maar dit was sy eie ervarings waardeur hy die meeste geleer het. Hy was sy hele lewe alleen en het ook aan depressie gely. Dit het aan hom die motivering en insig gegee om sy teorieë te ontwikkel (Ford 1999:72). Een van Nouwen se vriende, Jean Vanier, sê in sy biografie dat Aristoteles gesê het: "As jy nie geliefd is nie, dan soek jy bewondering" (ibid.:152), en dit kon jy raaksien in Nouwen se lewe omdat hy nie geliefd gevoel het nie, het hy gesmag na bewondering (Ford 1999:152).

Nouwen (2009a) skryf oor die manier hoe hy kies om sy ineenstorting te onthou en die waarde en betekenis daarvan vir sy lewe en die potensiaal wat dit gehad het vir transformasie van sy lyding:

As you conclude this period of spiritual renewal, you are faced once again with a choice. You can choose to remember this time as a failed attempt to be completely reborn, or you can also choose to remember it as the precious time when God began new things in you that need to be brought to completion. Your future depends on how you decide to remember your past (p. 96).

Jare later reflekteer Nouwen (2009a:97-98) oor sy joernaal wat hy tydens sy ineenstorting gehou het:

Reading [thejournal]. ...now, eight years later, makes me aware of the radical changes I have undergone. I have moved through anguish to freedom, through depression to peace, through despair to hope. It certainly was a time of purification for me. My heart, ever questioning my goodness, value, and worth, has become anchored in a deeper love and thus less dependent on the praise and blame of those around me. It also has grown into a greater ability to give love without always expecting love in return. . . What once seemed such a curse has become a blessing. All the agony that threatened to destroy my life now seems like the fertile ground for greater trust, stronger hope, and deeper love.

Nouwen (in Ford 1999:73) het van 'n jong ouderdom geweet dat hy homoseksueel is. As gevolg van die eed wat hy as Katolieke priester afgelê het kon hy nie in enige liefdesverhouding tree nie. Die alleenheid wat hy beleef het asook die stryd om sy seksualiteit, beide invloede van sy sosiale omgewing en konteks, te regverdig het 'n groot bydra tot sy depressie gehad. Hy besluit om sy depressie as 'n positiewe

ervaring in sy lewe te sien waartydens Hy nader aan God gegroei het en sy liefde ten diepste ervaar het (Ford 1999:73). Die teologie wat Nouwen ontwikkel het as gevolg van sy depressie kan van hulp wees vir tienermeisies wat ook aan depressie ly.

Lourens Schlebusch (2005 n.d.) identifiseer risikofaktore onder adolessente soos selfdood, trauma, seksuele misbruik, gemoedsversteurings, interpersoonlike en verhoudingsprobleme, aggressie en stres, alles simptome van depressie. Om hierdie erfenis te oorwin, sê Dreyer (2016:644), word sekere vaardighede benodig. Dit is die mikpunt van pastorale sorg om mense te help om hulle wêreld te vergroot en anders te verbeel, verby die beperkings van hulle onmiddellike omgewing. Vanuit 'n sosiale konstruktiewe perspektief behels die narratiewe model van pastorale berading om te luister na die storie en saam met die een wat berading ontvang 'n alternatiewe storie te konstrueer, 'n toekomsverhaal van hoop. 'n Ander manier wat narratief gebruik kan word om 'n beter verstaan van sosiale en persoonlike probleme te verkry, is om literatuur as 'n terapeutiese tegniek te gebruik (ibid). Dit word gedoen in biblioterapie en poësie-terapie (Booyzen 2015). Die literêre materiaal stimuleer kommunikasie en bring 'n meer hoopvolle en positiewe taal na vore vir herinneringe en ervarings (Edwards en Simpson 1986:113).

Meisies met depressie moet begelei word om te beseft dat daar iets goeds uit hulle depressie kan kom. Daarby moet 'n mens ook baie versigtig wees dat depressie nie verromantiseer word nie en dit gesien word as die enigste manier om God te ontdek nie. As pastor kan mens jou eie lewenservaring ook deel om meisies te laat beseft hulle is nie alleen nie, al is jou ervaring nie noodwendig depressie nie, maar iets waarby hulle aanklank kan vind. Sodra meisies met depressie beseft hulle is nie alleen nie en dat pastors en ander mense ook swaarkry beleef, kan dit 'n mate van verligting bring. Die pastor moet depressiewe meisies laat beseft dat almal een of ander tyd in hulle lewe swaarkry beleef en dat hulle nie hulle swaarkry moet sien as 'n verleentheid en iets wat net met hulle gebeur nie, maar kan beseft dat hulle iets goeds daarin kan ontdek.

4.7.3 Scrutton se transformasie van die teologie van die hart

Scrutton (2015:105) maak gebruik van Nouwen se teologiese komponente om 'n potensieel transformerende siening te ontwikkel as hulp vir depressielyers. Scrutton (2015: 107) bevraagteken sommige van Nouwen se reaksies op depressie. Vir haar

bestaan die bekommernis dat wanneer ons lyding sien as iets waaruit 'n mens iets moet leer, kan 'n mens maklik onsensitief raak vir sekere situasies. Om sin te maak van depressie moet nie 'n onsensitiewe proses wees nie, 'n ruimte moet geskep word waar depressiewes gemaklik en veilig voel en regtig kan sê wat hulle op die hart het en weet dat dit as ernstig opgeneem word.

Sy meen ook dat mense wat ly nie teoretiese reaksies op die 'bose' wil hê nie. Vanuit 'n potensiële transformerende siening kan teorie tog van hulp wees veral as die een wat ly na sulke antwoorde verlang. Dit kan ook hulle lyding verminder deur die hoop dat die lyding wat hulle ervaar getransformeer kan word en dat hulle iets positiefs uit die ervaring kan put (ibid.). Scrutton (2015:105) reageer eerstens op Nouwen se 'Wounded Healer' konsep. Volgens Scrutton bring dit die moontlikheid mee dat mense hulleself as spiritueel beter en magtiger sien omdat hulle al lyding ervaar het. Dit is manipulerend en onrealisties, want dit ignoreer die feit dat elke mens al een of ander vorm van lyding ervaar het (ibid.:106). Vanuit 'n potensiële transformerende oogpunt is dit eers as die wond aanvaar en verstaan word dat dit transformerend kan word, maar binne die raamwerk dat ander mense ook wonde het.

'n Potensieel transformerende siening is 'n waardevolle Christelike hulpmiddel as 'n reaksie tot menslike lyding oor die algemeen, maar spesifiek wat depressie betref. Nouwen se standpunte is waardevol want dit voorsien voorbehoude wat belangrike klem op potensiële transformasies plaas en dit het dit 'n meer genuanseerde teologiese en pastorale aanslag (Scrutton 2015:8).

Henry Nouwen (2008:80-88 en 2009:80-98) wat self 'n depressielyer asook homoseksueel was se ervarings kan 'n bydrae maak tot hierdie studie deur Scrutton (2015:200-2013) se interpretasie daarvan. Nouwen het gekies om sy ervarings van depressie te deel en is daardeur bevry en dit het aan hom vrede en hoop gebring. Die pad wat hy gestap het met depressie het hom ook nader aan die Here gebring. Hy glo dat die mens kan kies hoe hy sy depressie gaan hanteer: mens kan dit sien as 'n tyd van mislukking of as 'n geleentheid om saam met God te reis. Nouwen is van mening dat Jesus aan die wonde van die mens, ook depressie, nuwe betekenis en volheid gee deur sy gebroke liggaam wat bevryding en verlossing bring (Nouwen 2008:81-88). Die klem word weereens op ervaring geplaas en hoe ervarings saam met God genade en verlossing kan meebring.

4.8 DIE BYBEL GELEES VANUIT 'N FEMINISTIESE OOGPUNT AS HULPMIDDEL VIR TIENERMEISIES MET DEPRESSIE

4.8.1 'n Feministiese en Afrika-hermeneutiese lees van Bybeltekste

Exum (1990:45) sê dat 'n feministiese lees nie 'n "neutrale" en "objektiewe" lees is nie. Dit gaan oor die spesifieke belang wat die leser het wanneer die teks gelees word. 'n Mens se belangstelling is met ander woorde die oogpunt waaruit die teks gelees word en dit bepaal die vrae wat ontstaan vanuit die teks (ibid.). In haar artikel *Hearing Tamar's Voice: Contextual Readings of 2 Samuel 13:1-22* sê van der Walt (2012:195), dat 'n feministiese interpretasie –in haar geval Tamar se storie in 2 Samuel 13:1-22 – begin met 'n gesprek oor die konteks waarin die lesers van die teks hulleself bevind (ibid.). In die geval van hierdie studie word daar gefokus op tienermeisies met depressie wat in 'n hoëinkomsteomgewing bly en prestasie en sukses as belangrik beskou word. Dit gaan oor die impak wat 'n spesifieke teks en karakters in die teks op die hedendaagse lesers het (ibid.).

'n Feministiese lees van 2 Samuel 13:1-22 poog om 'n stem te gee aan Tamar, die een wat onderdruk is. Wanneer daar 'n veilige ruimte geskep word vir vroue om hulle ervaring en emosie rondom die teks te deel, kry onderdrukte 'n nuwe stem. Dit is ook geldig in die geval van tienermeisies met depressie. Wanneer hulle hulle emosies kan deel en hulle ernstig opgeneem word, kry hulle 'n nuwe stem (Van der Walt 2012:195). Tienermeisies met depressie word onderdruk as gevolg van die impak van populêre jeugkultuur in hulle samelewing. 'n Teks soos 2 Samuel 13:1-22 kan gebruik word wanneer 'n gemeenskap van meisies wat depressief is byeenkom. Die tieners se konteks moet in ag geneem word en dan moet die impak van die teks en karakters op tieners ontleed word. Wat sê hierdie teks vir depressiewe tienermeisies? Watter emosies ontlok dit by hulle? Waar sien hulle vir God raak in die teks? Wat beteken die teks vir hulle eie lewe? Tienermeisies kan assosieer met Tamar: sy was vasgevang in 'n sosiale konteks waar vrouens onderdruk was en as objekte behandel is. Depressiewe tienermeisies is ook vasgevang in 'n sosiale konteks waaruit hulle nie kan ontsnap nie.

Tamar se storie in 2 Samuel 13:1-22 vanuit Van der Walt se feministiese en Afrika-hermeneutiese blik as bemoediging, is relevant vir hierdie studie. Tienermeisies met depressie kan vanuit die invalshoek van die teks solidariteit met Tamar se storie

beleef. Alhoewel hierdie studie nie fokus op verkragting van tienermeisies nie kan tienermeisies steeds met Tamar se storie assosieer vanuit 'n feministiese en Afrika hermeneutiese oogpunt. Tienermeisies met depressie kan aanklank vind met Tamar omdat dit ook 'n jong vrou is wat swaarkry en donkerte en pyn in haar lewe beleef. Feministiese en Afrika-interpretasie van 'n teks begin by die oogpunt van die leser. Die omstandighede van die leser is die beginpunt vir interpretasie teen die grein van die teks wat dit moontlik maak vir verhale soos die van Tamar s'n vir mens se stem om gehoor te word (van der Walt 2010:201).

“Although the story of Tamar is temporally and culturally removed from modern readers/hearers by two thousand years and a series of cultural changes, it also remains the story of many women today.” (Van der Walt 2012:183).

Die feministiese en Afrika-hermeneutiese lees van die teks plaas 'n ander blik op 'n geleesde teks (van der Walt 2012:185&186). Feminisme en Afrika-hermeneutiek skep 'n ruimte vir die teks om saam met verskillende gespreksgenote gelees te word (ibid). In teorie bied Afrika-hermeneutiek 'n gemeenskaplike ruimte waar elkeen se stem gehoor word (ibid), maak nie saak van watter geslag of ras jy is nie. Afrika-hermeneutiek skep ook 'n spasie vir tienermeisies wat aan depressie ly om hulle ervarings te deel sonder om te voel dat hulle nie ernstig opgeneem word nie. Afrika-hermeneutiek verwelkom almal om in 'n gasvrye ruimte hulle ervarings te deel (Van der Walt 2012:188).

4.8.2 Die belangrikheid van ervaring in jeugbediening

Legg (1995:229-232) se metodes vir die bevryding van onderdrukte, Van der Walt (2012:195) se feministiese en Afrika-hermeneutiese lees van 2 Samuel 13:1-22 en Ackermann (1985: 35; 1997:65) se feministiese teologie van praxis lê klem daarop dat dit belangrik is om ervarings te deel en om die ervarings te sien binne die gemeenskap waarin jy leef. Die jeugbediening kan 'n veilige ruimte skep vir tienermeisies met depressie om hulle ervarings te kan deel. Omgeegroep vir meisies kan geskep word waar meisies mekaar leer ken en vertrou om sodoende ook hulle ervarings met mekaar te kan deel. Wanneer ervarings gedeel word binne die groep kan daar 'n gemeenskaplike faktor gevind word en die meisies kan met mekaar assosieer en mekaar se situasies verstaan, want hulle het iets in gemeen, naamlik depressie. Meisies kan ook by mekaar se ervarings aanklank vind en leer uit die verskillende

ervarings. Dit is egter belangrik dat die ruimte waarin die meisies hulle ervarings deel veilig moet wees. Hulle moet weet hulle kan mekaar vertrou. Dit moet 'n goeie ervaring wees wat vryheid gee.

Van der Walt (2012:195), gebruik die Bybeltekste as begeleiding vir onderdrukte om hulle 'n nuwe stem te gee. In jeugbediening is dit juis 'n belangrike bron wat gebruik kan word vir meisies met depressie wat kan assosieer met vroulike Bybelse karakters en besef dat swaarkry nie uniek is aan die hede nie, maar dat dit nog altyd daar was. Die NG Kerk glo dat Godgeopenbaar het deur die Skrif en natuur (Heidelbergse Kategismus), daarom dra die Bybel groot gesag binne die NG-denominasie. Denise Ackerman sê in haar boek *Tamar's Cry* (2002:18): “dat die antieke taal van lyding 'n ryding bied om rou emosies uit te druk van 'n situasie soos die verhaal van Tamar in 2 Samuel 13:1-22. Die taal van lyding bied geleentheid aan die liggaam van Christus om te sê: ‘Ons ly, ons staan in solidariteit met almal wat swaar kry, ons ly terwyl ons glo dat daar hoop is vir almal in die goeie nuus.’” Wanneer meisies met depressie agterkom dat selfs in die boeke waarin God openbaar word mense swaar kry, kan dit hulle bevry van denke dat hulle alleen swaarkry.

4.9 PASTORALE LEIDING VIR TIENERMEISIES WAT LY AAN DEPRESSIE

Die oorgang van kind wees na volwassenheid is volgens die praktiese teoloog, Yolanda Dreyer, nie 'n maklike fase nie (Dreyer 2016:643). Een van die uitdagings en bekommernisse van pastorale sorg is dat adolessente in 'n komplekse wêreld van postmodernisme hierdie oorgang moet hanteer. Adolessente kan ook na verwys word as opkomende volwassenes (Dreyer 2016:634). Dreyer (ibid.) dink dat opkomende volwassenes in die konteks van postapartheid Suid-Afrika verdere kompleksiteite in die gesig staar. Hulle moet die gewone uitdagings van die huidige fase van hulle lewe hanteer, soos identiteitsontwikkeling, groepsdruk, loopbaankeuses, komplekse emosies en sielkundige, sosiale en fisiese veranderinge (Meehan et al. 2007: 557).

4.9.1 Ervaring deur stories in die pastoraat

Dreyer se artikel, *Reframing Youth: A Narrative and the Dream of a South African Idol*, (Dreyer 2016) bring die oorlewingstorie in verband met narratiewe teorieë om sodoende die genesingspotensiaal van die narratief te ontbloot. 'n Narratief kan 'n impak op lesers hê wat baie verder gaan as die aanvanklike lees daarvan. Dit kan 'n

wêreld buite mens se eie konteks oopmaak en maak verkillende oriëntasies moontlik (Stiver 2001: 105–117, Ricoeur (1981:171), noem dit die “world-disclosive characteristic” van die narratief. ’n Storie kan bydra tot die ontwikkeling van betekenis in ander situasies. ’n Storie is altyd oop vir herinterpretasie en kan ’n breë impak en betekenis hê. Hoewel Dreyer se artikel spesifiek net oor een storie handel, kan die metodes wat sy volg steeds waardevol wees ten opsigte van tienermeisies wat depressief is.

Vir Ricoeur (1984: 52-87; 1985: 157-179), is die lewe ’n storie wat geskryf is in ’n spesifieke temporele, kulturele en sosiale konteks. Lewenstories word telkemale hersien soos wat nuwe ervarings deel word van die storie. Wanneer mense se stories bymekaar kom in kommunikasie vind ’n “fusion of horizons” plaas. Die twee stelle vooroordele, kulture en tradisies van die outeur en die leser, ontmoet en smelt saam in die gekompliseerde hermeneutiese proses van verstaan. Mense kan nie interpretasie beheer nie, maar ‘word geïnterpreteer’ deur wat hulle ervaar en ontmoet en probeer om te verstaan vanuit daardie oogpunt. Ricoeur noem dit die “hermeneutical arc” (ibid.). Die proses bestaan uit drie bewegings: Vooruitskouing (*prefiguration*), konfigurasie (*configuration*), en refigurasie (*refiguration*). In die fase van **vooruitskouing** vra lesers die vrae, om vooraf kennis in te win of praktiese te verstaan, vrae soos “wat?” “hoekom?” “hoe?” “met wie?”, en “teen wie?” ten opsigte van die storie. **Konfigurasie** is die fase waar die gebeure gestruktureer word om ’n storie te vorm. Die motivering vir die aksies en gedrag van die karakters word duideliker soos wat die storie ontvou. In die fase van **refigurasie** kom die wêreld van die teks en die wêreld van die leser by mekaar. Die boodskap van die teks word by die leser se eie werklikheid en situasie geïnkorporeer. Die betekenis van die storie gaan verder as die storie self. Dit is die dieper bedoeling van die teks. Refigurasie is die proses van die bereidheid om ’n nuwe verstaan te vorm van die wêreld. Vanuit ’n pastorale oogpunt noem Donald Capps (1990 n.d.) die derde dimensie herrangskikking (*reframing*) en daarin lê die transformatiewe genesing en bemagtigingpotensiaal van die storie.

4.9.2 Die narratief as transformerende potensiaal

Hermeneutiek is die teoretiese refleksie op kommunikasie en om betekenisvol te wees moet dit verstaan word (Dreyer 2016:645). Om te verstaan moet daar ’n bemiddeling

tussen die wêreld van die storie wees en die wêreld van die interpreteerder (Ricoeur 1982:78). Dit is nodig as gevolg van die kontraste en verskille van die twee wêreldes. Verskille bring denke na vore. Sonder verskille en kontraste kan daar nie 'n selfbewuste ervaring wees nie. As gevolg van die verskil moet die teks binne die konteks van die leser geplaas word. Die teks bevry mense van die grense en beperkings van hulle eie wêreld en skep nuwe moontlikhede om 'te wees' in die wêreld (Ricoeur 1991:149). Hulle word verlos van onderdrukking. Wanneer die leser met die wêreld van die teks werk, word die wêreld se teks ervaar en hierdie ervaring lei tot beter selfbegrip. Hierdie ervarings bring verandering mee. Menslike aksies het ook sisteme van betekenis wat geanaliseer moet word om te kan verstaan.

Dreyer se werk maak gebruik van hermeneutiese metodes om tot 'n verstaan te kom van die betekenis van 'n teks wat die lewe en wêreld uitbeeld van 'n jong Suid-Afrikaanse *Idols*-deelnemer om die krag van wêrelduitbeelding se narratief te ontdek en 'n bydrae te maak tot pastorale sorg as 'n breër lewensondersteunende taak, eerder as pastorale berading wat 'n probleemoplossingstaak is (Dreyer 2016:645). Haar primêre fokus is op opkomende volwassenes wat kan identifiseer met die storie van 'n eweknie. Die betekenis van die narratief het transformatiewe potensiaal. Om die moontlike wêrelduitbeeldings te verstaan is die genre en die metaforiese inhoud van die teks belangrik (Ricoeur 1977). 'n Outobiografie maak byvoorbeeld dat 'n mens betrokke is by die teks en dit is waar die moontlikhede ontdek word. Metaforiese taal openbaar ooreenkomste en verskille, die 'dit is' en 'dit is nie'. 'n Metafoor kan 'n model verskaf om die lewe asook menslike aksie te verstaan. Dit help om sin te maak van die teks. Wanneer die bekendheid van 'n teks ondersoek word, is die pastorale fokus op wat die metaforiese inhoud openbaar van 'n persoon se selfbewustheid. Selfbewustheid het godsdiensbetekenis en is daarom 'n sleutelaspek in pastorale sorg, wat onder andere mik om by te dra tot 'n groeiende selfbewustheid (Dreyer 2016:646).

'n Kernmetafoor is 'n simbool wat tyd en ruimte transendeer. 'n Kernmetafoor bevat die hele omvang van die eksistensiële betekenis. 'n Kernmetafoor in een persoon se storie kan ander inspireer om eksistensiële betekenis in hulle eie lewe, kontekste en tyd te verkry, soos ook gesien in Daniel Louw se artikel oor Godsbeelde (Louw 2002). 'n Kernmetafoor lok ander metafore en dit is hoekom dit die kernelement van die narratief word. In die hermeneutiese proses is die fokus op die leser eerder as op die

outeur. Wanneer die leser die betekenis van die teks verstaan kan 'n heroriëntasie in die lewe van die leser plaasvind. Dit kan 'n verandering van hart wees, 'n nuwe perspektief of verandering in waardes, verpligtinge, doelwitte en oortuigings. Verandering is die bewyse dat mense nie net die teks interpreteer nie, maar ook deur die teks geïnterpreteer word (Dreyer 2016:646).

4.9.3 Erkenning van die paradoks

Om 'n konsep anders as die gewone uit te druk beteken om die konseptuele en/of die emosionele uiteen te sit of die oogpunt tot die ervaring van die situasie en plek in 'n ander raam te plaas. Die 'feite' van dieselfde konkrete situasie is net so goed of selfs beter gepas en verander die hele betekenis van die ervaring en situasie. As die persoon verander, maar die sisteem bly dieselfde is dit 'n eersteorde verandering. Met 'n tweedeorde verandering verander alles, insluitend die sisteem. Sulke verandering is gewoonlik nie logies nie, maar paradoksaal en 'n paradoks is baie maal moeilik om te aanvaar (Watzlawick et al. 1974:10-12). Makliker maniere om probleme te hanteer, is ontkenning, blaamverskuiwing, om 'n maklike oplossing te kry, utopisme, of om te glo dat jy "die waarheid" beet het en om ander te probeer oortuig om met daardie waarheid saam te stem. Die skynbare maklike hanteringsmeganismes is nie effektief nie, want dit reflekteer nie die kompleksiteit van die regte lewensituasie nie. Eers wanneer mens bereid is om die paradoks te erken kan die deur vir tweedeorde verandering oopgemaak word.

Die narratief kan leidrade vir die oopmaak van die dieper betekenis van die spesifieke storie verskaf. 'n Narratiewe diskoers behels 'n verskeidenheid van storielyne. Een is dominant en die ander is ondergeskik. Die verskillende storielyne is in mekaar gevleg. In 'n lewensverhaal is die knoop van die storielyne gekompliseerd. Selfs 'n enkele storielyn kan gekompliseerd wees wanneer klein narratiewe van gewone mense vervleg is met die meesternarratiewe van die samelewing, kultuur en geloof (Dreyer 2016:647). Mense se lewens word beïnvloed en in sommige gevalle selfs bepaal deur hierdie meesternarratiewe. Die geskiedenis van 'n groep kan 'n meesternarratief word. Slegs wanneer meesternarratiewe blootgelê word, kan individuele stories verstaan word (Dreyer 2016:648).

Dreyer(2016) se werk help mens in die sin dat daar na die meesternarratief gekyk moet word. Hoekom ly meer tienermeisies as seuns aan depressie? Wat is die

verskillende faktore wat depressie veroorsaak? Wanneer die agtergrond van depressie onder adolessente meisies ondersoek en verstaan word, dan kan mens met meisies se individuele stories begin werk omdat mens reeds 'n goeie agtergrond het van die algehele invloed van depressie op tienermeisies. Hierdie navorsing oor depressie is dus belangrik wanneer mens 'n pad wil stap met dogters in die gemeente en hulle wil help met hulle depressie.

4.10 SLOT

In hierdie hoofstuk is dit duidelik dat om ervarings asook stories van die konteks waarin mens hulself in bevind, te deel, bevryding kan bring vir mens se gees en gemoed (Legg 1995:229-232). Die manier hoe mens God sien, speel ook 'n rol in hoe mense hulself sien. 'n Goeie beeld van God, beteken 'n goeie beeld van die self en 'n slegte beeld van God kan lei tot 'n slegte beeld van die self (Greenway et al. 2010:55). Verder wys Nouwen se teologie gepaardgaande met Scrutton se insette dat transformasie moontlik is vir mense wat ly aan depressie (Scrutton 2015:8). In Dreyer (2016) se opinie kan individuele pastorale sessies ook waardevol wees vir tienermeisies met depressie. Dit sluit aan by White (2017) wat noem dat tieners 'n wyer visie moet kry as hulle storie van onderdrukking deur populêre jeugkultuur. 'n Nuwe storie moet ontwikkel word wat 'n nuwe lewe van bevryding moontlik maak. In hierdie hoofstuk word dit duidelik dat daar stappe is wat geneem kan word binne die konteks van die kerk om tienermeisies wat aan depressie ly te help om dit te hanteer, te probeer verstaan en sin daarvan te maak sodat dit hoop kan bring.

HOOFSTUK 5

GEVOLGTREKKING EN VOORSTELLE

5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal daar nagedink word oor die studie wat gedoen is op 'n praktiese teologiese ondersoek na populêre jeugkultuur en depressie onder tienermeisies. Hierdie studie is binne die struktuur van Richard Osmer se boek, *Practical Theology: An Introduction* (2008), geskryf. Osmer (2008) se boek help om 'n indiepte-studie te maak van die navorsingsvraag en dit dan vanuit 'n praktiese teologiese oogpunt te interpreteer (Smith 2014). Daar sal gekyk word na die verskillende bevindinge wat uit die studie vloei. Hierdie hoofstuk sal ook kyk na hoe vorige navorsing verband hou met die spesifieke studie wat gedoen is. Die implikasies vir jeugbediening wat die studie na vore gebring het sal volledig bespreek word. Aan die einde van die studie sal daar aanbevelings gemaak word vir verdere studie op die tema van 'n praktiese teologiese kyk na depressiewe tienermeisies en die invloed van kontemporêre jeugkultuur.

5.2 HERSIENING VAN DIE STUDIE EN BEVINDINGE

Hoofstuk een het die vraag gevra: Wat is aan die gebeur? Die waarneming is gemaak dat baie tienermeisies in NGK Waterkloof aan depressie ly of depressiewe simptome toon. Depressie as 'n geestesgesondheidsprobleem is gedefinieer as 'n algemene geestesversteuring met die volgende eienskappe: hartseer, verlies aan belangstelling en vreugde, skuldgevoelens, lae selfbeeld, versteurde slaap- en apityspatrone, gevoel van moegheid en swak konsentrasie. Dit kan langdurig of herhalend wees en so 'n persoon se vermoë om ten volle te kan funksioneer by die werk of by die skool benadeel en hom of haar verhoed om die daaglikse lewe te hanteer. Op sy ergste kan depressie lei tot selfdood. Ligte depressie kan sonder medisyne behandel word. Depressie ontwikkel gewoonlik op 'n jong ouderdom. Gewoonlik affekteer dit meer vrouens as mans. (WHO 2016).

Vir die doelwitte van hierdie studie is daar op twee vorme van depressie gefokus wat baie eenders is, naamlik herhalende depressiewe episodes en MDD (*Major*

Depressive Disorder). Geloofsontwikkeling van tieners in die NG Kerk is bespreek en die belangrikheid dat dit die konteks, taal en kultuur in ag moet neem waarin tieners groot word. Verder is depressie onder tienermeisies ondersoek. Die studie het bevind dat tienermeisies meer as tienerseuns geneig is om aan depressie te lei. Die invloed van postmodernisme op die sosiale samelewing van tienermeisies is ondersoek. Verder is daar gekyk na hoe die studie saamgestel sou word. Hoofstuk een het bevind dat daar geldigheid in die navorsingsprobleem is naamlik.: dat kontemporêre jeugkultuur 'n invloed het op tienermeisies met depressie.

Hoofstuk twee het steeds die vraag ondersoek Wat is aan die gebeur? (Osmer 2008:83). Kontemporêre kultuur en die invloed wat dit het op tieners se identiteitsvorming is breedvoerig bespreek (Helfenbein 2010: 239-248; Kjeldgaard en Askegaard 2006:233-234&245). Daar is bevind dat jeugkultuur 'n groot impak het op die lewe van tieners (Mueller 2006: 27&28). Huidige tieners word na verwys as die *millennial* generasie. In hierdie studie is daar nie verwys na generasie Z nie omdat *millennials* na Generasie Y- en Z kan verwys en omdat die tydperke waarin hierdie twee generasie val dikwels oorvleuel en daarom word die woord *millennial* gebruik sodat beide generasies in ag geneem kan word.

Hoofstuk twee gaan dan verder en vra Osmer (2008) se tweede vraag: Hoekom is dit aan die gebeur? Die karaktereenskappe van *millennials* is bespreek omdat dit bydra tot die identiteitsvorming van depressiewe tienermeisies in NGK Waterkloof (Mueller 2006: 89-108). Die impak van populêre jeugkultuur op die uiterlike voorkoms van meisies is bespreek. Kontemporêre jeugkultuur adverteer 'n sekere beeld van hoe meisies moet lyk en as meisies nie so lyk nie, dan voel hulle depressief. Hierdie hoofstuk het gepoog om die navorsingsteorie te bevestig deur redes te gee dat tienermeisies depressief kan raak as gevolg van kontemporêre jeugkultuur Daar is bevind dat dit wel 'n invloed het op depressie by tienermeisies.

Hoofstuk drie het gekyk hoe daar gereageer kan word op tienermeisies met depressie in NGK Waterkloof (Osmer 2008:133). Die konsepte *spiritualiteit*, *godsdienst* en *geloof* is ondersoek. Daar is gekyk na die negatiewe en positiewe invloed van hierdie konsepte op depressiewe tienermeisies. Teologie is in verband gebring met die vakdissiplines van Sielkunde en Psigiatrie om te kyk na depressie onder tienermeisies. Spiritualiteit, geloof en godsdienst is binne die sfeer van jeugbediening geplaas om die

waarde te ondersoek wat dit vir depressiewe tienermeisies kan hê en daar is gevind dat dit positiewe waarde het.

